

Hoofstuk 1

Inleiding

Ten spyte van die feit dat die MIV/Vigs-epidemie in Afrika laat eers na Suid-Afrika uitgekring het, tel die impak van die siekte op dié land onder die mees verwoestende in die wêreld. Dorrington, Bradshaw, Budlender en Bourne (2002) is van mening dat Suid-Afrika nog nooit 'n epidemie van hierdie omvang ervaar het nie.

Dorrington *et al.* (2002) en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) (2002) het twee afsonderlike studies geloods wat verskeie resultate ten opsigte van die voorkoms van MIV/Vigs in Suid-Afrika opgelewer het. Uit die studies blyk dit dat 4.2 tot 6 miljoen Suid-Afrikaners (ongeveer 11,4% van die totale Suid-Afrikaanse bevolking) reeds MIV-positief is. Die studie het ook getoon dat 15,6% van MIV-positiewe persone binne die ouderdomsgroep 15-49 jaar val. Verder het die studies getoon dat MIV/Vigs die meeste by swart Suid-Afrikaners (18,4%) voorkom, terwyl 6,2% mense uit die blanke en 6,6% uit die bruin bevolking met MIV/Vigs leef. Uit die Indiërbevolking is 1,6% MIV-positief. Bogenoemde persentasies is vir MIV-positiewe mense binne die ouderdomsgroep 15-49 jaar uitgewerk.

In sy artikel *The influence of photographs on the effects of a fear appeal brochure in South Africa*, noem Gommers (2004:7) dat bogenoemde syfers aandui dat MIV/Vigs-opvoedingsprogramme uiters belangrik is om die verspreiding van die virus te vertraag. Ongelukkig is daar volgens Gommers (2004) slegs beperkte inligting beskikbaar om te bepaal watter effek opvoedingsprogramme tot dusver gehad het. Tot redelik onlangs is daar geen besondere wetenskaplike navorsing gedoen om die effektiwiteit van voorligtingsdokumente te meet nie. Dít het daartoe gelei dat navorsers en studente aan drie Suid-Afrikaanse universiteite (UNISA, Pretoria en Stellenbosch) en drie Nederlandse universiteite (Nijmegen, Tilburg en Twente) 'n gesamentlike poging aangewend het om die effektiwiteit van voorligtingsdokumente ten opsigte van MIV/Vigs te toets en te verbeter. Hierdie poging staan as die EPIDASA-projek bekend. (Die akroniem staan vir **E**ffectiveness of **P**ublic **I**nformation **D**ocuments on **A**ids in **S**outh **A**frica.)

Dié vierjaarlanse projek (2003-2006) is gemotiveer deur die skynbare gebrek in daardie stadium aan enige poging tot 'n wetenskaplike, sistematiese en omvattende studie oor die impak van huidige voorkomingsprogramme op die epidemie in Suid-Afrika. Die gebrek aan hulpbronne wat die meeste regerings- en nie-regeringsinstansies in Suid-Afrika ervaar, het dit relevant en noodsaaklik gemaak om in 'n projek te belê wat die effektiwiteit van MIV/Vigs-voorligtingsdokumente bestudeer. Soos reeds genoem is die oorhoofse doel van die projek die verbetering van die effektiwiteit van MIV/Vigs-inligtingsdokumente vir Suid-Afrikaanse teikengroepe, en om hierdie doel te bereik is daar hoofsaaklik twee navorsingsvrae geformuleer:

- Watter keuses met betrekking tot inhoud, struktuur, styl, aanbieding en uitleg sal die effektiwiteit van MIV/Vigs-inligtings- en -opvoedingsdokumente vir die kultureel en demografies diverse teikengroepe in Suid-Afrika verbeter?
- Watter evalueringstegnieke sal die effektiwiteit van MIV/Vigs-voorligtingsdokumente vir die kultureel en demografies diverse teikengroepe in Suid-Afrika verbeter?

Die EPIDASA-projek is in vyf subprojekte verdeel; hierdie studie vorm deel van die derde subprojek. In die volgende afdeling word daar in meer besonderhede na die betrokke subprojek gekyk.

Hierdie hoofstuk skenk verder aandag aan die posisionering en regverdiging van die ondersoek (par. 1.1), die probleemstelling (par. 1.2) en 'n oorsig van die studie (hoofstukke 2-6).

1.1 Posisionering en regverdiging van die ondersoek

Soos reeds genoem is die EPIDASA-projek in vyf subprojekte verdeel wat elkeen op 'n ander aspek van MIV/Vigs-gerigte voorligtingsdokumente en media fokus. Die derde subprojek fokus op die rol van portuurgroepe en persona as oortuigingsmeganisme om die publiek tot veilige-seksbeoefening te maan. MIV/Vigs-boodskappe is meestal op jong, seksueel-aktiewe mense gemik, en daar is dus

verskeie aspekte wat die geloofwaardigheid en oorredingskrag van dokumente vir hierdie teikengroep beïnvloed. Die skrywer moet byvoorbeeld verseker dat die manier hoe hy homself¹ voorstel en sy leser aanspreek geloofwaardig is. Die doel van hierdie subprojek is om vas te stel watter karaktereienskappe van beide die skrywers- en die leserspersona die meeste geloofwaardigheid en oortuigingskrag vir die verskillende teikengroepe van MIV/Vigs-voorligtingsdokumente het.

Na aanleiding van die ondersoek van Claartje ter Hoeven (2002), 'n Nederlandse student aan die Universiteit van Twente, oor die skrywers- en lesersrolle in werwende tekste, het die navorser besluit om 'n spesifieke onderdeel van hierdie subprojek te ondersoek, en wel op die leserspersona in Afrikaanse MIV/Vigs-dokumente te fokus. Die studie is deur die skaarsheid van Afrikaanse tekste bemoeilik, en die resultate moet dus teen die agtergrond van hierdie beperking verstaan word.

Vir die doel van die studie is vyf MIV/Vigs-tekste gebruik, naamlik:

- MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling
- *HIV & jou mond* (sic)
- *Om liefde te deel*
- *Slimkoptiener*
- *Vigs in ons gemeenskap*



Hierdie tekste (ingesluit in bylae A) word meer uitvoerig in hoofstuk 3 bespreek. Weens die aard van die tekste is daar besluit om met die Universiteit Stellenbosch se studente as proefpersone te werk: Die meerderheid van die tekste is op jong lesers gerig, terwyl die res op geen spesifieke teikengroep gemik is nie. Die bevindinge in hierdie studie het dus slegs op studente en jongmense betrekking.

1.2 Probleemstelling

Hierdie studie ondersoek die volgende probleemstelling:

¹Hoewel slegs die manlike vorm in gevalle soos dié gebruik word, word albei geslagte daarmee bedoel. Om verwarring te voorkom en die skryfproses te vergemaklik, word slegs die manlike vorm deurgaans gebruik.

Probleemstelling:

Dra die gebruik van 'n aantreklike leserspersona noodwendig tot die geloofwaardigheid en oorredingskrag van Afrikaanse MIV/Vigs-dokumente by, en indien wel, in welke mate?

Uit die bogenoemde probleemstelling word die volgende hipotese vir die studie afgelei:

Hipotese:

Daar is 'n positiewe korrelasie tussen die gebruik van 'n aantreklike leserspersona en die geloofwaardigheid en oorredingskrag van MIV/Vigs-dokumente.

Daar volg ook twee besondere probleemvrae uit die probleemstelling en hipotese (wat veral in hoofstuk 3 en 5 bespreek word):

1. Watter leserspersonas word in Afrikaanse voorligtingsdokumente gebruik?
2. Hoe ervaar lesers die leserspersona in Afrikaanse MIV/Vigs-tekste?

Die eerste ondersoekvraag is geregverdig omdat die effektiwiteit van die gebruik van die leserspersona bloot bepaal kan word nadat daar vasgestel is watter leserspersonas skrywers al in bestaande voorligtingstekste gebruik het. Wanneer skrywers skryf, het hulle wel 'n idee van wie hulle lesers is, en hulle probeer dan daarvolgens skryf. Die vraag wat hier beantwoord moet word is watter leserspersona skrywers geneig is om te gebruik, en of sommige personas in sekere gevalle voorkeur geniet. Hierdie vraag word met behulp van 'n teksanalitiese ondersoek van die vyf MIV/Vigs-tekste beantwoord (sien hoofstuk 3).

Die volgende ondersoekvraag is eweneens belangrik, want die waardering van die leserspersona hou moontlik met tekswaardering verband. Verder is daar moontlik ook 'n direkte verband tussen die algemene tekswaardering, en die geloofwaardigheid en oorredingskrag van 'n teks. Met behulp van 'n empiriese, lesergerigte ondersoek word daar bepaal hoe lesers die leserspersona in die betrokke tekste waardeer (hoofstuk 5).

1.3 'n Oorsig van die studie

1.3.1 Literatuurstudie

In hoofstuk 2 word die teoretiese benaderings ten opsigte van die personafenomeen ondersoek, met die klem op die leserspersona in die teks. In hierdie hoofstuk word funksionele teksanalise as teoretiese en veral analitiese raamwerk beskryf, en word daar aangetoon watter relevansie dit vir die bestudering van die tekspersona het. Daarna word literatuur betreffende persona van naderby bekyk. Skrywers soos Cooper (1999), Coney en Steehouder (2000) bestee heelwat aandag aan die verskynsel persona – hoe dit in geskrewe kommunikasie voorkom en wat die doel daarvan is.

Die sosiaal-sielkundige metode van transaksionele analise sal ook in hoofstuk 2 behandel word. In haar skripsie “Auteurs- en lezersrollen in wervende teksten”, het Ter Hoeven (2002) transaksionele analise (TA) gebruik om die skrywers- en lezersrolle in bankbrosjures te bespreek. Sy was van mening dat die rolle in hierdie tekste by die drie ego-posisies van transaksionele analise inpas. Transaksionele analise is volgens Ter Hoeven (2002:10) 'n persoonlikheidsteorie waarin daar tussen die drie wyses waarop mense hulleself teenoor ander kan voorstel onderskei word: die Ouer, die Volwassene en die Kind. Hierdie drie wyses staan ook as ego-posisies bekend. Volgens verskeie skrywers wat in hoofstuk 2 genoem word, kan hierdie drie ego-posisies verder in subrolle of sub-ego-posisies verdeel word. Die Ouer sou byvoorbeeld in die Koesterende Ouer en die Kritiese Ouer verdeel kon word, terwyl die Kind weer in die Aangepaste Kind en Vrye Kind verdeel sou kon word. Hierdie verdeling word in meer besonderhede in die volgende hoofstuk bespreek. Die TA-teorie word in hierdie studie as die raamwerk gebruik waarbinne die verskillende personas in die betrokke MIV/Vigs-tekste beskryf en gedefinieer word.

In hoofstuk 4 word 'n TA-analise op sommige van die tekste uitgevoer om te illustreer hoe die verskillende personas vanuit die drie ego-posisies kommunikeer. Dit blyk dat die skrywer in die betrokke MIV/Vigs-dokumente meestal vanuit die Ouer-ego-

posisie kommunikeer, terwyl hy verwag dat sy leser vanuit die Kind-ego-posisie sal reageer, maar in gevalle waar die skrywer slegs inligting oordra sonder om die leser se gedrag te probeer beïnvloed, blyk dat beide die skrywer én die leser vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer. In haar tesis noem Ter Hoeven (2002:12) dat die skrywer se verwagting van sy leser om vanuit die Kind-ego-posisie te kommunikeer, nie noodwendig beteken dat dit wel so gebeur nie: Die leser kies dalk eerder om vanuit die Volwassene- of Ouer-ego-posisie te kommunikeer indien hy nie die aangewese lesersrol aantreklik genoeg vind om op te neem nie. Verder noem Ter Hoeven (2002) dat 'n teks die effektiwste is wanneer die leser die aangewese lesersrol wél aanvaar en vanuit dié rol reageer.

1.3.2 Teksanalitiese ondersoek van die tekste

In hoofstuk 3 word 'n funksionele teksanalise van al vyf gekose MIV/Vigs-tekste gedoen voordat die gebruik van die leserspersona ondersoek word. In hierdie hoofstuk word die ondersoekmetode bekend gestel, en word daar aangetoon op welke wyse die teksanalise die gebruik van of gebrek aan leserspersonas verklaar.

Betreffende die funksionele teksanalise, word daar na die tema, teikengroep, kommunikatiewe doelwitte en uiteindelijke algemene doelwitte van die betrokke tekste gekyk. Daarna word daar op die teenwoordige leserspersonas gekonsentreer om die verskillende tipes en die manier waarop skrywers daaraan gestalte gee te identifiseer.

1.3.3 Die toepassing van transaksionele analise

In hoofstuk 4 pas die navorser en twee dokumentontwerpkundiges transaksionele analise op die vyf MIV/Vigs-tekste toe. Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel van watter nut transaksionele analise vir die analise van die teenwoordige leserspersonas in die bogenoemde MIV/Vigs-tekste is. Dit is belangrik om die waarde van TA te bepaal aangesien dit in hierdie studie gebruik kan word om die leserspersonas of -rolle te definieer. Hoofstuk 4 poog dus om te bepaal vanuit watter ego-posisie(s) die skrywer verwag dat sy leser op die teks moet reageer. In die geval van die bankbrosjures wat Ter Hoeven (2002) bestudeer het, het sy genoem dat die

skrywer leserkommunikasie vanuit die kind-ego-posisie verwag het, en die vraag is dus of dit ook die geval is met die betrokke MIV/Vigs-tekste.

Elkeen van die drie analitici het afsonderlik met die vyf MIV/Vigs-tekste gewerk om te bepaal vanuit watter ego-posisie(s) beide die skrywer en die leser kommunikeer of reageer. Die resultate van hierdie deelstudie word verkry deur die drie stelle data met mekaar te vergelyk om enige ooreenkomste en/of verskille in data ten opsigte van die aangewese ego-posisies te identifiseer. Die resultate moet dus toon of die analitici dit eens is oor vanuit watter ego-posisie(s) die skrywer asook die leser in die betrokke tekste kommunikeer. Die aanname wat aan die begin van hoofstuk 4 gemaak word, is dat daar grootliks eenstemmigheid behoort te wees ten opsigte van die ego-posisies vir beide die skrywer en die leser, omdat dokumentontwerpkundiges die aangewese ego-posisies redelik maklik behoort te kan identifiseer. Die identifisering van die verskillende subrolle of sub-ego-posisies bly egter 'n groter uitdaging te wees, en in hierdie geval word daar verwag dat daar minder eenstemmigheid ten opsigte van die aangewese subrolle sal wees.

In die bespreking van die resultate word die gesamentlike data bestudeer, en word enkele gevolgtrekkings vanuit die beskikbare data oor die aangewese ego-posisie(s), veral vir die leser, gemaak. Uit die data blyk dit dat die analitici by sommige MIV/Vigs-tekste dit grootliks oor die aangewese ego-posisies en subrolle eens was, terwyl hulle oor ander tekste meer met mekaar verskil het. Al hierdie tekste word in meer besonderhede in hoofstuk 4 bespreek.


1.3.4 Empiriese ondersoek

Die doel van hoofstuk 5 is om lesers se herkenning en waardering van die leserspersona te bepaal en te toets. Naas die herkenning en waardering van die persona, is dit verder belangrik om te weet watter effek die waardering van die leserspersona op die algemene tekswaardering het. In die betrokke hoofstuk word daar dus verslag gedoen oor 'n empiriese studie wat uitgevoer is. Vir die doel van die empiriese ondersoek is drie tekste vanuit die MIV/Vigs-korpus in hierdie skripsie gekies. Die tekskeuse word in hoofstuk 5 gemotiveer.

Omdat drie verskillende MIV/Vigs-tekste ondersoek word, is 'n afsonderlike vraelys vir elkeen opgestel, maar is dieselfde formaat telkens behou. Voorts word daar 'n uiteensetting van die respondente gegee, en word die resultate wat die vraelysondersoek opgelewer het ten slotte bespreek.

1.3.5 Gevolgtrekkings en moontlike navorsingsonderwerpe

Die laaste hoofstuk bevat gevolgtrekkings uit die verskillende studies oor die leserspersona, voorstelle ter verfyning van hierdie studie, en enkele potensiele navorsingsonderwerpe vir verdere studie.




Hoofstuk 2

Teoretiese raamwerk

Hierdie ondersoek vind binne 'n funksioneel teksanalitiese raamwerk plaas, en moet dus binne daardie konteks beoordeel word. Dit beteken dat die MIV/Vigs-tekste wat in die ondersoek gebruik word, funksioneel geanaliseer moet word voordat enige verdere ondersoek plaasvind. Daarom word die belangrikheid van funksionele teksanalise as teoretiese model vir hierdie studie kortliks uiteengesit. Daarna word die begrip persona verduidelik, en binne 'n meer algemene retoriese raamwerk aangebied. In die laaste deel van die hoofstuk word 'n uiteensetting gegee van die sosiaal-sielkundige teorie van transaksionele analise, 'n teorie wat groter insig in die hantering van skrywers- en lesersrolle in Vigs-inligtingstekste kan bied.

2.1 Teksanalise



Funksionele teksanalise neem die volgende aspekte van teksanalise in ag: 'n Teks is 'n reeks taaluitinge wat 'n stuk dialoog tussen 'n skrywer en sy leser(s) verteenwoordig. Alhoewel die skrywer en sy leser(s) nie in mekaar se geselskap is nie, verteenwoordig 'n teks wel 'n dialoog tussen die twee rolspelers: Daar word 'n boodskap tussen die skrywer (sender) en die leser (ontvanger) gestuur. Die skrywer, as sender, stuur 'n boodskap na die leser, en die leser, as ontvanger, verwerk die boodskap en reageer daarop, hetsy positief of negatief. In die proses oorweeg die skrywer die doelwitte van die teks asook sy leser of leserspubliek. Die funksionele analise van die teks behels dus die vasstelling van die doelwit(te), die teikengroep(e), die aard en inhoud van die boodskap, en die vormlike en ander teksontwerp-aspekte waardeur hierdie doelwitte en teikengroep(e) bereik word. In die volgende paragrawe word daar in meer besonderhede op hierdie aktiwiteit en die belang daarvan vir die persona-ondersoek gefokus.

Daar is verskeie definisies van die term analise en wat dit presies behels. 'n Gepaste omskrywing is dié van Drop (1983:11) in sy boek *Instrumentele Tekstanalyse*:


Analyse is een bewust gestuurde activiteit, gericht op het verkrijgen van begrip. Begrip heeft men van een geheel, wanneer men het ziet als samengesteld uit delen die men in één keer in een innerlijke voorstelling kan omvatten, en tevens ziet hoe deze delen met elkaar tot een geheel zijn verenigd.

Analise is dus nie 'n spontane aktiwiteit nie, maar eerder 'n bewuste proses (Pander Maat, 2002). Pander Maat (2002:11) noem verder dat die analise van tekste 'n stadige en hoogs bewuste manier van lees is. Hierdie proses word deur die gebruik van 'n spesifieke teksanalise metode gekenmerk. 'n Volgende punt wat uit die aanhaling van Drop (1983) spruit, is die feit dat dit om die teks as 'n geheel gaan. Vir 'n suksesvolle analise, moet die hele teks dus begryp en beoordeel word. Pander Maat (2002:13) is van mening dat teksanalise die uitvoering van verskillende leestake waarvoor 'n persoon insig in die struktuur van die teks benodig, kan vergemaklik. Hierdie leestake behels volgens Pander Maat (2002:13) die inwin van kennis oor 'n betrokke teks, die vorming van 'n mening oor of beoordeling van die teks.

Drop (1983) se omskrywing en Pander Maat (2002) se bespreking van die analitiese proses is van groot nut vir hierdie studie, want 'n begrip van die doelwitte, die teikengroepe en die ontwerp van die gekose MIV/Vigs-tekste is noodsaaklik voordat die realisering en uiteindelijke effek van die leserspersona bepaal kan word. 'n Analise van die tekste is onder meer belangrik om te bepaal hoe die tekste opgebou is, onder andere wat inhoudelike, vormlike en stilistiese ontwerp betref. Sodoende kan daar weer op sy beurt vasgestel word hoe skrywers gestalte gegee het aan die leserspersona in die gekose MIV/Vigs-tekste.

Maar funksionele teksanalise vind nie in 'n vakuum plaas nie, maar wel binne 'n konteks waarin ook ander veranderlikes 'n rol speel – veranderlikes soos kultuur, beeldvorming en vaardighede. Dié hele proses en veranderlikes kan in 'n kommunikasiemodel voorgestel word. Kommunikasie gaan nie net oor die uitruiling van taaluitinge tussen 'n sender en sy ontvanger nie, maar het sy ontstaan juis in die

sender se behoefte om 'n sekere doel met die uitruiling te bereik. Dit is hierdie spesifieke doel wat die inhoud en wyse van kommunikasie beïnvloed. Dit kan soos volg opgesom word: Die sender en ontvanger ruil 'n boodskap met mekaar uit (terugvoering word ook hier veronderstel), terwyl die vaardighede en kultuur van beide rolspelers die proses terselfdertyd binne 'n spesifieke konteks beïnvloed. Dit kan soos volg voorgestel word:



Figuur 2.1: Die kommunikasiemodel

In die geval van geskrewe kommunikasie is die sender van die teks die skrywer, terwyl die leser die ontvanger is. Die sender, oftewel die skrywer, stuur 'n boodskap aan die ontvanger (of leser), en daar word vervolgens van die leser verwag om terugvoering te gee deur op die boodskap wat in die teks vervat is te reageer. Die

leser se reaksie kan positief of negatief wees afhangende van die teks se sukses, al dan nie.

Wanneer 'n skrywer sy teks skryf, moet hy sy leser se vaardigheids- en/of opvoedingsvlak in ag neem, asook die leser se kulturele agtergrond, indien van toepassing. Terselfdertyd moet die skrywer verseker dat die beeld wat hy van homself in die teks projekteer die leser aanspreek. 'n Voorbeeld hiervan kom uit die Studentesake-pamflet, waar die skrywer homself as 'n ingeligte tersiêre instelling voorstel wat sy studente oor MIV/Vigs wil inlig en dus hulle belange op die hart dra. Indien die leser meen dat die skrywer se vaardighede geloofwaardig is of dat die skrywer weet waarvan hy praat, sal die teks na alle waarskynlikheid in sy doel slaag.


Die kulturelement het te doen met die waardes en norme van beide die skrywer en leser. Wanneer die skrywer sy boodskap stuur, moet hy in ag neem watter waardes en norme hy in sy teks wil projekteer. Indien die leser tevrede is met die waardes en norme wat in die teks geprojekteer word, sal die teks heel moontlik geslaagd wees. In die boek *Vigs in ons gemeenskap*, een van die MIV/Vigs-tekste wat vir hierdie studie gebruik is, word daar van verskillende waardes en norme by die onderskeie afdelings gebruik gemaak. By die afdeling getiteld Kinders met Vigs (bl. 22-23) word die leser as 'n ouer voorgestel wat omgee en lief is vir sy kind, en alles in sy vermoë sal doen om sy kind te versorg. Indien hierdie beeld die leser aanstaan, is die kans goed dat die leser positief op die skrywer se boodskap sal reageer. Let reeds hier op die wyse waarop personaskepping binne 'n bepaalde waardestruktuur 'n positiewe uitwerking op die sukses van die betrokke teks kan hê. In dieselfde afdeling word die skrywer geprojekteer as iemand wat besorg is oor die welstand van die kind, en dus die “ouer” die nodige raad wil gee.

Die kulturele aspek is belangrik vir hierdie studie weens die aanname dat mense met verskillende kulturele agtergronde verskillende leserspersonas waardeer. 'n Persoon staan selde los van sy kulturele agtergrond, en dus pas die betrokke persoon sy waardes en norme op 'n teks toe. Die vraag wat in hierdie verband beantwoord moet word, is of mense na aanleiding van hulle agtergrond wél verskillende leserspersonas

ver kies. Dit sou interessant wees om te sien of 'n bruin Suid-Afrikaner byvoorbeeld dieselfde tipe leserspersona as 'n blanke Suid-Afrikaner met betrekking tot MIV/Vigs-dokumente sou verkies.

Ten slotte is die konteks in die kommunikasiemodel die raamwerk waarbinne kommunikasie plaasvind. Die konteks sluit dus al die ander elemente van die kommunikasiemodel in, en vorm dus die buitelyn van die kommunikasiemodeldiagram. 'n Boodskap word met inagneming van die verskillende elemente van die kommunikasiemodel gestuur, en dus moet die teks binne daardie spesifieke konteks geanaliseer en geïnterpreteer word.

Die geslaagdheid van die teks hou veral met die kommunikatiewe en uiteindelijke doelwitte van die teks verband. Lentz en Pander Maat (1993:52) voer aan dat daar vyf kommunikatiewe uitwerkings of doelwitte onderskei kan word. Hierdie doelwitte kan soos volg gelys en geklassifiseer word:


- 
- Informatief → Die teks moet alleenlik inligting oordra.
 - Instruktief → Die skrywer wil een of meer instruksies aan die leser oordra.
 - Oorredend → Die boodskap van die teks moet die leser oorreed om anders oor 'n bepaalde onderwerp te dink.
 - Motiverend → Die leser moet gemotiveer word om iets te doen of nie te doen nie. (Hierdie doelwit gaan gewoonlik met die oorredende doelwit gepaard.)
 - Affektief → Die teks is veronderstel om die leser se emosies aan te spreek.

Behalwe vir kommunikatiewe doelwitte, moet 'n teks ook 'n beleids- of uiteindelijke doelwit hê. Die kommunikatiewe doelwitte help uiteindelik om die beleidsdoelwit te verwesenlik. Byvoorbeeld: In 'n pamflet oor MIV/Vigs wil die skrywer inligting oor die virus oordra, maar wel met die uiteindelijke doelwit dat die leser hierdie inligting sal gebruik om homself teen MIV/Vigs-besmetting te beskerm.

Benewens die teksdoelwitte moet die skrywer ook die teikengroep van sy teks raak kan identifiseer, aangesien dit 'n direkte invloed het op die vaardighede en kulturele agtergrond wat hy met die skep van die teks in ag moet neem. Die bepaalde teikengroep sal ook heel waarskynlik 'n impak hê op die manier waarop die skrywer gestalte gee aan die leserspersona. Indien 'n skrywer tieners as teikengroep het, blyk dit uit die *Slimkoptiener*-brochure dat die skrywer van 'n spesifieke styl en taal gebruik maak. Op bl. 1 van die brochure sê een van die geïllustreerde tienerkarakters byvoorbeeld: “Haai, is daai een van daai bak woordsoek goete?” So ook moet die skrywer die teks met 'n spesifieke tema of onderwerp in gedagte skep om hom te lei na die beste leserspersonakeuse vir sy bepaalde teks.

Volgens Pander Maat (1994:212-226) moet funksionele teksanalise uiteindelik tot 'n funksie-omskrywing van die teks lei, waarin die volgende vier aspekte aandag geniet:

- Wat is die tema of onderwerp? Waaroor handel die teks?
- Wie is die teikengroep? Vir wie is die teks geskryf?
- Wat is die kommunikatiewe doelwitte van die teks? Watter boodskap word oorgedra?
- Wat is die uiteindelijke of beleidsdoelwit van die teks? Wat word uiteindelik met die teks bereik?




Elke MIV/Vigs-tekste wat in hierdie ondersoek gebruik word, gaan eers afsonderlik funksioneel geanaliseer word ten einde elkeen se funksies en die eise waaraan dit moet voldoen te bepaal, voordat die persona in die tekste bespreek word. Die voorafanalises is noodsaaklik om te bepaal binne watter konteks leserspersona in die betrokke MIV/Vigs-tekste voorkom.

Die funksionele analise van die betrokke MIV/Vigs-tekste word in die volgende hoofstuk bespreek.

2.2 Persona

In 'n snelveranderende wêreld is geskrewe kommunikasie oorweldigend belangrik, en word dit dalk selfs belangriker as mondelinge kommunikasie. Die groot verskil tussen dié twee tipes kommunikasie is dat die spreker en sy luisteraar in mekaar se onmiddellike teenwoordigheid is, terwyl die skrywer en sy leser van mekaar verwyderd is. Die skrywer kan homself slegs indink wie sy leser is, in watter omstandighede die leser die teks sal lees, en hoe die leser uiteindelik op die teks sal reageer. Op sy beurt ken die leser nie die skrywer nie, behalwe uit dit wat die teks van sy skrywer weerspieël. En juis hierin lê die problematiek van geskrewe kommunikasie. Indien 'n skrywer nie weet wie sy werklike leser is nie, hoe kan hy sy teks skryf om in die behoeftes van die leser te voorsien? Hoe sal die skrywer weet of die leser sy boodskap begryp?

Bogenoemde vrae is slegs twee van die knelpunte in die problematiek van geskrewe kommunikasie. Die vraag wat uiteindelik beantwoord moet word, is hoe die verskillende knelpunte binne geskrewe kommunikasie oorbrug kan word om 'n suksesvolle “dialoog” tussen die skrywer en sy leser moontlik te maak.



'n Oplossing vir dié problematiek tussen skrywer en leser binne geskrewe kommunikasie word deur skrywers soos Cooper (1999), Coney (1992) en Steehouder (1997) gebied. Verskeie meen dat 'n skrywer, in plaas daarvan om die werklike leser te probeer tevrede stel, eerder 'n spesifieke beeld van sy teikenleser moet hê, en die teks dus op hierdie “persoon”, oftewel persona, moet mik.

2.2.1 Persona as hulpmiddel by geskrewe kommunikasie

In sy boek, *The inmates are running the asylum*, argumenteer Cooper (1999) dat ontwerpers en tegniese skrywers afstand moet doen van die byna sinlose taak om 'n massa lesers tevrede te stel, en eerder hulle energie op 'n enkele, goedgedefinieerde persona moet fokus. Hy sien persona dus as 'n prototipe vir die werklike leser, maar erken ook dat die ontwerp van 'n suksesvolle leserspersona in die begrip en die leefwêreld van die werklike leser opgesluit is. Coney en Steehouder (2000:328) meen

daar is ook 'n ander benadering, naamlik dat persona nie noodwendig 'n prototipe is nie, maar eerder 'n rol wat 'n leser tydens die leesproses aantreklik genoeg vind om te aanvaar en te speel, dus eerder 'n soort argetipe.

Wat Cooper (1999) egter nalaat om te noem is dat werklike lesers se kennisbasis vergroot en verdiep namate hulle (die lesers) die teenwoordige persona “aanneem”, en daar wisselwerking tussen die teks/webblad en die lesers plaasvind (Coney & Steehouder, 2000:328). Volgens laasgenoemde dien die gebruikers- of verbruikerspersona op hierdie manier beide die werklike leser én die ontwerper. Coney (1992:61) gee 'n doeltreffende beskrywing van hoe die leserspersona beide die leser en die skrywer (of ontwerper) dien: “...roles are always transforming themselves in the course of the reading process: what started out as a naive user on page 2 of a manual is transformed *by the very act of reading* into a more sophisticated chooser of options on page 72”. Coney (1992) se beskrywing is ook van toepassing op gesondheidstekste wat hoofsaaklik inligting aan die leser wil deurgee. Hoe meer die leser gesondheidstekste soos MIV/Vigs-pamflette lees, hoe meer gesofistikeerd word sy kennis en die inligting wat hy verlang. Dit beteken derhalwe dat die skrywer later ook vir die ingeligte leserspersona moet voorsiening maak.

Verder meen Coney en Steehouder (2000) dit is belangrik om daarop te let dat, alhoewel Cooper (1999) die gebruikers- of verbruikerspersona as die sleutel tot goeie ontwerp sien, hy toegee dat die inspirasie vir daardie persona in die ontwerper se begrip van die werklike gebruikers lê. Die ontwerper van tegniese kommunikasie moet dus die werklike leser(s) verstaan voordat 'n spesifieke persona vir daardie leser geskep kan word. Coney (1992:59) voer in hierdie verband aan dat lesers nie net as objekte vir analise gesien behoort te word nie, maar eerder as retoriese deelnemers aan die kommunikasieproses. Trouens, sy en Steehouder (2000:327) gaan van die standpunt uit dat mense kommunikeer deur 'n reeks rolle aan te neem wat hulle as geskik vir hulle retoriese doelwitte op 'n gegewe moment ag. Dié twee skrywers meen dat selfs wanneer mense van aangesig tot aangesig met ander is, hulle 'n weergawe van hulleself voorhou wat hulle as geskik vir daardie gegewe tyd, plek en situasie beskou (2000:327).

Coney (1987) bespreek juis die kwessie van retoriese rolle in die artikel Contemporary views of audience: A rhetorical perspective. In hierdie artikel haal sy Booth (1961:138) aan: “The author creates, in short, an image of himself and another image of his reader; he makes his reader, as he makes his second self, and the most successful reading is one in which the created selves, author and reader, can find complete agreement”. Booth (1961, soos aangehaal in Coney, 1987) argumenteer dat hierdie “geskepte” leser van die werklike leser verskil in dié sin dat dit ’n beeld/rol is wat aangeneem word; ’n stel waardes, houdings en selfs feite wat geken en aanvaar moet word om die betrokke teks te kan lees en begryp. Booth (1961, soos aangehaal in Coney, 1987) maak ’n belangrike punt, naamlik dat ’n diverse leserspubliek deur die gebruik van hierdie fiktiewe rol verenig kan word en in ’n retoriese verhouding met die geïmpliseerde skrywer kan tree indien die rolle wel aangeneem word. Omdat Coney en Steehouder (2000) én Booth (1961, soos aangehaal in Coney, 1987) deurgaans in hulle bespreking van skrywers en lesers na retoriese aspekte verwys, is dit net gepas dat daar kortliks by retorika stilgestaan word om die bespreking van persona en retoriese rolle in perspektief te plaas.

2.2.2 Retoriese teorie (retorika)

Van Gorp, Ghesquiere, Delabatita en Flamend (1986:35) definieer retorika as “[d]ie teorie van en opleiding tot versorgde en oortuigende redevoering” (vrye vertaling). Twee definisies van retorika uit die *Hyperdictionary* (2000) lui soos volg: “using language effectively to please or persuade” en “[the] study of the technique and rules for using language effectively”. Aristoteles (Van Zyl, 1996) het meer praktiese en wetenskaplike inhoud aan hierdie teorie gegee, en het dit in die volgende afdelings verdeel:

- inventio → die vind van gegewens en argumente om die publiek te oortuig;
- dispositio → die ordening van gegewens in ’n logies en oortuigende orde;
- electio → die verwoording van die gegewens;
- memoria → die memorisering van die gegewens of die uitgewerkte voordrag; en

- actio → die voordrag van die argumente en gegewens.

Bogenoemde afdelings word ook deur Smith (2003) bespreek, maar sy gaan 'n stappie verder deur dit op geskrewe kommunikasie toe te pas – soos sy dit noem, “modern print-oriented cultures” (2003:3). Dit is veral noemenswaardig dat sy by *eleutio*, of die verwoording van gegewens, na die “tone or voice” (2003:2) verwys wat skrywers gebruik om hulle argumente aan die publiek oor te dra. Sy voer aan dat woordkeuse noodwendige implikasies het vir byvoorbeeld die verskillende tipes humor, die formaliteitsvlakke en ingewikkeldheidsgraad. Hierdie “toon” of “stem” van Smith (2003:2) speel wél 'n rol by die ontwikkeling en ontwerp van retoriese rolle, want die sukses van 'n teks hang af van die toon of stem wat die skrywer kies om te gebruik. Coney en Steehouder (2000) lys in hierdie verband die verskillende elemente wat by die skep van skrywers- en lesersrolle in ag geneem moet word.

Met betrekking tot die skrywersrol is dit belangrik om die geloofwaardigheid en aantreklikheid daarvan te bepaal, want hoe meer geloofwaardig en aantreklik die rol, hoe groter die kans dat die leser by die skrywersrol aanklank sal vind. Aan die ander kant moet die leser ook die lesersrol aantreklik genoeg vind om dit te wil speel. Indien die rol nie aantreklik genoeg is nie, of indien die leser weens verskillende redes soos 'n gebrek aan woordeskat, nie daartoe in staat is om die rol te speel nie, is die kans goed dat die leser nie die teks sal klaarlees nie. Om te verseker dat 'n skrywer se gekose rolle suksesvol is, bied Coney en Steehouder (2000) verskillende riglyne wat gedurende die skryf- of ontwerpproses in ag geneem kan word. Hierdie riglyne word in meer besonderhede in afdeling 2.2.4 bespreek.

Smith (2003) meen 'n retoriese situasie waarin retoriese rolle geaktiveer word, ontstaan wanneer 'n “kommunikeerder” van kommunikasiebeginsels gebruik maak om 'n strategie van taalgebruik te ontwikkel ten einde 'n spesifieke gehoor/publiek vir 'n spesifieke doel/doeleindes te beïnvloed. Verder noem sy ook dat retorika die volle proses van kommunikasie insluit, en nie slegs die opstel en skryf van tekste nie. Die publiek se reaksies speel 'n groot rol in die evaluering van die effektiwiteit van die retorika, want die kommunikasieproses is slegs suksesvol wanneer die publiek positief daarop reageer.

Aristoteles (Van Zyl, 1996:12) onderskei tussen drie ooredingswyses wanneer die gegewens of “toespraak” oorgedra word:

- logos → het te doen met die inhoud van en argumente binne die “toespraak”;
- etos → het te doen met die geloofwaardigheid en karakter van die spreker; en
- patos → het te doen met die emosies wat by die publiek of gehoor ontlok word.

Dit is natuurlik veral by strategieë soos etos en patos dat die ontwikkeling van skrywers- en leserspersonas belangrik word, aangesien die etos- en patoselemente juis in hierdie personas opgesluit of verwoord is.

Smith (2003) vind die gebruik van retorika belangrik omdat dit met die verbetering van kommunikasie te doen het – hoe om dit meer doeltreffend, meer eties en meer bruikbaar vir beide sprekers/skrywers en die gehoor/lesers te maak. Dit beteken dat die skrywer sy lesers deurgaans tydens die skryfproses in ag moet neem om die sukses van die teks te verseker. Die leserspersona kan beskou word as die manier waarop die skrywer sy leser gedurende die skryfproses in ag neem, want die leser sal meer bereid wees om ’n teks te lees wat hom aanspreek en waarmee hy op een of ander manier identifiseer, soos byvoorbeeld weens die waardes wat in die teks geprojekteer word. Die leser se identifisering met die leserspersona kan verder tot ’n positiewe reaksie op die teks lei. In die geval van die MIV/Vigs-tekste sou ’n positiewe reaksie wees wanneer die leser die teks se inligting gebruik om homself teen die virus te beskerm, of indien die leser reeds met die virus besmet is, te verseker dat hy dit nie aan ander oordra nie.

2.2.3 Van retorika na retoriese rolle

Wanneer hulle die begrip persona verduidelik, verwys skrywers soos Coney en Steehouder (2000) kortliks na retoriese deelnemers en retoriese doelwitte. Reeds in

1950 het skrywers hulle al met die verskil tussen die werklike en fiktiewe skrywer, asook die werklike en fiktiewe leser besig gehou.

In hierdie verband wys Gibson (1950) op die verskil tussen die werklike skrywer van 'n literêre werk, en die fiktiewe spreker binne dié werk. Hy noem ook dat daar 'n verskil is tussen die werklike leser wat met sy unieke, komplekse persoonlikheid 'n roman sit en lees, en die fiktiewe leser wie se masker en kleredrag deur die werklike leser aangeneem word om die roman se taal te verstaan (1950:265-266). Hieruit kan daar afgelei word dat daar wél 'n verskil is tussen die fiktiewe skrywer en leser, en die werklike skrywer en leser. Hierdie argumente word selfs verder gevoer deur Ong (1975).

Ong (1975:12) noem dat 'n gehoor/leser altyd fiktief is: Eerstens stel die skrywer sy gehoor/leser in sy verbeelding saam, en tweedens moet die gehoor/leser 'n fiktiewe beeld van hulleself skep om die rol wat die skrywer aanbied aan te neem, aangesien dié rol normaalweg nie met die leser se werklikheid ooreenstem nie. Met sy artikel lewer Ong (1975) 'n baie belangrike bydrae tot die persona-diskoers, naamlik dat die skrywer nie vir die werklike leser skryf nie, maar eerder vir 'n fiktiewe beeld van sy leser of gehoor. 'n Voorbeeld waar die skrywer 'n spesifieke beeld van sy leser skep, kom uit die *Slimkoptiener*-brosjure (bl. 2): “Jy is nou uiteindelik 'n adolessent...Moet jou nie kwel nie. Om groot te word is nie NET goor nie.” Met dié woorde stel die skrywer nie net sy leser as 'n adolessent voor nie, maar wel 'n adolessent wat glo grootword is onaangenaam. In werklikheid kan die leser reeds verby die adolessentestadium wees, maar is hy dalk nog nie 'n volwassene nie. Verder meen nie alle adolessente dat grootword onaangenaam is nie, maar word daar van die leser verwag om dié spesifieke rol te speel ten einde die sukses van die teks te verseker.

Bogenoemde standpunte van Gibson (1950) en Ong (1975) word deur Coney (1992) verder gevoer: Lesers kan aan die een kant as werklike vlees-en-bloedmense met name en identiteite en komplekse lewens gesien word. Aan die ander kant kan hulle as karakters beskou word wat slegs begin leef of lewendig word wanneer hulle 'n teks optel en lees. Hiermee bedoel Coney (1992) dat lesers nie net werklike mense is wat byvoorbeeld *Die Burger*, *Insig* of *Huisgenoot* fisies optel en

lees nie, maar ook dié lesers is vir wie die bogenoemde publikasies in die oog gehad het nog voordat die tekste verskyn het.

Soos vroeër genoem, word daar van lesers verwag om 'n rol aan te neem wanneer hulle 'n teks lees, maar dikwels stem hierdie rolle nie met die werklike leser ooreen nie. Alhoewel mense van nature een of ander rol verkies, meen Coney (1992) dat ons keuse ewe veel deur ons eie karakter en gewoontes as deur die betrokke retoriese vereistes of gegewe kommunikatiewe situasie beïnvloed word. Dus hang suksesvolle kommunikasie nie net af van watter rolle lesers verkies en of die skrywer hierdie rolle raak definieer nie, maar ook van watter kommunikatiewe funksies vervul moet word. 'n Teks met 'n instruktiewe kommunikatiewe funksie vereis waarskynlik 'n ander tipe skrywers- of lesersrol as 'n teks met 'n oorredende kommunikatiewe funksie het.

2.2.4 Verskillende tipes retoriese rolle

Soos vroeër genoem onderskei die literatuur tussen twee tipes retoriese rolle, naamlik skrywers- en lesersrolle. Die skrywersrol gaan oor die beeld wat die skrywer van homself in die teks projekteer, terwyl die lesersrol 'n beeld is wat die skrywer van sy leser of gehoor skep. In hierdie verband bespreek Coney en Steehouder (2000) verskillende riglyne wat 'n skrywer/ontwerper kan help om aan die skrywers- en lesersrolle gestalte te gee.

Coney en Steehouder (2000:331) beskou die skep van geloofwaardigheid as die belangrikste funksie van 'n skrywersrol of -persona. Die teikengroep moet daarvan oortuig wees dat die inligting volledig, relevant en akkuraat is. 'n Verdere funksie van die skrywerspersona is om aantreklik te wees (Coney en Steehouder, 2000:331), sodat die teikengroep gemotiveerd voel om die betrokke inligting te lees, te verstaan en uiteindelik te gebruik. Omdat die skrywersrol nie die fokuspunt van hierdie tesis is nie, word daar hiernaas eerder op die riglyne rakende die lesersrol of -persona gekonsentreer.

Die leserspersona moet van so 'n aard wees dat lesers dit kan en wil aanneem. Om die leserspersona te definieer moet die skrywer drie elemente in gedagte hou:

Watter tipe persona gaan hy gebruik? Watter doelwit(te) moet die persona bereik? Hoe word daar aan die persona gestalte gegee? Hierdie drie elemente is eweneens belangrik by MIV/Vigs-materiaal aangesien die skrywer afhangende van die teksinligting die leserspersona daarvolgens moet skep. Op bladsy 22 van die boek *Vigs in ons gemeenskap*, een van die geselekteerde MIV/Vigs-dokumente in hierdie studie, gaan dit oor die toestand en versorging van kinders met MIV/Vigs. Die leserspersona in hierdie afdeling is dus die van 'n ouer wat bekommerd is oor sy kind, en indien die kind reeds MIV-positief is, meer inligting oor die korrekte beskermings- of versorgingsmaatreëls verlang.

Met betrekking tot die doel van die leserspersona moet die skrywer besluit wat hy met die gekose persona wil bereik: Wil hy sy leser slegs inlig, instruksies aan hom gee of hom selfs oorreed en motiveer? Die skrywer behoort dus die leserspersona by die gewenste kommunikatiewe doelwit aan te pas. Byvoorbeeld, indien die skrywer slegs sy leser wil inlig, is dit moontlik om 'n saaklike en neutrale leserspersona te gebruik omdat die leser slegs inligting moet inwin. 'n Voorbeeld hiervan is die *Om liefde te deel*-pamflet: Hierdie pamflet gebruik 'n saaklike en neutrale leserspersona omdat die skrywer alleenlik inligting aan sy leser wil oordra.




Die skrywer besluit ook watter spesifieke kenmerke om te gebruik om aan die gekose persona gestalte te gee. Om terug te keer tot die *Vigs in ons gemeenskap*-boek se afdeling *Kinders met Vigs* (bl. 22-23), maak die skrywer van verskeie opskrifte gebruik soos “Hoe beskerm ek my kind teen Vigs?” en “Hoe versorg ek 'n kind wat Vigs het?” om die ouer se vrae te beantwoord. Die persona-kenmerke wat uit bogenoemde opskrifte spreek is dat die leser 'n ouer is wat sy kind teen MIV/Vigs wil beskerm, asook wil weet hoe om 'n MIV-positiewe kind te versorg.

Soos reeds genoem, konsentreer hierdie studie egter nie op beide die skrywers- en leserspersona nie, maar slegs op die leserspersona in vyf geselekteerde MIV/Vigs-tekste.

2.3 Transaksionele analise

Transaksionele analise (of TA, soos dit dikwels genoem word) is 'n model van mense en verhoudinge wat in die laat 1950's deur Berne gekonseptualiseer is. Volgens sommige skrywers is TA 'n teorie van die moderne sielkunde. Ander meen dit is eerder 'n sosiaal-sielkundige metode om kommunikasie te verbeter (Chapman, 2001), aangesien dit beskryf hoe mense ontwikkel, hulleself gedra, optree en met ander kommunikeer. Daar word ook aangevoer dat hierdie model op twee opvattinge berus: Die eerste een is dat elke mens uit drie "geestesgesteldhede" of ego-posisies bestaan wat saam 'n sisteem vorm. Die ander opvatting is dat mense se ego-posisies onderling met behulp van transaksies kommunikeer (Transactional Analysis, 2002).

Volgens Steiner ([s.a.]a:2) is transaksies 'n inligtingsuitruiling/interaksie tussen mense wat vanuit bepaalde ego-posisies binne 'n persoon spruit, elk met sy eie, unieke funksie. In 'n ander artikel beskryf Steiner (2000:1) 'n ego-posisie of "geestesgesteldheid" as 'n spesifieke manier van dink, voel, optree en met ander mense kommunikeer, hetsy verbaal of nie-verbaal. Uit Berne (1964) se oorspronklike werke word daar drie ego-posisies (ook TA-rolle genoem) onderskei: die Ouer, die Volwassene en die Kind. Ter Hoeven (2002:10) noem dat hierdie posisies of TA-rolle juis in hoofletters geskryf word om hulle van hulle werklike ekwivalente te onderskei.



Figuur 2: Die drie ego-posisies van transaksionele analise

Figuur 2 illustreer baie duidelik die verskil tussen die drie ego-posisies, en motiveer terselfdertyd die belang van TA vir hierdie studie, veral met betrekking tot die verskillende leserspersonas in die MIV/Vigs-tekste. Met behulp van TA poog dié studie om te bepaal watter ego-posisie(s)/-rolle die skrywer aan die leser van die MIV/Vigs-tekste wil toeken.

In haar skripsie toon Ter Hoeven (2002) aan dat die skrywer van die bankbrosjures in haar ondersoek verkies het om vanuit die Ouer-ego-posisie te kommunikeer, terwyl hy verwag het dat sy leser vanuit die Kind-ego-posisie sal kommunikeer. Die skrywer het dus verwag dat die leser emosioneel eerder as rasioneel of selfs waardegedrewe op die teks moes reageer. Ter Hoeven (2002) toon dus aan hoe TA in die soeke na insig in personagebruik in tekste aangewend kan word.

In hierdie studie ondersoek die navorser in welke mate die TA by die analise en begrip van personagebruik in MIV/Vigs-tekste van nut kan wees. Met behulp van TA wil die navorser aandui watter leserspersonas die meeste in die vyf MIV/Vigs-tekste voorkom, en gaan daar ook in hoofstuk 5 aan die hand van TA 'n analise van veral die leser se ego-posisies in die vyf MIV/Vigs-tekste gedoen word. Die volgende gedetailleerde bespreking van die drie ego-posisies is belangrik omdat dit nie net op die analise van die vyf MIV/Vigs-tekste in hoofstuk 5 van toepassing is nie, maar ook in hoofstuk 3 vir die herkenning van die teenwoordige leserspersonas in die betrokke MIV/Vigs-tekste ingespan sal word.

2.3.1 Die Ouer

Die Ouer-rol is volgens Steiner (2000:2) soos 'n bandopnemer. Dit is 'n versameling vooraf-vasgelegde, vooraf-beoordeelde kodes waarvolgens mense moet leef. Dit word vooraf-vasgelegde kodes genoem omdat ons dit van ons werklike ouers oorneem. Binne hierdie posisie tree ons soos ons ouers of ander ouerfigure uit ons verlede op. Die Ouer besluit sonder redenasie hoe om in situasies op te tree, wat goed of sleg is, en hoe ander mense moet leef. Hierdie ego-posisie wil dus mense help, leiding gee en grense stel volgens die Ouer se gevestigde waardes.

Binne die Ouer-rol word daar tussen die Koesterende en Beherende Ouer onderskei. Hierdie verdeling van die Ouer word egter selfs verder geneem deurdat daar positiewe en negatiewe subrolle binne die Koesterende- en Beherende-Ouerkategorie gevind kan word. Wanneer daar na sleutelwoorde soos die Koesterende en Beherende Ouer verwys word, is dit belangrik om in ag te neem dat hierdie woorde as neutraal binne TA gesien word. Die Koesterende Ouer word nie noodwendig as positief gesien nie, en die Beherende Ouer nie noodwendig negatief nie. Dit is slegs neutrale terme om die Ouer-subrolle mee te beskryf. Eers wanneer daar na die positiewe en negatiewe pole binne hierdie verskillende “Ouers” verwys word, kan die relevante eienskappe uitgelig word om ’n spesifieke posisie te demonstreer. Chapman (2001) sit die verdere subrolle soos volg uiteen:

- Die Koesterende Ouer - Sorgsaam (positief) en Verwennend (negatief)
- Die Beherende Ouer - Strukturierend (positief) en Bestraffend (negatief)

Boyce (s.a.) verskaf ook definisies vir die onderskeie Ouer-subrolle. Om dié subrolle makliker te verduidelik, volg daar nou ’n bespreking van elkeen se kenmerke, wat met ’n samevattende tabel afgesluit word.

2.3.1.1 Kenmerke van die Ouer-subrolle

KS – die positiewe Koesterende Ouer (Sorgsaam):

Hierdie subrol is “warm”, versorgend, en spreek van omgee vir die Kind. Hierdie Ouer bevestig die Kind se bekwaamhede en sterkpunte, sy belangrikheid en sy vermoë om te leer en te groei. Daarbenewens is die persoon ondersteunend en erken die Kind se vermoë om sy eie besluite te neem, sy eie doelstellings te hê, en uiteindelik sy eie mens te wees. Alhoewel hierdie Ouer beskermend optree, laat hy die Kind toe om sy eie grense te bepaal omdat hy van mening is dat die Kind bekwaam genoeg is om self besluite te neem en dit uit te leef.

KV – die negatiewe Koesterende Ouer (Verwennend):

Wanneer 'n persoon hierdie subrol aanneem, is hy geneig om oor te neem en dinge vir mense te doen waartoe hulle eintlik self in staat is. Die persoon is dus oorheersend en versmorend omdat hy die Kind nie die kans gee om self te leer en uiteindelik te groei nie. Hierdie Ouer is oorbeskermend in dié sin dat hy die Kind teen alle aspekte van die lewe wil beskerm, selfs dié wat die Kind wél kan hanteer.

Hierdie subrol blyk ondersteunend te wees omdat alles vir die Kind gedoen word, maar in werklikheid kweek dit afhanklikheid by die Kind deurdat hy nooit 'n geleentheid gegun word om self besluite te neem of funksies te vervul nie. Die Ouer stel geen grense nie omdat dit nie nodig is nie; dit wat die Kind nodig het, doen die Ouer vir hom.

BS – die positiewe Beherende Ouer (Strukturend):

In hierdie subrol wil die persoon grense stel waarbinne die Kind moet optree. Hierdie Ouer bied opbouende kritiek, terwyl hy versorgend, maar ferm teenoor die Kind optree. Daarbenewens bied hierdie subrol beskerming en, belangriker nog, sorg dit vir struktuur en rigting waarbinne die Kind kan leef en eksperimenteer.

Die Kind word toegelaat om binne perke keuses te maak, en moet ook die logiese gevolge vir sy keuses dra. Terselfdertyd help hierdie Ouer die Kind om verskillende moontlikhede te verken, en sodoende self te leer en te groei binne die grense wat die Ouer neerlê. Hierdie ego-posisie vereis dat lewensgevaarlike of enige gedrag wat morele waardes bedreig, vervang word.

BB – die negatiewe Beherende Ouer (Bestraffend):

Hierdie subrol word as bestraffend bestempel omdat dit op afbrekende kritiek fokus wat ten doel het om te kwets en te verneder. Die rol van hierdie Ouer is om kwetsende kommentaar te lewer, te blameer en te ontmoedig. Die onderliggende boodskap van hierdie Ouer is om dit by die Kind in te prent dat hy gaan misluk, sonder om enige oplossings te bied. Wanneer 'n persoon vanuit hierdie subrol optree,

glo hy niks goeds van die ander persoon nie, en is hy van mening dat die ander net teleurstelling en mislukking sal meebring.

Hieronder volg 'n samevattende tabel van die onderskeie Ouer-subrolle.

OUER

	Positief	Negatief
Koesterend	<p style="text-align: center;"><u>KS</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • Warm • Gee om • Versorgend • Beskermend • Ondersteunend • Laat Kind toe om eie grense te bepaal 	<p style="text-align: center;"><u>KV</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • Verwennend • Oorheersend • Versmorend • Oorbeskermend • Kweek afhanklikheid by die Kind • Stel geen grense
Beherend	<p style="text-align: center;"><u>BS</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • Opbouwende kritiek • Versorgend, maar ferm • Beskermend • Gee struktuur en rigting • Stel grense 	<p style="text-align: center;"><u>BB</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • Afbrekende kritiek • Ontmoedigend • Vernederend • Blamerende houding • Stel rigiede grense (sonder om die Kind in ag te neem)

Tabel 2.1: Die Ouer


2.3.2 Die Volwassene

Hierdie ego-posisie kan as 'n saaklike, neutrale en feitegebaseerde funksie beskou word omdat 'n persoon in hierdie posisie rationeel en logies te werk gaan om probleme op te los of situasies te hanteer. Underwood (2003) voer aan dat hierdie ego-posisie se rol inligtingshantering en rasionele besluitneming is. Hierdie ego-

posisie funksioneer dus op data of inligting wat versamel en gestoor word om later gedurende kommunikasie of besluitneming te gebruik (Steiner, 2000:2).

Steiner ([s.a.]a) is van mening dat hierdie ego-posisie sonder enige emosies of gevoelens is, omdat laasgenoemde geneig is om begrip en logika te ontwig. Bowendien argumenteer Steiner (2000:2) dat rasionele en logiese denke slegs kan plaasvind wanneer die persoon homself van sy emosies losmaak. Vanuit hierdie ego-posisie weier die persoon dus om gedurende kommunikasie sy eie gevoelens en dié van ander in ag te neem om te verseker dat die Ouer of die Kind se gevoelens nie interaksie negatief beïnvloed nie.

Chapman (2001) noem dat die rol van die Volwassene 'n enkele entiteit is wat nie in subrolle verdeel word nie, omdat dit as 'n verantwoordbare ego-posisie gesien word. Dit beteken dat hierdie ego-posisie die Ouer- en Kind-rolle tot rekenskap kan roep en hulle balanseer. Die Volwassene-rol kan dus soos volg voorgestel word:



- Neutraal
- Saaklik
- Logies
- Rasionele besluitneming
- Versameling en stoor van inligting
- Emosieloos
- Balanseer die Ouer en Kind

Tabel 2.2: Die Volwassene

2.3.3 Die Kind

Volgens Underwood (2003) word die Kind deur instink, impuls en emosies gekenmerk. Steiner ([s.a.]a) bevestig hierdie stelling deur te sê dat die Kind 'n emosionele ego-posisie is. Volgens hom is alle primêre gevoelens en hulle

kombinasies in hierdie ego-posisie gesetel. Alle emosies soos liefde, blydschap, geluk, angs, woede, hartseer, ens. word met die Kind geassosieer.

Wanneer 'n persoon vanuit hierdie ego-posisie optree, tree hy soos tydens sy kindertyd op – impulsief en onbedagsaam. Steiner ([s.a.]b) voer aan dat die Kind-ego-posisie gereeld die kern van mense se probleme is omdat dit selfgesentreerd en emosioneel is, en die onderdrukking wat met grootword gepaardgaan weerstaan.

Berne (1964, soos aangehaal in Transactional Analysis, 2002) verdeel die Kind-ego-posisie in die Vrye en Aangepaste Kind. Soos by die Ouer-ego-posisie, word die Vrye en Aangepaste Kind verder in positiewe en negatiewe subrolle verdeel. Op sy beurt identifiseer Chapman (2001) die volgende subrolle:

- die Vrye Kind – Spontaan (positief) en Onbeheersd (negatief)
- die Aangepaste Kind – Inskiklik (positief) en Gedweë/Opstandig (negatief)

Bogenoemde subrolle word ook kortliks deur Boyce (s.a.) bespreek.

Hieronder volg dus 'n uiteensetting van die verskillende subrolle en hulle kenmerke.

2.3.3.1 Kenmerke van die Kind-subrolle

VS – die positiewe Vrye Kind (Spontaan):

In hierdie subrol is die persoon kreatief, vol pret, nuuskierig en energiek. Hierdie Kind hou daarvan om kanse te waag, wetende dat hy deur die Ouer gekoester word. Die Kind voel veilig in die wete dat die Ouer hom aanmoedig om self te eksperimenteer en die lewe te verken om sodoende homself te ontdek of te vind.


Binne hierdie subrol is die persoon uitgelate, tree hy normaalweg impulsief op, en verkies hy om te doen waarvan hy hou.

VO – die negatiewe Vrye Kind (Onbeheersd):

Hierdie subrol voer vryheid net effens te ver. Hierdie ego-posisie tree op sonder enige beperkings of grense; die persoon verloor tred met die realiteit. Hierdie posisie is egosentries en onbedagsaam, en weier bowenal om die Ouer se leiding te aanvaar. Die Onbeheersde Kind verset hom teen die onderdrukking wat met grootword gepaard gaan, en kan uiters aggressief raak wanneer hy teëgegaan word. Hy mag selfs gedurende interaksie met ander alle perspektief en redelikheid verloor.

AI – die positiewe Aangepaste Kind (Inskiklik):

In hierdie subrol leer mense reëls aan wat hulle in staat stel om met ander saam te leef. Hierdie Kind erken dat hy leiding nodig het, en is bereid om dit van die Ouer te aanvaar. Dié ego-posisie besef dat die Ouer hom wil beskerm, en daarom word die nodige reëls en strukture neergelê. Underwood (2003) noem dat hierdie Kind die kuns om met volwassenes en ouer mense oor die weg te kom bemeester het. Volgens Underwood (2003) word die impulsiewe Vrye Kind in toom gehou, en is hierdie Inskiklike Kind akkommoderend en verdraagsaam. Hierdie subrol se gehoorsaamheid is moontlik op die wete gebaseer dat die Ouer beter weet; dat die Ouer slegs die beste vir hom wil hê.



AG – die negatiewe Aangepaste Kind (Gedweë/Opstandig):

Die belangrikste om by hierdie Kind-subrol in gedagte te hou is dat alle aksies en houdings uit (negatiewe) gevoelens soos depressie, onrealistiese angs en vrees spruit. Hierdie subrol is uiters problematies, want dit word selfs verder onderverdeel in die Gedweë Kind, wat alles onvoorwaardelik en gelate aanvaar, en ooronderdanig en -insiklik teenoor die Ouer optree, ten spyte daarvan dat dit eintlik teen sy sin is; en die Opstandige Kind wat teen alle “Ouerlike” leiding, advies en grense rebelleer. Die Gedweë Kind kommunikeer met ’n traak-my-nie-agtige houding omdat hy van mening is dat die Ouer in elk geval die oorhand sal kry. Die Opstandige Kind aan die ander kant is weerbarstig en protesteer luidkeels teen wat die Ouer ook al voorstel of doen.

Die Gedweë Kind verander homself om by die wêreld in te pas, terwyl die Opstandige Kind eerder sy wêreld se grense wil versit om by hom in te pas (Transactional Analysis, 2002). Boyce (s.a.) voer aan dat individue daartoe geneig is om die subrol van die negatiewe Aangepaste Kind aan te neem wanneer hulle ontsteld is of emosionele stres ervaar, want hierdie subrol dien as 'n oorlewingsmeganisme in moeilike situasies. Wanneer hierdie subrol dus gebruik word, aanvaar die persoon alles óf onvoorwaardelik óf rebelleer hy teen grense en reëls.

'n Samevattende tabel oor die Kind-ego-posisie lyk soos volg:


KIND		
	Positief	Negatief
Vry	<u>VS</u>	<u>VO</u>
	<ul style="list-style-type: none"> • Kreatief • Emosioneel • Energiek • Impulsief • Uitgelate • Pretlustig • Nuuskierig 	<ul style="list-style-type: none"> • Egosentries • Oor-impulsief • Is geneig om oorboord te gaan • Aanvaar geen leiding • Ignoreer grense • Verset teen onderdrukking • Verloor perspektief
Aangepas	<u>AI</u>	<u>AG</u>
	<ul style="list-style-type: none"> • Soek en aanvaar leiding • Aanvaar grense • Tegemoetkomend • Toegeeflik • Inskiklik • Verdraagsaam • Gehoorsaam 	<ul style="list-style-type: none"> • Gedweë • Gelate • Onderdanig • Oor-inskiklik • Rebels teenoor leiding • Opstandig • Ervaar gevoelens soos depressie, onrealistiese angs en vrees

Tabel 2.3: Die Kind

2.3.4 Samevatting

In haar skripsie kom Ter Hoeven (2002) tot die slotsom dat veral twee TA-rolle in die bankbrosjures gebruik word. Sy identifiseer derhalwe die skrywerspersona as die Koesterende Ouer en die leserspersona as die Vrye Kind. Wat egter in gedagte gehou moet word, is dat sy nie die verdere positiewe en negatiewe verdeling van TA-subrolle in haar skripsie opgeneem het nie.

In hoofstuk 5 word Ter Hoeven (2002) se navorsing verder gevoer en wel op die MIV/Vigs-problematiek toegepas. Al vyf MIV/Vigs-tekste word deur drie onafhanklike navorsers met behulp van die TA-model geanaliseer ten einde te bepaal watter TA-rolle die meeste in die tekste voorkom.



Hoofstuk 3

Funksionele analise en leserspersona

In hierdie hoofstuk word vyf MIV/Vigs-dokumente funksioneel geanaliseer om sodoende die konteks daarvan en die leserspersona in die tekste te bepaal. Ten einde te bepaal hoe leserspersona in bogenoemde dokumente gerealiseer word, word daar op bepaalde aspekte van funksionele analise gekonsentreer. Sodoende wil die navorser die verband tussen die verskillende aspekte van die dokumente se ontwerp, en die gebruik van leserspersona uitwys.

Die hoofelemente van funksionele analise is die tema, die teikengroep, die kommunikatiewe doelwitte, en uiteindelijke of beleidsdoelwit van 'n teks. Die MIV/Vigs-dokumente word dus telkens aan die hand van hierdie elemente bespreek. Daarna word die leserspersona van elke dokument van nader bekyk, en word die vraag gevra wat die verband tussen die funksionele analise en die leserspersona is, indien enige.

3.1 Beskrywing van die korpus



In die inleiding word daar na vyf MIV/Vigs-dokumente in plaas van -tekste verwys. Die rede hiervoor is dat sommige van die dokumente uit meer as een teks bestaan. Drie daarvan is brosjures, terwyl twee as uitgebreide brosjures of boeke beskou kan word omdat hulle uit verskillende afdelings en meer bladsye bestaan. Elke dokument word vervolgens kortliks aan die leser bekend gestel.

3.1.1 MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling

Hierdie dokument is deur die Studentesake-afdeling van die Universiteit Stellenbosch uitgegee, en word op die voorblad as “*n Inligtingspamflet vir 'n beter ingeligte kampus*” beskryf. Die brosjure wek die indruk dat dit vir studente geskryf is omdat die afdeling 'n spesifieke studentediens lewer. Waar daar oor berading gepraat word, word die volgende ook genoem: “Die Sentrum vir Studentevoorigting en -

ontwikkeling en Studente Gesondheidsdienste verskaf gratis berading aan alle geregistreerde studente van die Universiteit van Stellenbosch.” (sic)

In die brosjure word verskeie Vigs-temas behandel, waaronder:

- Wat is MIV/Vigs?
- Genesing van MIV/Vigs
- MIV/Vigs op Stellenbosch
- Die MIV-toets

3.1.2 HIV & jou mond (sic)

Hierdie dokument is ook deur die Universiteit Stellenbosch uitgereik, maar deur ’n ander afdeling, naamlik die Departement Gemeenskapstandheelkunde van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe. Alhoewel hierdie brosjure deur die Universiteit Stellenbosch uitgegee is, blyk dit dat dit aan die breër gemeenskap gerig is omdat die Departement Gemeenskapstandheelkunde ’n (gratis) diens aan die algemene gemeenskap lewer.

Die voorblad van die brosjure noem dat dit “*Eenvoudige stappe vir mense met HIV om ’n gesonde mond te verseker*” (sic) bevat. Met behulp van foto’s word verskillende mondsiektes en -infeksies waaraan ’n MIV-positiewe persoon kan ly, as subtemas bespreek.

3.1.3 Om liefde te deel

Om liefde te deel is ’n brosjure wat deur die Planned Parenthood Association of South Africa (PPASA) uitgegee is. Hierdie brosjure handel oor die oordrag al dan nie van MIV/Vigs. Die skrywer(s) van die brosjure konsentreer veral op vier aspekte betreffende MIV/Vigs:

- Oordragfeite
- Oordragmites

- Feite oor veiliger seks
- Kondoomgebruik

Die vierde tema gebruik sketse om die leser oor die korrekte gebruik van kondome in te lig.

Aangesien die brosjure nie uitdruklik aandui wie die teikengroep is nie, aanvaar die navorser dat dit op die breër publiek gemik is.

3.1.4 *Slimkoptiener*

Die voorblad van hierdie dokument bestempel dit as “*n Brosjure vir tieners in ’n wêreld waarin Vigs ’n bedreiging is*”. Hierdie brosjure fokus nie net op MIV/Vigs nie, maar bespreek ook ander temas wat vir adolessente en tieners belangrik is, soos Hoe ons volwasse word en Besluite oor seks.

Ander MIV/Vigs-temas wat bespreek word, is:

- Wat is Vigs?
- Wat is die MIV-toets?
- Seksueel-oordraagbare infeksies



Al bogenoemde temas word in afsonderlike afdelings bespreek, en word ook binne daardie konteks geanaliseer. Die brosjure is deur die Planned Parenthood Association of South Africa (PPASA) in samewerking met Old Mutual uitgereik.

3.1.5 *Vigs in ons gemeenskap*

Dit is moeilik om hierdie dokument, uitgereik deur Soul City, te klassifiseer omdat dit meer omvangryk is as byvoorbeeld die *Slimkoptiener*-brosjure, en eerder as ’n boekie of tydskrif beskou kan word. Die indruk wat met die titel *Vigs in ons gemeenskap* geskep word, is dat die boek vir die gemeenskap bedoel is. Omdat dit egter onmoontlik is om almal in die gemeenskap aan te spreek, word die boek in

verskillende afdelings verdeel en ook op verskillende teikengroepe gemik. Verskeie aspekte betreffende MIV/Vigs word in die afdelings bespreek.

Temas wat in die boek hanteer word, is onder andere:

- Wat is Vigs?
- Hoe kry jy Vigs?
- Hoe vind ek uit of ek Vigs het?
- Vigs en verhoudings
- Hoe om Vigs te voorkom
- Hoe jongmense Vigs kan bestry
- Seksueel-oordraagbare infeksies
- Waarom versprei Vigs so vinnig?
- Kinders met Vigs
- Fisiese tekens van Vigs
- Versorging en ondersteuning van mense met Vigs
- Verkeerde idees omtrent Vigs

Weens ruimte- en tydsbeperkings word enkele kernafdelings geanaliseer om die verskillende leserspersonas in die boek te illustreer. Die afdelings waarop gekonsentreer word, is:

- Wat is Vigs?
- Hoe om Vigs te voorkom
- Hoe jongmense Vigs kan bestry
- Versorging en ondersteuning van mense met Vigs

3.2 Tema

Volgens funksionele teksanalise is dit belangrik om die tema/onderwerp van 'n teks te bepaal, omdat dit die kommunikatiewe en uiteindelijke doelwitte kan beïnvloed. Weens die aard en posisionering van die ondersoek, is dit reeds duidelik dat al die dokumente MIV/Vigs as hooftema het, en dus fokus hierdie afdeling eerder op die

subtemas wat die hooftema ondersteun. Die bepaling van elke dokument se tema en subtemas is belangrik, want dit kan die skrywer help om te besluit watter tipe leserspersona by sy spesifieke onderwerp sal pas.

Van die dokumente bespreek meer as een subtema betreffende MIV/Vigs, terwyl ander slegs op een onderwerp konsentreer. Die aantal subtemas hang meestal van die lengte van die dokument af. Alhoewel die vorige afdeling reeds kortliks na die onderwerpe gekyk het, word dit vervolgens in meer detail bestudeer.

3.2.1 MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling

Die MIV/Vigs-tema van hierdie brosjure word met behulp van verskillende subtemas ontwikkel. Subtemas soos die betekenis en genesing van Vigs word aangeraak, asook die verband tussen MIV en die oordrag van die virus, verkragting, berading en wat die MIV-toets behels.

Dié verskillende subtemas dien ook as opskrifte van subafdelings waarin elkeen kortliks bespreek word.



3.2.2 HIV & jou mond (sic)

Die *HIV & jou mond*-brosjure gaan oor mondhigiëne by MIV-positiewe mense ten einde tandheelkundige probleme te voorkom. Verskeie subtemas word bespreek, naamlik hoekom die leser sy mond gesond moet hou, hoe die leser sy tande en tandvleis moet versorg, die verhouding tussen die leser en sy tandarts, en laastens dinge waarna die leser moet oplet indien hy MIV-positief is. Soos in die vorige brosjure, dien die subtemas ook as opskrifte vir die onderskeie subafdelings.

3.2.3 Om liefde te deel

Die brosjure *Om liefde te deel* is misleidend, aangesien dit nie oor liefde gaan nie, maar eerder oor feite en mites rakende die oordrag van MIV/Vigs. Veiligheidsbeoefening deur middel van kondome geniet ook aandag. Ter ondersteuning van laasgenoemde, word korrekte kondoomgebruik ook as 'n subtema hanteer.

3.2.4 *Slimkoptiener*

Hierdie brosjure het ook MIV/Vigs as oorkoepelende tema, maar bevat veel meer detail oor MIV/Vigs en ander onderwerpe wat die tiener of adolessent mag interesseer. Die brosjure is in vyf afdelings verdeel wat elk 'n ander subtema bespreek. Die subtemas wat ter sprake is, is:

- Hoe ons volwasse word
- Besluite oor seks
- Wat is Vigs?
- Wat is die MIV-toets?
- Seksueel-oordraagbare infeksies

By die eerste subtema bespreek die skrywer(s) watter fisiese en fisiologiese veranderinge die adolessent in hierdie stadium van sy lewe ondergaan, en verseker terselfdertyd die leser dat dié veranderinge normaal is. Die volgende afdeling gaan oor die besluite wat die leser óór seksbeoefening, vóór seksbeoefening moet neem. Die afdeling Wat is Vigs? lig die leser in oor die betekenis en verskillende infeksiestadia van MIV/Vigs. Die daaropvolgende afdeling gaan oor die MIV-toets, hoe dit gedoen word, en waar die leser dit kan laat doen indien hy meen dat hy moontlik die virus het. Die laaste afdeling konsentreer slegs op seksueel-oordraagbare siektes en hoe die leser homself daarteen kan beskerm.

3.2.5 *Vigs in ons gemeenskap*

Soos duidelik uit die titel blyk, gaan hierdie boek oor MIV/Vigs in die hele gemeenskap. Dié hooftema word deur die verskillende subtemas wat reeds kortliks in afdeling 3.1.5 genoem is, ontwikkel. Die subtemas van die vier afdelings wat in hierdie ondersoek geanaliseer is, word egter nou in meer besonderhede hieronder uiteengesit.

Die eerste geselekteerde afdeling is Wat is Vigs? Die onderwerp van hierdie afdeling is die verskynsel MIV/Vigs en die effek daarvan op die menslike liggaam. Die volgende afdeling, Hoe om Vigs te voorkom, handel oor die voorkoming van MIV/Vigs, en konsentreer veral op korrekte kondoomgebruik voor en gedurende seksuele omgang. Hoewel die afdeling Hoe jong mense Vigs kan bestry die indruk skep dat jongmense vir die stryd teen die virus toegerus gaan word, handel dit eerder oor seksopvoeding vir jongmense. Nêrens word daar uitdruklik genoem hoe jongmense die verspreiding van MIV/Vigs kan beveg nie. Die laaste geselekteerde afdeling is Versorging en ondersteuning van mense met Vigs. Hier word die leser ingelig hoe om iemand met MIV/Vigs te versorg en te ondersteun.

3.3 Teikengroep

Die teikengroep van 'n teks is die persoon/persone op wie die teks gemik is, en het 'n direkte invloed op die ontwerp van en die skrywer se doel met 'n teks. In hierdie ondersoek is die bepaling van die verskillende dokumente se teikengroepe belangrik omdat dit moontlik 'n impak het op die tipe leserspersona wat 'n skrywer vir 'n suksesvolle teks kies. Wanneer 'n skrywer sy teikengroep geïdentifiseer het, kan hy verskillende meganismes gebruik om sy lesers mee aan te spreek of te kommunikeer. Die skrywer sal dus op 'n gepaste styl, taalgebruik en toon moet besluit om sy lesers mee aan te spreek, wat weer op sy beurt die skrywer help om uiteindelik 'n leserspersona te skep. Die onderskeie dokumente se teikengroepe word kortliks hieronder bespreek.


Die teikengroep van die Studentesake-brosjyre is die Universiteit Stellenbosch se studente. Hierdie afleiding is gemaak vanweë die diensmerk van instellings soos die Studentesake-afdeling, die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling, asook Studente Gesondheidsdienste wat die brosjyre uitgegee het. Hierdie instellings fokus en bedien almal studente. Daar word selfs na gratis berading verwys wat vir alle geregistreerde studente aan die Universiteit Stellenbosch beskikbaar is.

Die volgende brosjyre, *HIV en jou mond*, se teikengroep is definitief MIV-positiewe lesers, want op die voorblad van die brosjyre word daar genoem dat dit “Eenvoudige

stappe vir mense met HIV om 'n gesonde mond te verseker" (sic) bevat. Die feit dat die leser van hierdie brosjure MIV-positief is, het verskeie implikasies, waaronder dat die leser die risiko loop om weens die verswakking van sy weerstand verskeie siektes op te doen. Die skrywer moes dus hierdie implikasies met die skep van die leserspersona in ag neem, en sy styl, taalgebruik en toon dienooreenkomstig kies. Ten slotte moet daar genoem word dat, alhoewel die brosjure deur die Universiteit Stellenbosch uitgegee is, dit skynbaar vir die breër gemeenskap bedoel is omdat dit deur die Departement Gemeenskapstandheelkunde uitgegee is.

Die brosjure getiteld *Om liefde te deel* is nie op 'n spesifieke teikengroep gemik nie, maar eerder 'n diverse leserspubliek. Nêrens in die brosjure word daar 'n aanduiding gegee van wie die lesers behoort te wees nie. Die inligting wat aangebied word is van 'n algemene aard, en handel meestal oor die oordrag van MIV/Vigs.

Alhoewel die *Slimkoptiener*-brosjure uit verskillende afdelings bestaan, is die brosjure in sy geheel op tieners gemik, en word dit ook so op die voorblad aangedui: "n Brosjure vir tieners in 'n wêreld waarin Vigs 'n bedreiging is". 'n Mens kan dus verwag dat die skrywer taal wat deur tieners en adolessente gepraat word sal gebruik, en dat die styl van so 'n aard sal wees dat die lesers daarmee kan identifiseer.




Die laaste dokument onder bespreking is *Vigs in ons gemeenskap*. Soos vroeër genoem, het die boek die breë gemeenskap as teikengroep, maar word sommige afdelings op spesifieke teikengroepe binne die gemeenskap gemik. Om hierdie punt te illustreer, word die geanaliseerde afdelings se teikengroepe hieronder uiteengesit.

- Wat is Vigs? is 'n algemene afdeling wat op die hele gemeenskap gemik is.
- Hoe om Vigs te voorkom het 'n primêre én sekondêre teikengroep. Die primêre teikengroep is die manlike, seksueel-aktiewe leser omdat hierdie leser oor korrekte kondoomgebruik ingelig word. 'n Voorbeeld hiervan is: "Trek die kondoom oor jou stywe penis voordat jy by jou bedmaat wil ingaan". Die afdeling het moontlik die seksueel-aktiewe vroulike leser as sekondêre teikengroep, aangesien hierdie leser haar manlike maat sou kon vertel hoe om 'n kondoom voor seksuele omgang aan te wend. Ter

ondersteuning hiervan word beide die man én die vrou aangespreek in 'n klein gedeelte van die afdeling wat oor verhoudings gaan. Daar word byvoorbeeld genoem dat “[die paartjie]...al twee die MIV-toets [moet] ondergaan voordat [hulle] ophou om 'n kondoom te gebruik”.

- Hoe jong mense Vigs kan bestry het heel duidelik jongmense as teikengroep, maar ongelukkig word die ouderdomsgroep nie gespesifiseer nie.
- Versorging en ondersteuning van mense met Vigs is op twee teikengroepe gemik, en beide blyk primêr te wees omdat daar ewe veel inligting aan beide gegee word. Die een teikengroep is mense wat saam met 'n MIV-positiewe persoon bly aangesien daar aan hierdie lesers instruksies gegee word oor die versorging van sodanige persoon. Die tweede teikengroep is die MIV-positiewe leser self omdat daar ook aan hierdie leser instruksies oor 'n gesonde lewenstyl gegee word. 'n Voorbeeld van so 'n instruksie is: “Hou op om te rook en moenie alkohol gebruik nie. Hierdie gewoontes verswak jou liggaam.”

Bogenoemde inligting bewys dat, alhoewel al die tekste oor MIV/Vigs en verskillende verwante aspekte handel, die tekste op 'n verskeidenheid teikengroepe gemik is.



3.4 Kommunikatiewe doelwitte

Kommunikatiewe doelwitte verteenwoordig dit wat die skrywer met sy teks wil bereik. Lentz en Pander Maat (1993:52) noem dat daar, soos in hoofstuk 2 bepreek, vyf kommunikatiewe doelwitte is:

- Informatief
- Instruktief
- Oorredend
- Motiverend
- Affektief

Nadat die skrywer dus sy onderwerp en teikengroep bepaal het, moet hy besluit watter kommunikatiewe doelwitte hy met sy teks wil bereik. Afhangende van die uiteindelijke of beleidsdoelwit van 'n teks, kan daar tussen primêre en sekondêre kommunikatiewe doelwitte onderskei word. Die primêre doelwit hou gewoonlik sterk met die uiteindelijke doelwit verband, terwyl die sekondêre doelwit onderliggend van aard is. Al bogenoemde kommunikatiewe doelwitte kom in die verskillende MIV/Vigs-tekste voor, en word vervolgens per teks bespreek.

Kommunikatiewe doelwitte help ook moontlik die skrywer om op die tipe leserspersona te besluit waardeur sy boodskap met die grootste sukses oorgedra sal word. Die aanname is dat verskillende kommunikatiewe doelwitte hulleself tot 'n sekere tipe leserspersona leen, soos byvoorbeeld in die geval van die informatiewe doelwit: Omdat die skrywer met hierdie doelwit slegs beoog om sy leser oor die betrokke onderwerp in te lig, word daar aanvaar dat die skrywer van 'n saaklike en neutrale leserspersona gebruik sal maak. Met die instruktiewe, oordedende en motiverende doelwitte wil die skrywer meer as net inligting aan die leser oordra, maar wil hy die leser se gedrag verander; vandaar word hierdie doelwitte as gedragsturend beskou. Die skrywer wil dus sy leser se gedrag in 'n sekere rigting stuur, en kan dit bloot doen deur die skep van 'n sterk leserspersona met duidelik herkenbare kenmerke wat by die teks en onderwerp pas.



In hierdie afdeling word die kommunikatiewe doelwitte uitgelig ten einde die bespreking van die verband tussen hierdie doelwitte en die onderskeie brosjures se leserspersonas in afdeling 3.6 te vergemaklik.

3.4.1 MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling

Hierdie brosjure het meer as een kommunikatiewe doelwit, waarvan een primêr is en die res sekondêr. Die primêre doelwit is informatief omdat die brosjure sy lesers oor MIV/Vigs wil inlig. Ter ondersteuning hiervan word daar op die voorblad genoem dat dit “'n Inligtingspamflet vir 'n beter ingeligte kampus” is. Voorbeelde van inligting wat deur die pamflet oorgedra word, kan onder die subtema Wat is Vigs? gevind word: “Vigs is 'n afkorting vir Verworwe Immuniteitsgebrek Sindroom.” (sic); “MIV is nie Vigs nie. MIV is die Menslike Immuniteitsgebrek Virus wat veroorsaak dat jou

liggaam se immuniteitstelsel verswak” (sic). Selfs onder die subtema MIV, Vigs en seks waar instruksies oor kondoomgebruik gegee word, is daar inligtingselemente teenwoordig: “Kondome maak seks veiliger. Let asb daarop dat dit slegs veiliger is; nie 100% veilig nie!” (sic), en “Kondome kan deur hitte, lig of vogtigheid beskadig word”.

Die sekondêre kommunikatiewe doelwitte van die teks is die instruktiewe en ooredende doelwitte. Die instruktiewe doelwit word in die verskeie instruksies aan die leser weerspieël, veral rakende korrekte kondoomgebruik. Met die ooredende doelwit wil die skrywer(s) die leser daarvan oortuig dat MIV/Vigs wél op Stellenbosch bestaan, en dat “[m]et hoe meer mense [die leser] onbeskermd seks het, hoe makliker sal [die leser] iemand ontmoet wat MIV het en wat [die leser] kan infekteer”. Hierdie sin kan as ooredend beskou word, want deur die negatiewe gevolge uit te lig wil die skrywer sy leser(s) ooreed om onbeskermd seks te vermy en selfs aan een seksmat getrou te bly.

3.4.2 HIV & jou mond (sic)

In hierdie brosjure kom al vyf kommunikatiewe doelwitte voor, maar is slegs die informatiewe doelwit primêr. Die brosjure bied inligting oor mondhygiëne in die algemeen, maar konsentreer in meer detail op die verskillende tipes mondsiektes en -infeksies wat MIV-positiewe mense maklik kan opdoen. Mondsiektes soos Candiase, harige leukoplakie asook tandverrotting word in die brosjure bespreek.

Die res van die kommunikatiewe doelwitte, wat almal sekondêr van aard is, is instruktief, ooredend, motiverend en affektief. Die instruktiewe doelwit word in gedeeltes aangetref waar die skrywer(s) verskeie instruksies aan die leser gee om goeie mondgesondheid te verseker. Instruksies soos “Borsel jou tande om tandvleissiekte te voorkom” en “Eet gereeld vars vrugte en groente om jou tande en tandvleis gesond te hou”, kom byvoorbeeld in die brosjure voor.

Die ooredende en motiverende doelwitte word sáám in die teks behaal deurdat die leser ingelig word oor die belangrikheid van mondgesondheid. Die skrywer(s) wil nie net die leser ooreed dat mondgesondheid belangrik is nie, maar wil terselfdertyd die

leser motiveer om spesiale aandag aan sy mond te bestee om hom derhalwe teen pyn en lyding te beskerm. Sommige instruksies gaan ook met 'n motivering gepaard van waarom dit belangrik is dat die instruksies uitgevoer word:

- “Vermy soetgoed, veral tussen maaltye – suiker is skadelik vir tande wanneer oormatig gebruik word”.
- “Gebruik fluoried tandepasta (sic). Dit help voorkom tandbederf”.
- “Eet gereeld vars vrugte en groente om jou tande en tandvleis gesond te hou”.

Die laaste sekondêre doelwit is die affektiewe een, wat slegs een keer in die brosjure bereik word. Met die sin “Dit verg moed om jou tandarts te vertel dat jy HIV het” (sic), wil die skrywer(s) te kenne gee dat hy/hulle begryp dat die leser soms daarvoor twyfel of hy sy tandarts van sy MIV-status moet inlig. Nietemin wil die skrywer(s) die leser aanmoedig om dit wel te doen omdat die tandarts dan meer bedag sal wees op enige tekens van infeksie in die leser se mond.



3.4.3 Om liefde te deel

In hierdie teks word verskeie kommunikatiewe doelwitte bereik, naamlik informatiewe, instruktiewe, oordedende én motiverende doelwitte. Die informatiewe doelwit is primêr omdat die brosjure die leser hoofsaaklik oor MIV/Vigs-oordrag inlig.

Die eerste sekondêre doelwit, die instruktiewe doelwit, word in gedeeltes oor kondoomgebruik en vaginale seks bereik. In die gedeelte oor kondome word die leser byvoorbeeld aangeraai om die kondoom versigtig uit sy pakkie te haal om dit nie te beskadig nie, en word daar ook instruksies gegee oor hoe die kondoom na ejakulasie verwyder moet word. In die gedeelte oor vaginale seks word die leser aangeraai om seks wat pyn of bloeding veroorsaak te vermy.

Die laaste twee sekondêre doelwitte is die oordedende en motiverende doelwit. Indien die leser MIV-positief is, wil die skrywer(s) hom ooreed om nie chemikalieë of

bleikmiddels in of op geslagsdele te gebruik nie, omdat dit nie die virus sal doodmaak nie, maar wel die genitale area sal beskadig en selfs die persoon kan vergiftig. Verder word die leser gemotiveer om die instruksies oor kondoomgebruik noukeurig te volg om enige probleme te voorkom. 'n Voorbeeld van waar 'n instruksie gemotiveer word, is waar die teks lui dat die leser "...die kondoom nie in die toilet [moet] afspoel nie, aangesien dit die toilet kan verstop".

3.4.4 Slimkoptiener

Weens die omvangryke aard van die brosjure volg hier slegs 'n samevatting van al die teenwoordige kommunikatiewe doelwitte in die verskillende afdelings.

Die informatiewe doelwit blyk in meeste afdelings primêr te wees omdat die brosjure sy leser oor moontlik bedreigende aspekte wil inlig. Die afdeling Hoe ons volwasse word wil byvoorbeeld die leser oor die veranderinge gedurende die oorgang van kind na volwassene inlig, terwyl Wat is Vigs? die leser oor die oordrag en verskillende stadia van MIV/Vigs inlig. Ander afdelings wat ook die informatiewe doelwit as primêre doel het, is Wat is die MIV-toets? waar die leser oor die prosedure gedurende die MIV-toets ingelig word, asook Seksueel-oordraagbare Infeksies wat die leser meer oor die oordrag en genesing van infeksies vertel.

Die res van die kommunikatiewe doelwitte in die afdelings kom as sekondêre doelwitte voor. Voorbeelde van die ooredende en motiverende doelwitte kan in afdelings soos Besluite oor seks en Seksueel-oordraagbare Infeksies gevind word. Eersgenoemde afdeling lui naamlik dat:

- “[p]arty mense [om] morele redes [besluit] om nie seks te hê nie” (bl. 4);
en
- “'n [a]nder goeie rede om nie seks te hê nie, is om te voorkom dat die meisie swanger raak” (bl. 4).

Hiermee wil die skrywer(s) die leser ooreed om nie seks te hê nie, en word daar selfs gemotiveer waarom dit 'n goeie keuse is. In die afdeling oor seksueel-oordraagbare infeksies wil die skrywer(s) die leser ooreed en motiveer om 'n dokter te besoek

indien hy dink dat hy 'n seksueel-oordraagbare infeksie het, deur te sê: “[a]s [die leser sy] dokter gaan spreek of na 'n kliniek toe gaan sodra [hy] vermoed dat [hy] 'n SOI het, kan dit in die meeste gevalle genees word” (bl. 10). Op dieselfde bladsy staan ook dat die leser se maat “...dieselfde tyd as [die leser] behandeling [moet] kry, anders kan [die] maat [die leser] weer [daarmee] aansteek”.

Die instruktiewe doelwit word ook as sekondêre doelwit in verskeie afdelings aangetref. By Seksueel-oordraagbare Infeksies word daar aan die leser instruksies oor kondoomgebruik gegee ten einde die oordrag van infeksies te verhoed. Die leser word op bladsy 11 die instruksie gegee om “[seker te maak] dat die deel van die kondoom wat moet afrol, aan die buite kant is” (sic), en dat “[s]odra die man ‘gekom’ het,...[die leser] die kondoom onderom (naaste aan [die man se] lyf) [moet] vashou en die penis met die kondoom en al uit die vagina trek”.

Die laaste kommunikatiewe doelwit in die brosjure is die affektiewe doelwit. Hierdie doelwit kom in 'n mindere mate voor, maar word wel by Hoe ons volwasse word en Besluite oor seks aangetref. By die eerste afdeling wil die skrywer(s) die leser die indruk gee dat hy nie alleen is in die grootwordproses nie, maar dat die skrywer(s) werklik begryp waardeur die leser gaan, en hom van hulp wil wees. Die leser se emosies word verder aangespreek wanneer daar op bladsy twee geskryf word: “Puberteit kan 'n mens se kop regtig deurmekaar maak – so baie dinge gebeur in so 'n klein rukkie...Terselfdertyd verwag almal jy moet hard leer en jou eksamen deurkom”.

3.4.5 Vigs in ons gemeenskap

Soos reeds genoem is slegs sommige afdelings van hierdie boek geanaliseer, en word slegs daardie afdelings se kommunikatiewe doelwitte nou bespreek. Die afdeling Wat is Vigs? het slegs een kommunikatiewe doelwit, naamlik 'n informatiewe doelwit. Die afdeling bied inligting oor wat MIV/Vigs is en hoe dit oorgedra word. Op bladsy twee van die boek staan daar dat Vigs deur 'n kiem of virus met die naam MIV veroorsaak word, en dat hierdie virus net in “bloed, sperms en vagina vloeistof” (sic) kan “leef”.

Die afdeling Hoe om Vigs te voorkom het verskeie kommunikatiewe doelwitte, naamlik informatiewe, instruktiewe en oordedende doelwitte. Die informatiewe en instruktiewe doelwitte is primêr, terwyl die oordedende doelwit sekondêr is. Eersgenoemde doelwitte word as primêr beskou omdat die afdeling nie net die leser oor die voorkoming van MIV-verspreiding wil inlig nie, maar ook konkrete stappe vir sodanige voorkoming aan die hand doen. Met die informatiewe doelwit lig die skrywer(s) die leser oor kondoomgebruik en die rol daarvan in die stryd teen MIV/Vigs in. Die instruktiewe doelwit word bereik wanneer die skrywer(s) die leser instruksies gee oor korrekte kondoomgebruik as effektiewe beskermingsmaatreël.

Die oordedende doelwit is sekondêr omdat dit in 'n baie geringe mate in die afdeling aangetref word. Die afdeling lui dat "...die maats 'n getroue verhouding teenoor mekaar moet hê en hou, anders sal die seks nie meer veilig wees nie" (bl. 13). Hierdie aanhaling wil beide "maats" oorreed om getrou aan mekaar te bly indien hulle veilige seks wil beoefen. Ongelukkig wei die skrywer(s) van die teks nie uit oor die gevolge van onveilige seks nie. Die gebrek aan motivering is dalk weens die feit dat die leser vanuit die res van die afdeling en selfs die opskrif kan aflei dat MIV/Vigs-oordrag een van die gevaarlike gevolge is.

Die volgende afdeling, Hoe jong mense Vigs kan bestry, bevat informatiewe en instruktiewe doelwitte. Die informatiewe doelwit is primêr omdat die grootste gedeelte van die afdeling inligting oor verskillende aspekte aan die leser oordra. Alhoewel die opskrif van die afdeling die indruk skep dat inligting oor Vigs-bestryding oorgedra word, handel dit eerder oor temas waaroor die leser dalk wonder. Daar word byvoorbeeld genoem dat die leser nie seks behoort te hê voordat hy 'n jong volwassene is nie omdat sy liggaam nog nie daarvoor gereed is nie, maar indien die leser wél seksueel wil verkeer, word daar genoem waar kondome beskikbaar is.

Die instruktiewe doelwit word ook bereik – wel nie in die vorm van instruksies oor hoe die leser Vigs kan bestry nie, maar eerder in instruksies van toepassing op die leser se daaglikse lewe. Die leser word byvoorbeeld aangeraai om "...goed na [te dink] voordat [hy] seks het" (bl. 14), en om "...eers alles wat [hy] kan te wete [te kom] oor seks voordat [hy] begin" (bl. 14).

Die laaste afdeling, Versorging en ondersteuning van mense met Vigs, bevat vier kommunikatiewe doelwitte. Die instruktiewe doelwit is primêr, terwyl die informatiewe, oorredende en motiverende doelwitte sekondêr van aard is. Die primêre aard van die instruktiewe doelwit is duidelik uit die groot aantal instruksies oor die versorging en ondersteuning van MIV-positiewe mense. Die leser wat die MIV-positiewe persoon moet help, word touwys gemaak om toe te sien dat dié persoon gesonde kos soos groente, vrugte en eiers eet; die persoon so gereeld as moontlik na 'n hospitaal of kliniek te neem, en die persoon lief te hê en te ondersteun (bl. 26). Die MIV-positiewe persoon word aangeraai om gereeld oefening te doen, op te hou rook en alkohol gebruik (bl. 27).

'n Aantal sekondêre doelwitte ondergeskik aan die instruktiewe doelwit, word ook in die afdeling aangetref. Die eerste hiervan is die informatiewe doelwit. Hierdie doelwit word deur sommige instruksies bereik, byvoorbeeld waar die leser aanbeveel word om gereeld 'n kliniek of hospitaal te besoek, want “[d]ie gesondheidswerker sal [die leser] help om siektes soos TB en longontsteking te voorkom”.

Die oorredende en motiverende doelwitte wat ook sekondêr van aard is, word gesamentlik in die afdeling bereik. Die sin “Maak seker dat die persoon goeie kos eet om sodoende so lank as moontlik sterk te bly” (bl. 26) is oorredend, omdat daar aan die leser verduidelik word waarom dit noodsaaklik is dat die MIV-positiewe persoon gesonde kos inneem. Die sin is egter terselfdertyd motiverend omdat die leser indirek gemotiveer word om die MIV-positiewe persoon gesonde kos te gee om hom sterk te hou en vir so lank as moontlik teen Vigs te beskerm. 'n Ander voorbeeld waar bogenoemde doelwitte tegelyk bereik word is in die volgende gedeelte: “Hou op om te rook en moenie alkohol gebruik nie. Hierdie gewoontes verswak jou liggaam. Dit is dan makliker vir die MIV-kiem om sterk te word en dan kan jy gouer Vigs kry” (bl. 27). Hierdie gedeelte is beide oorredend en motiverend omdat die gevare van rook en alkohol uitgewys word, terwyl daar ook beklemtoon word dat indien hy sou aanhou rook en alkohol gebruik, die leser die gevaar loop om te verswak en gouer Vigs te kry.

Ten slotte: Die meeste brosjures maak oorwegend van die informatiewe kommunikatiewe doelwit gebruik. Daardeur beoog skrywers om hulle lesers in te lig

en nie om hulle gedrag te stuur of te verander nie. Dit beteken dat skrywers moontlik van 'n saaklike en neutrale leserspersona gebruik sal maak om die nodige inligting aan hulle lesers oor te dra. Of dit wel die geval is, word in die bespreking van die teenwoordige leserspersonas in die vyf MIV/Vigs-tekste bepaal (afdeling 3.6).

3.5 Uiteindelige of beleidsdoelwit

Die uiteindelige of beleidsdoelwit is die dieperliggende doel wat die skrywer met sy teks wil bereik. Hierdie doelwit kan ook bepalend wees vir die inhoud en formulering van die teks. Met behulp van kommunikatiewe doelwitte kan die skrywer sy uiteindelige of beleidsdoelwit bereik. Met inagneming van die genoemde kommunikatiewe doelwitte, word die verskillende tekste se uiteindelige doelwitte vervolgens bespreek.

Die MIV/Vigs-brosjure van die Studentesake-afdeling se uiteindelige doelwit word deur die informatiewe kommunikatiewe doelwit bereik, omdat die skrywer(s) die verspreiding van MIV/Vigs op die Stellenbosch-kampus wil verhoed deur inligting oor die gevare en oordrag van die virus aan studente oor te dra. 'n Ander brosjure met dieselfde uiteindelige doelwit is *Om liefde te deel* – hierdie brosjure wil op dieselfde manier die verspreiding van MIV/Vigs verhoed deur lesers oor die oordrag en verspreiding daarvan in te lig. Daar is ook reeds by laasgenoemde brosjure vasgestel dat die informatiewe doelwit die uiteindelige doelwit help bereik.

Die enigste brosjure wat oor MIV/Vigs en mondhigiëne handel, *HIV en jou mond*, streef eerder 'n ander dieperliggende doelwit na, naamlik om gesonde mondhigiëne onder MIV-positiewe mense te bevorder deur hulle oor die gevare en ongemak van swak mondhigiëne en die voordele van 'n gesonde mondsorgroetine in te lig.

In die verskillende afdelings van die *Slimkoptiener*-brosjure word verskeie uiteindelige doelwitte bereik. In die afdeling Hoe ons volwasse word wil die skrywer(s) 'n beter begrip van die veranderinge in die leser se liggaam vestig. Die volgende afdeling, Besluite oor seks, poog om die leser te laat besef dat daar goed nagedink moet word voor die besluit om seksueel aktief te raak, en indien die leser

reeds aktief is, dit op 'n veilige en verantwoordelike wyse benader moet word. Die afdelings Wat is Vigs? en Wat is die MIV-toets? se uiteindelijke doelwitte is onderskeidelik om die leser oor MIV/Vigs-verwante aspekte en die MIV-toets op te voed. Die laaste afdeling van hierdie brosjure, Seksueel-oordraagbare Infeksies, se beleidsdoelwit is om die verspreiding van seksueel-oordraagbare siektes te verhoed deur lesers daarvoor in te lig en op die moontlike genesing daarvan te wys.

Die afdelings wat in die *Vigs in ons gemeenskap*-dokument geanaliseer is het ook verskillende uiteindelijke doelwitte. Die afdeling Wat is Vigs? het ten doel om die leser ten opsigte van MIV/Vigs en die effek daarvan op die mens en die gemeenskap op te voed, terwyl Versorging en ondersteuning van mense met Vigs die belangrikheid van die versorging en onderskraging van MIV-positiewe mense beklemtoon en bevorder. Die oorblywende afdelings, Hoe om Vigs te voorkom en Hoe jong mense Vigs kan bestry, wil albei MIV/Vigs-verspreiding voorkom deur veilige-seksbeoefening, soos korrekte kondoomgebruik, seks sonder penetrasie, of onthouding van seksuele omgang, te bevorder.

3.6 Van funksionele teksanalise na leserspersona

Die verskillende aspekte van funksionele analise, naamlik die tema, die teikengroep, die kommunikatiewe doelwitte asook die uiteindelijke of beleidsdoelwit, is in afdeling 3.2 tot 3.5 bespreek. In die afsonderlike afdelings is daar reeds aangedui watter rol hierdie aspekte in die bepaling van die leserspersona speel. Veral die teikengroep en kommunikatiewe doelwitte kan in 'n direkte verband tot die keuse van leserspersona in die betrokke tekste staan. In hierdie afdeling word hierdie verband van naderby ondersoek.

'n Sorgvuldige analise van die betrokke tekste bring die volgende doelwitverdeling aan die lig: Aan die een kant is daar tekste of teksonderdele met 'n oorwegend informatiewe doelwit; aan die ander kant, tekste met 'n oorwegend gedragsturende doelwit. Gedragsturing verwys na wanneer die skrywer sy leser(s) se gedrag met behulp van sy teks wil stuur of verander. Drie besondere gedragsturende doelwitte kan spesifiek onderskei word, naamlik die oorredende doelwit, die motiverende

doelwit en die instruktiewe doelwit. 'n Deeglike ondersoek toon 'n duidelike verskil in leserspersona tussen tekste met 'n informatiewe en dié met 'n gedragsturende doelwit. In die geval van gedragsturende tekste neem die leserspersona verskeie gedaantes aan, terwyl dit in informatiewe tekste meestal meer saaklik en neutraal is om slegs inligting oor te dra.

Die volgende omvattende bespreking van die verskillende leserspersonas in die vyf MIV/Vigs-tekste het ten doel om die verband tussen kommunikatiewe doelwitte en leserspersona te illustreer. Die hoofstuk sluit af met gevolgtrekkings ten opsigte van die teikengroepe, die kommunikatiewe doelwitte en die leserspersonas van die vyf MIV/Vigs-tekste.

3.6.1 MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling

Hierdie brosjure maak meestal van 'n saaklike, neutrale leserspersona gebruik. Soos duidelik uit die voorbeelde hieronder blyk, word die leser dus voorgestel as iemand wat slegs inligting van die skrywer verlang.

- “Vigs is 'n afkorting vir Verworwe Immuniteitsgebrek Sindroom.” (sic)
- “Op die oomblik is daar geen mediese genesing vir Vigs en geen gewaarborgde manier om MIV uit jou liggaam te verwyder nie.”
- “Veiliger seks is enige seks wat sorg dat geen semen, vaginale vloeistof of bloed die liggaam penetreer nie.”
- “'n MIV toets stel vas of daar MIV teenliggame in die bloed is.” (sic)

Nêrens in die teks word daar genoem dat die leser 'n student is nie, maar die afleiding kan wel gemaak word omdat die teks na gratis berading vir studente van die Universiteit Stellenbosch verwys. Laasgenoemde punt oor die leser as student stem ook met die teikengroep van die teks ooreen: “Die Sentrum vir Studente Voorligting en -Ontwikkeling en Studente Gesondheidsdienste verskaf gratis berading aan alle geregistreerde studente aan die Universiteit van Stellenbosch” (sic).

Die rol wat vir die leser geskep word, is saaklik en neutraal omdat die primêre doelwit van die teks informatief is en die skrywer dus slegs inligting aan sy leser wil oordra. Soos in afdeling 3.4.1 genoem, word die instruktiewe en oorredende doelwitte egter ook in 'n mindere mate in die teks bereik, wat beteken dat die skrywer tóg die leser se gedrag in 'n mate wil stuur/verander. Dit word in verskeie opsigte bereik, naamlik dat die leser as seksueel aktief en mét 'n seksmaat. In afdeling 6 van die brosjure wat oor MIV, Vigs en seks handel, word die volgende genoem: “Met hoe meer mense jy onbeskermd seks het, hoe makliker sal jy iemand ontmoet wat MIV het en wat jou kan infekteer. Dieselfde geld vir jou maat.”

Met bogenoemde aanhaling wil die skrywer sy leser oorreed om veilige seks te beoefen en met slegs een maat seksueel te verkeer. Eersgenoemde punt word selfs verder gevoer deurdat instruksies oor korrekte kondoomgebruik gegee word.

'n Verdere beeld wat van die leser geskep word, is dat hy in 'n heteroseksuele verhouding betrokke is, want die brosjure noem dat indien kondome reg gebruik word, dit die leser en sy maat teen 'n ongewenste swangerskap kan beskerm: “As dit reg gebruik word, kan kondome help om jou en jou maat te beskerm teen 'n ongewenste swangerskap en baie SOS, insluitend MIV” (sic). Hiermee wil die skrywer verseker dat sy leser wél kondome gebruik omdat dit die leser en sy maat teen so 'n swangerskap kan beskerm.

Omdat die primêre kommunikatiewe doelwit van hierdie brosjure informatief is, kan daar met betrekking tot TA-rolle gesien word dat die skrywer en sy leser in die meeste tekste vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer. Waar die skrywer instruksies gee, is dit duidelik dat hy vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer, terwyl hy verwag dat die leser vanuit die Kind-ego-posisie sal reageer deur die instruksies ten opsigte van kondoomgebruik te aanvaar en toe te pas.

Ten slotte kan die leserspersona van hierdie brosjure soos volg opgesom word: Die leser is 'n student wat inligting oor MIV/Vigs verlang, 'n heteroseksuele maat het, seksueel aktief is, en dus instruksies oor korrekte kondoomgebruik benodig. Dit bly egter 'n redelik saaklike en neutrale leserspersona – die tipe persona wat in 'n teks met 'n oorwegend informatiewe doelwit verwag word.

3.6.2 HIV & jou mond (sic)

Op die voorblad van hierdie brosjure noem die skrywer(s) onmiddellik wie hulle lesers is, naamlik MIV-positiewe mense. Hierdie is 'n duidelike rol wat vir die leser geskep word, en om die sukses van hierdie teks te verseker moet dit binne hierdie raamwerk gelees word. Met hierdie spesifieke leserspersona is daar sekere duidelike implikasies, soos dat die leser een of ander tyd gesondheidsprobleme sal ervaar, goed na hom- of haarself moet kyk, en 'n korter leeftyd as die gemiddelde persoon sal hê.

Behalwe vir bogenoemde kenmerke wat aan die leser toegeken word, word daar verder in die teks van 'n saaklike en neutrale leserspersona gebruik gemaak. Die rede hiervoor is dat die teks oorwegend 'n informatiewe doelwit het. Die leser word as 'n volwassene behandel wat inligting oor die versorging van sy mond nodig. Voorbeelde van waar die leser slegs inligting ontvang sluit die volgende in:

- “Mense wat geïnfekteer is met HIV is meer geneig tot sere, ulcers en bloeiende tandvleis in hulle monde.” (sic)
- “HIV is 'n virus wat die weerstand van die liggaam verlaag en 'n mens kan siektes opdoen wat nie normaalweg voorkom by persone wat nie met HIV geïnfekteerd is nie.” (sic)
- “Tandartse is veronderstel om alle pasiënte te behandel, of hulle HIV het of nie.” (sic)

Hierdie waarnemings bevestig ook die voorspelling van TA: Die rol van die Volwassene is saaklik en feitegebaseerd, en wil slegs inligting versamel of oordra sonder om enige emosies te betrek, soos in die geval van hierdie brosjure. Beide skrywer en leser kommunikeer dus in hierdie brosjure vanuit die Volwassene-egoposisie.

Tog is daar ook gevalle waar die skrywer implisiet die leser se gedrag wil stuur deur byvoorbeeld instruksies te gee oor mond- en tandversorging:

- “Borsel jou tande om tandvleissiekte te voorkom.”
- “Maak tandvleisrande versigtig skoon.”
- “Vermy soetgoed veral tussen maaltye – suiker is skadelik vir tande wanneer oormatig gebruik word.”

Die lesersrol bly egter steeds ’n saaklike en neutrale Volwassene-rol.

3.6.3 Om liefde te deel

Met inagneming van sy teikengroep en primêre kommunikatiewe doelwit, het hierdie teks ook ’n saaklike en neutrale leserspersona. Die teikengroep van die teks is die breë gemeenskap, en die kommunikatiewe doelwit is oorwegend informatief. Die lesersrol is dus dié van iemand wat meer inligting oor MIV/Vigs en die oordrag daarvan verlang, en die skrywer wil in die grootste gedeelte van die teks nie die leser se gedrag verander nie. Voorbeelde van waar daar inligting aan die leser verskaf word, sluit in:

- “Die virus wat Vigs veroorsaak, breek die liggaam se vermoë om infeksies te bekamp en te beveg.”
- “Alhoewel die virus in alle liggaamsvloeistowwe gevind kan word, is dit slegs aansteeklik in bloed, semen en vaginale afskeidings.”
- “Twee persone wat geïnfekteerd is of moontlik geïnfekteerd is, kan steeds seksueel aktief wees op ’n verskeidenheid maniere, solank daar nie semen of vaginale vloeistof is nie.”

In hierdie brosjure word die leser binne die TA-rolsistiem as Volwassene benader. Dit beteken dat daar vanaf skrywer na leser ’n uitruiling van inligting is waartydens albei rolspelers vanuit hulle Volwassene-ego-posisie kommunikeer.


Soos in die vorige brosjures met ’n oorwegend saaklike leserspersona, het hierdie brosjure ook hier en daar tekens van ’n minder saaklike trant. Die leser word hier ook

uitgebeeld as iemand wat seksueel aktief is en dus instruksies oor korrekte kondoomgebruik benodig:

- “Rol die kondoom af op ’n erekte penis voor seks en voordat daar enige kontak is tussen die penis en die vagina.”
- “Wanneer die man geëjakuleer het, moet hy die onderrant van die kondoom vashou en die penis uit die vagina trek.”

Daar word ook selfs gesuggereer dat die leser in ’n heteroseksuele verhouding betrokke is, want daar word genoem dat sommige paartjies anale seks beoefen om te verhoed dat die vrou swanger word, asook dat dit veiliger is wanneer die man nie in die vrou se mond ejakuleer nie.

Dus, alhoewel die leserspersona meestal saaklik en neutraal is omdat daar inligting oorgedra word, word daar ook geïmpliseer dat die leser ’n heteroseksuele persoon in ’n seksuele verhouding is. In hierdie brosjure kommunikeer beide die skrywer en die leser vanuit die Volwassene-ego-posisie omdat die teks op inligting en feite oor MIV/Vigs konsentreer.




3.6.4 *Slimkoptiener*

Alhoewel hierdie brosjure uit verskillende afdelings bestaan wat elk verskillende kommunikatiewe doelwitte bereik, het dit slegs een teikengroep, naamlik tieners. Die duidelikste beeld wat van die leser in hierdie brosjure geskets word, is dat die leser ’n tiener is; die leser kan dit selfs onmiddellik op die voorblad lees: “’n Brosjyre vir tieners in ’n wêreld waarin Vigs ’n bedreiging is”.

Die leserspersona in hierdie brosjure verskil van afdeling tot afdeling. Sommige afdelings het ’n sterker leserspersona, terwyl ander weer ’n saaklike en neutrale leserspersona het. Daar word vervolgens by enkele afdelings stilgestaan om die verskeie leserspersonas in die brosjure te illustreer.

Die afdeling Hoe ons volwasse word het die sterkste leserspersona in die hele brosjure. Met die wegtrek word die leser onmiddellik meegedeel dat “[h]y...nou uiteindelik ’n adolessent [is]”. ’n Ander kenmerk wat ook aan die leser toegeken word, is dat hy hierdie stadium van sy lewe moeilik vind: “Daar gebeur nou baie dinge binne en buite jou liggaam. Terselfdertyd verwag almal jy moet hard leer en jou eksamen deurkom!” (bl. 2). Om die teenwoordige leserspersona te ondersteun, gebruik die skrywer “tienertaal” of “koel” taal om met die leser te kommunikeer. Die skrywer gebruik derhalwe sinne soos “Om groot te word is nie net goor nie” (bl. 2) en “Dit lyk heel bakgat” (bl. 3).

Ten spyte van die feit dat die afdeling Hoe ons volwasse word die sterkste leserspersona het, het dit volgens die analise van die kommunikatiewe doelwitte, ’n informatiewe primêre doelwit met ’n affektiewe sekondêre doelwit. Hierdie afdeling is dus teenstrydig met die aanname dat afdelings met ’n informatiewe doelwit gewoonlik ’n saaklike en neutrale leserspersona het. Hierdie afdeling het dalk juis ’n sterk leserspersona omdat die skrywer sy teikengroep duidelik wil afbaken. Hierdie afdeling moet binne die konteks van die res van die brosjure gesien word – dat die skrywer hier slegs met sy leser kennis maak, en dat verdere afdelings op die sturing/verandering van die leser se gedrag konsentreer.



Alhoewel ander afdelings van ’n meer saaklike en neutrale leserspersona gebruik maak om die skrywer(s) se boodskap oor te dra, bevat dit tóg sekere minder saaklike en neutrale elemente. Afdelings soos Besluite oor seks (bl. 4-5) en Seksueel-oordraagbare Infeksies (bl. 10-11) wil nie net die leser inlig nie, maar wil ook op verskeie maniere die leser se gedrag beïnvloed. Voorbeelde van minder saaklike en neutrale elemente in eersgenoemde afdeling is:

- “Ongelukkig bevind ons ons dikwels met ons maat ineengestrengel op die rusbank – sonder die vaagste idee van hoe ons eintlik behoort te besluit.”
- “Wanneer ’n mens in ’n seksuele verhouding met iemand is, stel jy jouself emosioneel baie bloot aan daardie persoon.”

Eersgenoemde sin moet in verband gebring word met die volgende skets aan die begin van die afdeling:

“Dit word laat. Jy en jou maat het ’n gesellige aand saam gehad. Nou is julle twee terug by die huis, en julle is alleen. Die ligte skyn dof, en die musiek speel saggies. Julle voel baie na aan mekaar. Die atmosfeer is gelaai. Jy het sterk gevoelens. Jy dink jou maat wil seks hê, en jy voel geneë...”


In eersgenoemde afdeling word daar genoem dat die leser ’n maat het en dat hulle dit oorweeg om seksueel te verkeer, maar nie heeltemal kundig is oor die besluite wat met seks gepaardgaan nie. Om die leser in hierdie situasie te help, bied die skrywer daarna verskillende redes waarom party mense besluit om nie seks te hê nie. So word daar byvoorbeeld genoem dat “...wanneer ’n mens besluit om nie seks te hê nie,...jy 100% beveilig [is] teen swangerskap” (bl. 4). Indien die leser egter wél besluit om seks te hê, word hy verder aangeraai om “veilige seks te beoefen ELKE KEER as [h]y seks het” deur elke keer ’n kondoom te gebruik (bl. 5). Met behulp van bogenoemde aanhalings se oordedende en motiverende aard poog die skrywer om die leser se gedrag te beïnvloed of te stuur. Die oordedende en motiverende doelwitte word bereik deurdat die skrywer verduidelik waarom dit veiliger is om glad nie seks te hê nie, of dan liever ’n kondoom te gebruik indien die leser tóg besluit om seks te hê.

In die afdeling Seksueel-oordraagbare Infeksies (bl. 10-11) is die leserspersona, soos vroeër genoem, ook saaklik en neutraal met enkele elemente wat die lesers se gedrag wil stuur:

- “Seksueel-oordraagbare infeksies (SOI’s hierna) is infeksies wat gedurende die seksdaad van een persoon na ’n ander persoon oorgedra word.” – saaklike inligting
- “Soms kan SOI’s sere aan of ’n afskeiding van die geslagsdele veroorsaak, maar partykeer is daar geen teken dat ’n persoon besmet is nie.” – saaklike inligting

- “Jy moet ook, ja, jy het reg geraai, JOU SEKSMAAT VERTEL....Jy kan dalk skaam wees, of jou maat kan selfs met jou baklei, maar dit is nog steeds beter as dat jy WEER die infeksie kry en die hele storie weer van voor af begin!” – gedragsturende inligting
- “As jy ’n kondoom gebruik elke keer as jy seks het, sal jy teen al die SOI’s, ook MIV, beskerm wees en jy sal ook ongewenste swangerskap verhoed. (Kyk, drie vir die prys van een!)” – gedragsturende inligting

Bogenoemde sinne word aangehaal om die saaklike en neutrale leserspersona, maar ook die gedragsturende elemente van die afdeling Seksueel-oordraagbare Infeksies te illustreer. Die eerste twee sinne is saaklike inligting wat ter kennisname aan die leser gebied word, terwyl die laaste sinne eerder die leser se gedrag wil stuur om sy maat te vertel indien hy ’n seksueel-oordraagbare infeksie het sodat albei daarvoor behandel kan word, asook om ’n kondoom te gebruik ten einde teen seksueel-oordraagbare infeksies en ’n moontlik ongewenste swangerskap beskerm te wees. Ten opsigte van die leserspersona suggereer die skrywer dat die leser in ’n heteroseksuele verhouding is, en dat die leser en sy maat seksueel aktief is – andersins sou dit nie nodig wees om ’n kondoom te gebruik ten einde ’n ongewenste swangerskap of seksueel-oordraagbare infeksies te verhoed nie.



In die oorblywende afdelings, Wat is Vigs? (bl. 6-7) en Wat is die MIV-toets? (bl. 8-9), gebruik die skrywer ’n saaklike en neutrale leserspersona om in lyn met die informatiewe doelwit slegs inligting aan die leser oor te dra:


- “MIV floreer in bloed en in die seksuele vloeistowwe van die liggaam (dit wil sê in die semen en vaginale afskeidings).” (bl. 6)
- “Die middelstadium van MIV-infeksie is wanneer mense simptome begin toon, soos geswelde kliere, gedurige koorsigheid, diarree (maagwerking), of velprobleme.” (bl. 7)
- “Dit is ’n bloedtoets wat wys of die persoon besmet is met die MIV-virus – dit is die virus wat Vigs veroorsaak.” (bl. 8)
- “Die toets is vertroulik en die resultaat kan nie sonder jou toestemming aan enigeen bekendgemaak word nie.” (bl. 9)

Die skrywer(s) van bogenoemde afdelings kommunikeer vanuit die Volwassene-rol met die leser omdat daar nie gepoog word om die leser se gedrag te beïnvloed nie, maar eerder die nodige inligting rakende MIV/Vigs en die MIV-toets oor te dra.

Ten slotte kan daar genoem word dat die *Slimkoptiener*-brosjure, afhangende van die betrokke afdeling se kommunikatiewe doelwitte, drie verskillende rolle, aan sy leser toeken. Die eerste rol is 'n sterk leserspersona met definitiewe kenmerke, soos in die afdeling Hoe ons volwasse word. Die tweede leserspersona is saaklik en neutraal, maar met 'n paar kenmerke wat dit minder neutraal maak, soos in Besluite oor seks. Die laaste leserspersona is dieselfde as die vorige een, naamlik die saaklike en neutrale leserspersona, maar sonder enige bykomende kenmerke. In hierdie geval wil die skrywer(s) glad nie die leser se gedrag beïnvloed nie, maar slegs inligting oordra.

3.6.5 Vigs in ons gemeenskap

Hierdie boek, wat op die hele gemeenskap gemik is, gebruik soos die *Slimkoptiener*-brosjure verskeie lesersrolle. Hierdie standpunt word nou aan die hand van die vier afdelings wat funksioneel geanaliseer is, geïllustreer.



Die afdelings met die sterkste leserspersona is Hoe om Vigs te voorkom (bl. 12-13) en Hoe jong mense Vigs kan bestry (bl. 14-15). In eersgenoemde afdeling is dit baie duidelik dat die leser 'n seksueel aktiewe man is, aangesien hy uitgebeeld word as 'n man wat instruksies oor kondoomgebruik ontvang:


- “Trek die kondoom oor jou stywe penis net voordat jy by jou bedmaat wil ingaan.” (bl. 12)
- “Hou die kondoom vas as jy jou penis uithaal, sodat die kondoom nie afval nie.” (bl. 12)

Verder word daar in die afdeling gesuggereer dat die leser heteroseksueel is omdat daar genoem word dat seks sonder penetrasie behels “...wanneer die man se penis nie by die vrou se vagina of anus ingaan nie” (bl. 13). Die leser se heteroseksuele rol

word versterk deur die feit dat al die betrokke prentjies 'n man en 'n vrou uitbeeld. In lyn met die instruktiewe primêre doelwit van die afdeling is dit duidelik dat die skrywer die leser se gedrag wil stuur of beïnvloed. Deurdat daar 'n sterk lesersbeeld gedefinieer word, is daar geen ruimte vir twyfel oor die lesersidentiteit en wat presies van die leser verwag word nie.

Die verskillende persona-kenmerke wat in Hoe om Vigs te voorkom aan die leser toegeken word, word hieronder gelys en gemotiveer:

- Die leser van die teks is 'n man, andersins sou die leser nie 'n kondoom op homself kon gebruik nie.
- Die leser het 'n maat, want daar word in die afdeling genoem dat 'n kondoom gebruik moet word voordat hy en sy maat seks het.
- Die leser is seksueel aktief, andersins sou dit nie nodig wees om oor kondoomgebruik te skryf nie.
- Na aanleiding van die prentjies en die verduidelikings van wat “seks sonder penetrasie” is – “wanneer die man se penis nie by die vrou se vagina of anus ingaan nie” (bl. 13) – is die leser in 'n heteroseksuele verhouding.



In die afdeling Hoe jong mense Vigs kan bestry (bl. 14-15) noem die opskrif duidelik dat die lesers jongmense is, en is die doel van die afdeling om jongmense vir die bestryding van MIV/Vigs toe te rus. Ongelukkig doen die afdeling nie die “onderneming” in die opskrif gestand nie, omdat dit eerder inligting gee oor temas waarvoor die leser moontlik wonder, soos eksperimentering met seks, in plaas daarvan om duidelike instruksies oor MIV/Vigs-bestryding te bied. Ten spyte van hierdie afdeling se informatiewe primêre doelwit, het dit 'n sterk leserspersona omdat die instruktiewe sekondêre doelwit ook bereik word. Kenmerke buiten jeug wat aan die leser toegeskryf word, is soos volg:

- “Jongmense is avontuurlustig.” – Die leser is jonk en moontlik avontuurlustig.
- “Dink goed na voordat jy seks het.” – Die leser oorweeg dit om seks te hê.

- “Jy soek die regte maat.” – Die leser is op soek na die regte maat.
- “Al my vriende sê dat my meisie my sal los as ek nie met haar seks het nie.” – Die leser is in ’n heteroseksuele verhouding en ervaar moontlik groepsdruk.

Bogenoemde kenmerke word uit die subopskrifte op bladsy 14-15 verkry.

Die leserspersona in die afdeling Die versorging en ondersteuning van mense met Vigs (bl. 26-29) is problematies omdat daar met twee teikengroepe gewerk word. Soos vroeër genoem is die teikengroepe, lesers wat MIV-positiewe mense moet versorg, en MIV-positiewe mense wat na hulleself moet omsien. Dié groepe word beurtelings in kort gedeeltes aangespreek, en so word verskillende persona-kenmerke telkens aan elke groep toegeken. Omdat die primêre doelwit instruktief is, beteken dit dat die skrywer met behulp van sterk persona-kenmerke die leser se gedrag wil stuur. Die skrywer wil die leser touwys maak oor hoe om ’n MIV-positiewe persoon te versorg asook hoe die MIV-positiewe mens homself moet versorg.

Op bladsy 26 word die vraag “Wat moet jy doen as iemand in jou gesin MIV-positief is?” in ’n opskrif aan die leser wat ’n MIV-positiewe persoon moet versorg, gerig. Die persona-kenmerke wat aan die leser toegeken word, is soos volg:

- “Laat die MIV-persoon toe om by die gesin te bly.” – Die leser ken iemand wat MIV-positief is.
- “Maak seker dat die persoon goeie kos eet om sodoende so lank as moontlik sterk te bly.” – Die leser versorg iemand wat MIV-positief is.
- “Wees lief vir die persoon en ondersteun hom.” – Die leser weet dalk nie hoe om die MIV-positiewe persoon te versorg nie.

In die gedeelte “Hoe kan ek my lewensmaat of my kind help as hy of sy MIV-positief is?” op bladsy 28, word daar ook sekere persona-kenmerke aan die leser toegeken:

- “Hoe kan ek my lewensmaat of my kind help as hy of sy MIV-positief is?” – Die leser se lewensmaat of kind is MIV-positief.

- “Tree net soos gewoonlik teenoor hulle op.” – Moontlik weet die leser nie hoe om teenoor hierdie persoon op te tree nie.

Met bogenoemde kenmerke skep die skrywer ’n duidelike beeld van wie sy leser is en vir wie die instruksies in die afdeling bedoel is. Daar is ook ander gedeeltes wat aan die MIV-positiewe persoon self toegewy word, waar spesifieke persona-kenmerke aan hierdie leser toegeken word. Die eerste gedeelte wat op hierdie leser gemik is, word op bladsy 27 aangetref onder die opskrif “Jy moet hierdie dinge probeer doen as jy MIV-positief is...”. Hier word twee persona-kenmerke aan die leser toegeken:

- Die leser is MIV-positief.
- Die leser rook en gebruik moontlik ook alkohol.

Op bladsy 28 onder die opskrif “Kan ek werk as ek MIV-positief is?” word daar in die sin “As jy MIV-positief is, moet jy so lank as moontlik bly werk”, aangeneem dat die MIV-positiewe persoon ’n werk het. Nog ’n kenmerk wat aan die leser toegeken word, is dat sy werk vir hom belangrik is. Hierdie kenmerk is afgelei van die sin “Werk is vir alle mense belangrik” (bl. 28).

Die laaste gedeelte wat op die MIV-positiewe leser gemik is, verskyn op bladsy 29 onder die opskrif “Jy moet hierdie dinge doen as jy MIV-positief is...”. In hierdie gedeelte word daar ook ’n paar persona-kenmerke aan die leser toegeken:


- “Beoefen altyd veilige seks.” – Die leser is seksueel aktief.
- “Maak seker dat jou bedmaat net met **jou** seks het en dat jy elke keer ’n kondoom gebruik.” – Die leser het ’n maat, en weet hoe om ’n kondoom te gebruik, want daar word nie instruksies oor korrekte kondoomgebruik gegee nie.

Bogenoemde paragrawe illustreer hoe divers die persona-kenmerke in die afdeling Die versorging en ondersteuning van mense met Vigs is. Dié tweeledige persona-kenmerke word deur die verskillende teikengroepe in die afdeling teweeggebring.

In die afdeling Wat is Vigs? (bl. 2-3) word daar van 'n neutrale en saaklike leserspersona gebruik gemaak, want die skrywer(s) se enigste doelwit is om inligting aan die leser oor te dra sonder om die leser se gedrag te beïnvloed:

- “Die MIV-kiem word deur seksvloeistof of bloed van een mens na die ander oorgedra.” (bl. 2)
- “Wanneer die MIV-kiem in jou liggaam kom, beskadig dit die immunitietstelsel stadigaan.” (bl. 3)

Die navorser ervaar sommige beelde wat van die leser geskep word as problematies. So 'n voorbeeld is te vinde in die afdeling Hoe om Vigs te voorkom in die *Vigs in ons gemeenskap*-boek: Die leser word as 'n manlike heteroseksuele persoon uitgebeeld, wat moontlik die indruk skep dat slegs mans MIV/Vigs kan voorkom. Verder word die homoseksuele gemeenskap glad nie in die afdeling erken nie omdat daar alleenlik oor 'n heteroseksuele verhouding gepraat word. Nog 'n problematiese aspek rakende leserspersona kom in die afdeling Die versorging en ondersteuning van mense met Vigs voor. Die feit dat daar hier 'n tweeledige leserspersona voorkom, kan moontlik tot die vraag lei of die betrokke afdeling se leserspersona in sy geheel effektief en uiteindelik suksesvol is.



Ten slotte is dit belangrik om na een afdeling in die *Slimkoptiener*-brosjure, Hoe ons volwasse word, te verwys. Hierdie betrokke afdeling het 'n informatiewe primêre doelwit en 'n affektiewe sekondêre doelwit (sien afdeling 3.4.4), maar tog beskik die afdeling oor 'n sterk leserspersona. Dit is teenstrydig met die aanname dat 'n teks met 'n informatiewe doelwit gewoonlik 'n saaklike en neutrale leserspersona het.


3.7 Gevolgtrekking

Die funksionele analise van die vyf dokumente, en die bespreking van die dokumente se afsonderlike leserspersonas het probeer aantoon hoe verskillende teksontwerp-aspekte, naamlik die tema, teikengroep, kommunikatiewe doelwitte, en die uiteindelijke of beleidsdoelwit, met die teenwoordigheid van die leserspersona verband hou. Hieruit volg dat die belangrikste elemente van funksionele analise wat

die leserspersona-identifisering (en uiteindelik ook -waardering) beïnvloed, die teikengroep en die kommunikatiewe doelwitte van 'n betrokke teks is.

Aan die hand van kommunikatiewe doelwitte kan tekste hoofsaaklik in twee kategorieë verdeel word: informatiewe en gedragsturende tekste. Informatiewe tekste gebruik 'n saaklike en neutrale leserspersona om slegs die nodige inligting aan die leser oor te dra. Gedragsturende tekste aan die ander kant, maak veral van instruktiewe, oordedende en motiverende doelwitte gebruik. In die nastreef van hierdie doelwitte wil die skrywer die leser oortuig om sy gedrag te verander, in hierdie gevalle gedrag en denke wat met veilige gesondheidspraktyke te doen het. Die skrywer het dus hier die opsie om 'n sterk leserspersona met definitiewe persona-kenmerke te gebruik, waarmee hy uiteindelik die leser se gedrag kan stuur. Daar word dus afgelei dat alle tekste, ongeag hulle teikengroep en kommunikatiewe doelwitte, wél altyd 'n leserspersona bevat.

'n Paar belangrike punte ten opsigte van die leserspersona in die vyf MIV/Vigs-tekste word hieronder uitgelig:

- 
- Alle tekste bevat wél 'n leserspersona.
 - Daar is veral twee tipes leserspersona, naamlik 'n saaklike en neutrale leserspersona, en 'n sterk, goedgedefinieerde leserspersona.
 - Die saaklike en neutrale leserspersona word in tekste met 'n informatiewe primêre doelwit aangetref.
 - Die sterk, goedgedefinieerde leserspersona word in gedragsturende tekste gebruik wat instruktiewe, oordedende en/of motiverende kommunikatiewe doelwitte nastreef.
 - In Afrikaanse MIV/Vigs-tekste blyk die saaklike en neutrale leserspersona te oorheers.

Die bespreking van die leserspersonas in die vyf gekose MIV/Vigs-tekste het 'n aanduiding gegee van die verskillende leserspersonas wat in die algemeen in MIV/Vigs-tekste kan voorkom, byvoorbeeld iemand wat self MIV-positief is, of iemand wat 'n MIV-positiewe persoon moet versorg en ondersteun. Dit blyk veral dat

skrywers by meer sensitiewe temas, soos die MIV-toets en die presiese betekenis van MIV/Vigs, daartoe geneig is om 'n meer saaklike en neutrale leserspersona te gebruik. Die rede daarvoor kan natuurlik ook wees dat die skrywers slegs inligting wil oordra sonder om die leser se gedrag te beïnvloed.

Die MIV/Vigs-tekste wat in hierdie hoofstuk bespreek is, illustreer hoe die saaklike en neutrale leserspersona in tekste met 'n oorwegend informatiewe kommunikatiewe doelwit gebruik word. Die saaklikheid van die leserspersona kan egter problematies wees omdat lesers se gedrag ten opsigte van MIV/Vigs nog nie genoeg beïnvloed en gestuur word nie. Daar word nog te saaklik oor hierdie epidemie geskryf terwyl daar eerder 'n behoefte is vir 'n meer ooredende inslag om die leser op 'n vars manier ten opsigte van MIV/Vigs te beïnvloed.

By afdeling 3.6 word daar kortliks na die TA-rolle met betrekking tot die leserspersona in die verskeie brosjures verwys. Hierdie onderwerp word nou in die volgende hoofstuk van naderby bekyk.



Hoofstuk 4

Die toepassing van transaksionele analise (TA) op vyf MIV/Vigs-tekste

Transaksionele analise, soos in hoofstuk 2 (sien afdeling 2.4) bespreek, is 'n sosiaal-sielkundige metode wat aandui hoe mense met mekaar vanuit die drie ego-posisies, naamlik dié van Ouer, Volwassene en Kind kommunikeer. Hierdie ego-posisies is van potensiele waarde vir die bestudering van persona, want dit sou 'n aanduiding kon gee van die ego-posisies waaruit die skrywer kommunikeer en waaruit hy verwag sy leser moet kommunikeer ten einde die sukses van die teks te verseker.

In hoofstuk 1 is daar twee probleemvrae geformuleer oor die leserspersona in die vyf MIV/Vigs-brosjures. Die eerste probleemvraag is van spesifieke belang vir hierdie studie: Watter leserspersonas word in Afrikaanse Vigs-voorligtingsdokumente gebruik? Die doel van hierdie studie is om by hoofstuk 3 (sien afdeling 3.6) se bespreking van die leserspersonas in die vyf MIV/Vigs-brosjures aan te sluit. In hoofstuk 3 is daar deur middel van 'n funksionele teksanalise aangetoon dat al vyf die MIV/Vigs-dokumente wél leserspersonas bevat, en is daar verder aangetoon dat daar ook verskillende leserspersonas aanwesig kan wees. Dié twee hoofstukke het ook aangetoon dat transaksionele analise waardevol kan wees wanneer die moontlike lesersrolle in die MIV/Vigs-brosjures geanaliseer word.

In hierdie hoofstuk gaan die TA-teorie as raamwerk gebruik word waarbinne die verskillende personas, veral die leserspersona, in die betrokke MIV/Vigs-brosjures beskryf en gedefinieer sal word. Hoofstuk 3 het reeds bepaal dat daar veral twee leserspersonas is, naamlik 'n saaklike en neutrale leserspersona, en 'n sterk, gedefinieerde leserspersona. Met behulp van die TA-teorie wil die navorser bepaal binne watter ego-posisies hierdie twee leserspersonas val. Na aanleiding van die bespreking oor die ego-posisies se kenmerke, word die hipotese gestel dat 'n saaklike en neutrale leserspersona binne die Volwassene-ego-posisie geplaas kan word, terwyl die sterk, gedefinieerde leserspersona binne die Ouer- of die Kind-ego-posisie val. Dit beteken dat indien 'n leserspersona saaklik en neutraal is, die skrywer verwag dat sy leser hoofsaaklik vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer omdat hierdie

ego-posisie slegs op die inwinning van feite en inligting konsentreer. Aan die ander kant, wanneer 'n leserspersona sterk en gedefinieerd is, word daar verwag dat die leser hoofsaaklik vanuit die Kind-ego-posisie sal kommunikeer. In so 'n geval sou die skrywer vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer om die leser se Kind-ego-posisie die nodige leiding met betrekking tot die onderwerp te gee.

Hierdie hoofstuk sluit dus aan by hoofstuk 3 om te bepaal watter leserspersonas in die vyf MIV/Vigs-brosjures aangetref word. Met beide hoofstuk 3 en hierdie hoofstuk beoog die navorser om die eerste probleemvraag in hoofstuk 1 (sien afdeling 1.2) te beantwoord.

4.1 Die metode van analise van TA-rolle in MIV/Vigs-brosjures

Om te bepaal watter transaksionele rolle (of ego-posisies soos hulle ook genoem word) in die MIV/Vigs-brosjures gebruik word, word elke brosjure afsonderlik geanaliseer. Om die betroubaarheid van die analise te verhoog, het die navorser en twee ander analitici dit self behartig. Die eerste analitikus het haar meestersgraad in Afrikaans en Nederlands verwerf, en is tans die hoof van die Eenheid vir Dokumentontwerp by die Taalsentrum van die Universiteit Stellenbosch. Die ander analitikus het haar MPhil in Vertaling verwerf, en is tans 'n senior navorser by die Eenheid vir Dokumentontwerp by bogenoemde Taalsentrum.

Die opdrag vir hierdie deelstudie is die analise van beide skrywers- en leserskommunikasie in die vyf MIV/Vigs-brosjures. Elke analitikus moes dus al vyf brosjures met behulp van transaksionele analise analiseer ten einde te bepaal vanuit watter ego-posisies die skrywer kommunikeer en sy leser na verwagting sal reageer. Weens die feit dat die bykomende analitici nie met transaksionele analise bekend was nie, het hulle 'n verkorte weergawe van afdeling 2.4 uit hoofstuk 2 ontvang: Elkeen het 'n kopie van tabel 2.1, 2.2 en 2.3 ontvang met 'n beskrywing en uiteensetting van die verskillende ego-posisies en hulle betrokke subrolle.

Om die analise van die tekste se TA-rolle te vergemaklik, is die brosjures in tabelle² oorgetik. Elke opskrif en sin is chronologies in die tabelle genommer. Hieronder is 'n voorbeeld van so 'n tabel:

	Skrywer	Leser
1. 'n Inligtingspamflet vir 'n beter ingeligte kampus.		
2. 1. WAT IS VIGS?		
3. Vigs is 'n afkorting vir Verworwe Immuniteitsgebrek Sindroom.		
4. Verworwe: Verkry van 'n eksterne bron, dikwels deur 'n bewuste daad.		
5. Immuniteit: Jou liggaam se vermoë om siekte te beveg.		

Tabel 4.1: Hierdie is 'n voorbeeld van die tabel gebaseer op die Studentesake-brosjyre

Aan die regterkant is twee kolomme oopgelaat: In die eerste kolom moes die ego-posisie waaruit die skrywer kommunikeer ingevul word, en in die laaste kolom die ego-posisie waaruit die leser na verwagting moes reageer. Twee aspekte moes gedurende die analise van die brosjures in gedagte gehou word:

- Eerstens moes daar bepaal word watter “persoon”, hetsy die skrywer of die leser, in elke afsonderlike sin of opskrif kommunikeer.
- Daarna moes daar bepaal word watter transaksionele rol of ego-posisie aan hierdie spesifieke rolspeler toegeken is. Hierdie analise is aan die hand van die diagramme en kenmerke van die verskillende sub-ego-posisies of subrolle, soos in hoofstuk 2 bespreek, gedoen.

In al die gevalle kon slegs een van die blokkies per sin ingevul word omdat slegs een van die twee rolspelers uit die aard van die saak in elke sin of opskrif kommunikeer.

In hoofstuk 2 word die drie ego-posisies se sub-ego-posisies of subrolle genoem, en word elkeen se kenmerke bespreek. Omdat hierdie subrolle belangrik is vir hierdie analise word hulle kortliks hieronder herhaal. Om die analise so kort en maklik moontlik te maak, is die volgende kodes aan die verskillende TA-rolle toegeken:

²Sien bylae B vir volledige tabelle van die vyf MIV/VIGS-brosjures.

Die Ouer

- **KS** – Koesterend Sorgsaam (positiewe Koesterende Ouer)
- **KV** – Koesterend Verwennend (negatiewe Koesterende Ouer)
- **BS** – Beherend Strukturerend (positiewe Beherende Ouer)
- **BB** – Beherend Bestraffend (negatiewe Beherende Ouer)

Die Volwassene

- **V** – Volwassene

Die Kind

- **VS** – Vry Spontaan (positiewe Vrye Kind)
- **VO** – Vry Onbeheersd (negatiewe Vrye Kind)
- **AI** – Aangepas Inskiklik (positiewe Aangepaste Kind)
- **AG** – Aangepas Gedweë/Opstandig (negatiewe Aangepaste Kind)

Na die analise is die data verwerk deur die drie analitici se tabelle met mekaar te vergelyk om te bepaal of hulle enigsins dieselfde TA-rolle in die brosjures geïdentifiseer het. Daarna is daar bepaal hoeveel keer, na die analitici se mening, elke subrol vir beide die skrywer en die leser in die sinne voorgekom het. Die doel van die analise was dus om 'n onderskeid tussen kommunikasie vanuit die Volwassene-ego-posisie, en dié vanuit die Ouer- of die Kind-ego-posisie te tref om uiteindelik te bepaal watter tekste 'n saaklike en neutrale leserspersona het, en watter eerder van 'n sterk, gedefinieerde leserspersona gebruik maak.

Daar is in hierdie hoofstuk van die hipotese uitgegaan dat analitici maklik kan bepaal watter rolspeler in elke sin kommunikeer, asook die ego-posisie waaruit die betrokke persoon dit doen. Die analise het egter moeilik begin raak toe die betrokke subrol geïdentifiseer moes word. Anders gestel: Die analitici kon heel moontlik die eerste twee vlakke van analise suksesvol uitvoer, naamlik die identifisering van die

kommunikeerder en die betrokke ego-posisie, hetsy die Ouer-, die Volwassene- of die Kind-ego-posisie, maar het dit moeiliker gevind om die subrol van die betrokke ego-posisie haarfyn te identifiseer. Die feit dat die analitici met vier subrolle vir beide die Ouer- en die Kind-ego-posisie gekonfronteer is, het moontlik die keuse verder bemoeilik. In die volgende afdelings word die analise bespreek, en word daar bepaal hoe akkuraat bogenoemde vermoede is.

4.2 Bespreking van die transaksionele analise

4.2.1 Bespreking van die TA van *Om liefde te deel*


Voordat die analise van hierdie brosjure bespreek word, is dit belangrik om te noem dat die dokument, buiten die kenmerk van 'n MIV-positiewe leser, volgens hoofstuk 3 (sien afdeling 3.6.2) ook 'n saaklike en neutrale leserspersona bevat. Met hierdie inligting in gedagte beoog die navorser om vas te stel of hierdie brosjure dus hoofsaaklik van die Volwassene-ego-posisie gebruik maak.

Uit die analise van hierdie brosjure blyk dit dat die skrywer in die grootste gedeelte van die teks aan die woord is. Hierdie is ook die enigste brosjure waar die analitici dit heeltemal eens was oor watter rolspeler besig is om te kommunikeer. Al drie die analitici het opgemerk dat die leser slegs aan die woord is by 'n prentjie van 'n man en 'n vrou wat hulleself onderskeidelik die volgende afvra: "Is hy veilig?" en "Is sy veilig?". Die analitici was verdeeld ten opsigte van die ego-posisie waaruit die leser by hierdie vrae kommunikeer. Twee analitici het besluit dat die leser vanuit die Kind-ego-posisie kommunikeer, terwyl een gemeen het dat die leser vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer. In die res van die brosjure is die skrywer aan die woord.

Ten opsigte van die ego-posisie waaruit die skrywer kommunikeer was daar minder eenstemmigheid onder die drie analitici. Uit die 80 sinne in die brosjure het die analitici slegs 22 keer oor die ego-posisie van die skrywer saamgestem. (In dié gevalle het kommunikasie vanuit die Volwassene-ego-posisie plaasgevind.) Ten opsigte van die res van die sinne waarin die skrywer kommunikeer, was die analitici

verdeelde tussen die Ouer- en die Volwassene-ego-posisie. By die meeste sinne waarvoor die analitici verdeeld was, was twee analitici van mening dat die skrywer vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer, terwyl een gedink het dat dit eerder vanuit die Ouer-posisie is. Daar is egter ook gevalle waar twee analitici gemeen het dat daar vanuit die Ouer-posisie gekommunikeer word, terwyl een van mening was dat dit eerder vanuit die Volwassene-ego-posisie gebeur. 'n Voorbeeld waar twee analitici gemeen het dat die skrywer vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer, is sin 6: “Die virus wat Vigs veroorsaak, breek die liggaam se vermoë om infeksies te bekamp en te beveg”. Met betrekking tot die volgende sin (sin 60) het twee analitici gedink dat die skrywer vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer: “Kry so gou as moontlik behandeling vir sere op of om die penis of vagina; jeukerigheid, blasies en afskeidings”.

Naas die identifisering van die rolspeler aan die woord en die ego-posisie waaruit die betrokke persoon kommunikeer, moes die analitici ook bepaal vanuit watter spesifieke subrol hierdie persoon kommunikeer. Hierdie deel van die analise was die moeilikste vir die analitici, en dus was daar ook minder eenstemmigheid ten opsigte van die subrolle. Omdat die Volwassene-ego-posisie nie in subrolle verdeel word nie (sien afdeling 2.4.2), moes die analitici slegs by die Ouer- en die Kind-ego-posisie subrolle toeken.



Wat die Ouer-ego-posisie betref, was die analitici verdeeld tussen die positiewe Koesterende Ouer en die positiewe Beherende Ouer. Voorbeelde hiervan is: “Sodra die virus in die persoon se bloedsisteem is, begin dit om stadig die liggaam se immuun sisteem af te breek” (sin 10), en “Rol die kondoom af op 'n erekte penis voor seks en voordat daar enige kontak is tussen die penis en die vagina” (sin 74). By eersgenoemde voorbeeld het een analitikus gemeen dat die skrywer as positiewe Koesterende Ouer kommunikeer, terwyl twee van mening was dat dit eerder vanuit die Volwassene-ego-posisie gebeur. By laasgenoemde voorbeeld het twee analitici gemeen dat die positiewe Beherende Ouer aan die woord is, terwyl een van mening was dat kommunikasie eerder vanuit die Volwassene-ego-posisie plaasvind.

Die analitici het in hulle analise van die *Om liefde te deel*-brosjure nooit die negatiewe Beherende Ouer-subrol (Beherend Bestraffend) toegeken nie, terwyl een

analitikus van mening was dat die skrywer in drie gevalle vanuit die negatiewe Koesterende Ouer-subrol (Verwennende Ouer) gekommunikeer het. Die betrokke analitikus het gemeen dat die skrywer in sin 55 vanuit die negatiewe Koesterende Ouer-posisie kommunikeer: “Aangesien baie mense nie weet of hulle seksuele maat geïnfekteerd is of nie, is dit veiliger om alle seksuele maats as positief te beskou”. Die analitici het saamgestem dat die skrywer nooit in hierdie brosjure vanuit die Kind-ego-posisie kommunikeer nie.

Ten opsigte van die een geval van leserskommunikasie het een analitikus gemeen dat die leser vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer, terwyl twee aangedui het dat daar eerder vanuit die positiewe Vrye Kind-subrol gekommunikeer word.

4.2.2 Bespreking van die TA van MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling

Die volgende brosjure onder bespreking is MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling. Volgens die funksionele analise in hoofstuk 3 (sien afdeling 3.6.1) het hierdie brosjure 'n saaklike en neutrale leserspersona, en word enkele leserspersona-kenmerke aan die leser toegeken. Ten opsigte van die eerste vlak van analise, naamlik of die skrywer of leser in die sinne kommunikeer, het die analitici saamgestem dat die skrywer in 91 uit die 98 sinne aan die woord is. In ses van die sinne het die analitici saamgestem dat die leser kommunikeer, terwyl een analitikus by sin 77 gemeen het dat die skrywer aan die woord is, en die ander analitici die leser as kommunikeerder geïdentifiseer het. Hierdie sin lees soos volg: “Wat is 'n MIV toets?”.

Nadat die analitici vasgestel het wie van die skrywer of die leser in watter sinne kommunikeer, moes hulle verder bepaal vanuit watter ego-posisie of TA-rol die betrokke persoon kommunikeer. Die TA-rolle waaruit die analitici kon kies was die Ouer-, die Volwassene- en die Kind-ego-posisie. Die sinne waar die leser kommunikeer is in die minderheid en word dus eerste bespreek voordat daar na die data betreffende die skrywer se kommunikasie gekyk word.

By die sinne waar die analitici aangedui het dat die leser kommunikeer, was hulle verdeeld ten opsigte van die ego-posisie waaruit dié kommunikasie plaasvind. Die een analitikus was van mening dat die leser vanuit die Volwassene-ego-posisie

kommunikeer, terwyl die ander twee aangedui het dat die leser by al ses sinne vanuit die Kind-ego-posisie kommunikeer. Ten opsigte van die toekenning van subrolle aan die leserskommunikasie het die twee analitici gemeen dat die leser vanuit die positiewe Aangepaste Kind-subrol kommunikeer. Aangesien die Volwassene-rol nie in subrolle verdeel word nie, bly dit dieselfde by hierdie vlak van analise.

Die analise van die skrywer se kommunikasierolle het gemengde reaksie ontlok. Uit die 91 sinne waar die skrywer aan die woord is, het die drie analitici saamgestem dat die skrywer by veertien van die sinne vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer. Twee voorbeelde van dié sinne is: “MIV is die Menslike Immuniteitsgebrek Virus wat veroorsaak dat jou liggaam se immuniteitsstelsel verswak” (sin 9), en “Vigs is ’n afkorting vir Verworwe Immuniteitsgebrek Sindroom” (sin 3). Omdat die Volwassene-ego-posisie nie in verdere subrolle verdeel word nie, is daar geen subrolle toegeken by dié sinne waar die analitici saamgestem het dat die skrywer uit dié ego-posisie kommunikeer nie.

By agt van die sinne het die drie analitici saamgestem dat die skrywer vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer, maar slegs by ses van hierdie sinne was die analitici dit eens dat die skrywer vanuit die positiewe Beherende Ouer-subrol (Strukturerende Ouer) kommunikeer. By die oorblywende twee sinne was die analitici verdeeld tussen die positiewe Koesterende Ouer-subrol (een analitikus) en die positiewe Beherende Ouer-subrol (twee analitici) by die een sin, en tussen die negatiewe Koesterende Ouer-subrol (een analitikus) en die positiewe Beherende Ouer (twee analitici) by die ander sin.

By die res van die sinne in die brosjure was die analitici verdeeld tussen die Ouer- en die Volwassene-ego-posisie. By sommige sinne het een analitikus gemeen dat die skrywer vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer, terwyl twee analitici aangedui het dat die skrywer eerder vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer. By ander sinne was dit weer die teenoorgestelde: Twee analitici het gemeen dat die skrywer vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer, terwyl een gemeen het dat hy eerder vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer. By sin 20, “Jy kan MIV kry deur seks sonder ’n kondoom te hê”, het een analitikus die Ouer-ego-posisie vir die skrywer gemerk, en twee die Volwassene-ego-posisie. ’n Voorbeeld van waar twee

analitici die Ouer-ego-posisie gemerk het en een analitikus die Volwassene-ego-posisie, is sin 55: “Moenie oliegebaseerde smeermiddels soos petroleumjellie, Vaseline, botter of ander olies of vette gebruik om die kondoom te smeer nie – gebruik eerder ’n waterbasis smeermiddel, soos KY jellie”.

By bogenoemde sinne waar die analitici tussen die Ouer- en die Volwassene-ego-posisie vir die skrywerskommunikasie verdeeld was, is dit opmerklik dat die positiewe Koesterende Ouer-subrol by slegs ses sinne gemerk is. By die oorblywende sinne waar dié verdeeldheid bestaan het, is die positiewe Beherende Ouer-subrol gemerk. Twee voorbeelde van waar twee analitici aangedui het dat die skrywer vanuit die positiewe Beherende Ouer-subrol kommunikeer, is sin 21 en 66: “Jy kán met die virus geïnfekteer word” en “As jy verkrag word, onthou die volgende: Moenie hierdie getuienis vernietig deur te stort of ander klere aan te trek voordat jy dit by die polisie aanmeld nie”.

Daar is dus by meer as ’n derde van die brosjure se sinne besluit dat die skrywer vanuit die positiewe Beherende Ouer-subrol kommunikeer.

Die bespreking van die MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling-dokument word met die volgende samevattende opmerking afgesluit: By meer as ’n derde van die brosjure se sinne het die analitici besluit dat die skrywer vanuit die positiewe Beherende Ouer-subrol kommunikeer. Verder is dit opmerklik dat die skrywer, volgens die analitici, nêrens in die brosjure vanuit die Kind-ego-posisie en die leser vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer nie.


4.2.3 Bespreking van die TA van *HIV en jou mond* (sic)

Die derde brosjure onder bespreking is *HIV en jou mond*. Hierdie brosjure bestaan uit 68 sinne, waarvan die analitici by drie saamgestem het dat die leser aan die woord is, terwyl hulle by twee sinne verdeeld was ten opsigte van die leser as kommunikeerder. By sin 3 meen een analitikus dat die skrywer aan die woord is, terwyl twee meen dat dit eerder die leser is: “Hoekom jou mond gesond hou?”. Die ander sin waar die analitici verdeeld was, is sin 9 – twee analitici het aangedui dat die skrywer kommunikeer, terwyl een analitikus aanvoer dat dit eerder die leser is: “Waarvoor

moet jy op die uitkyk wees in jou mond?”. Dus was die analitici van mening dat die leser by slegs vyf van die 68 sinne van die brosjure aan die woord is.

Met betrekking tot die ego-posisies van die leserskommunikasie het die analitici slegs by een sin saamgestem dat die leser vanuit die Kind-ego-posisie kommunikeer. By die ander sinne was die analitici verdeeld tussen die Volwassene- en die Kind-ego-posisie. Betreffende die toekenning van subrolle waar die Kind-ego-posisie gekies is, het die analitici die positiewe Aangepaste Kind-subrol gekies. Slegs by sin 3 het een analitikus gemeen dat die leser vanuit die positiewe Vrye Kind-subrol kommunikeer: “Hoekom jou mond gesond hou?”.

Wat die skrywer se kommunikasierolle betref het die analitici by sewe sinne saamgestem dat die skrywer vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer, en het hulle die Volwassene-ego-posisie by nege ander sinne geïdentifiseer. ’n Voorbeeld van skrywerskommunikasie vanuit die Ouer-ego-posisie is: “Indien jy enige van hierdie tekens in jou mond sien, moet jy die dokter of tandarts besoek vir behandeling”. ’n Voorbeeld van skrywerskommunikasie vanuit die Volwassene-ego-posisie is: “Mense wat geïnfekteerd is met HIV is meer geneig tot sere, ulsers en bloeiende tandvleis in hulle monde”.



By die oorblywende sinne waar die skrywer aan die woord is, was die analitici soos by die vorige brosjures verdeeld tussen die Ouer- en die Volwassene-ego-posisie. By sommige sinne het twee analitici gemeen dat die skrywer vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer, teenoor een wat aangedui het dat daar vanuit die Volwassene-ego-posisie gekommunikeer word. By ander sinne het een analitikus weer aangedui dat die skrywer vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer, terwyl die ander twee gemeen het dat die skrywer eerder vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer. ’n Voorbeeld (sin 29) waar die analitici verdeeld was, is soos volg: “Hierdie ulsers (sic) kan behandel word met mondspoele, salwe en tablette wat by die dokter of tandarts verkry kan word” – twee analitici het die Ouer-ego-posisie toegeken terwyl een die Volwassene-ego-posisie verkies het. ’n Ander voorbeeld waar een analitikus die Ouer-ego-posisie en twee die Volwassene-ego-posisie is: “Partykeer is die tandvleissiekte erg en veroorsaak vinnige afbraak van die tandvleis en die been wat die tande ondersteun” (sin 38).

Ten opsigte van die identifisering van skrywerssubrolle vir die sewe sinne waar die analitici eenstemmig was oor die toekenning van die Ouer-ego-posisie, was daar ook meningsverskille. By ses van hierdie sinne het een analitikus die positiewe Koesterende Ouer-subrol toegeken, terwyl die ander twee analitici die positiewe Beherende Ouer-subrol verkies het. By die sewende sin (sin 18) het twee analitici die positiewe Koesterende Ouer-subrol toegeken, terwyl een die positiewe Beherende Ouer-subrol gemerk het. By die res van die sinne waar die analitici nie oor die ego-posisie vir die skrywer saamgestem het nie, het hulle in die meeste gevalle die positiewe Koesterende Ouer- en/of die positiewe Beherende Ouer-subrol toegeken. Slegs by een sin het een van die analitici die negatiewe Koesterende Ouer-subrol aan die skrywer toegeken. Hierdie sin lees soos volg: “Tandvleissiekte kom nogal algemeen voor by persone met HIV” (sic).

By die meeste van bogenoemde sinne het die 2:1-meningsverskil oor die positiewe Koesterende Ouer-subrol aan die een kant en die positiewe Beherende Ouer-subrol aan die ander kant gegaan. By sestien van hierdie sinne was daar egter geen eenstemmigheid nie. Dit beteken dat elkeen van die analitici in hierdie geval 'n ander subrol aan die skrywer toegeken het. 'n Voorbeeld hiervan is: “Vermy soetgoed veral tussen maaltye – suiker is skadelik vir tande wanneer oormatig gebruik word”. By hierdie sin was die analitici verdeeld tussen die positiewe Koesterende Ouer-, die positiewe Beherende Ouer- en die Volwassene-ego-posisie, wat nie in subrolle verdeel word nie. By sin 53 het die analitici dieselfde meningsverskil as by die vorige voorbeeld getoon: “Eet gereeld vars vrugte en groente om jou tande en tandvleis gesond te hou”.

Uit hierdie brosjure blyk dit dat die analitici van mening was dat die skrywer altyd vanuit die Ouer- of die Volwassene-ego-posisie kommunikeer, terwyl die leser altyd vanuit die Volwassene- of die Kind-ego-posisie kommunikeer.

4.2.4 Bespreking van die TA van *Vigs in ons gemeenskap*

Een van die moeiliker tekste om te bespreek is *Vigs in ons gemeenskap*, omdat hierdie dokument uit verskillende afdelings bestaan. Hierdie dokument bestaan uit 13

afdelings, maar vir die doeleinde van die tesis word daar slegs met dié vier afdelings gewerk wat in hoofstuk 3 funksioneel geanaliseer is. Om die bespreking van die vier afdelings so kort moontlik te hou, word die afdelings aan die hand van die rolspeler aan die woord, die ego-posisie waaruit daar gekommunikeer word en die spesifieke subrol waaruit daar gekommunikeer word, bespreek.

Die eerste afdeling getiteld Wat is Vigs? bestaan uit 44 sinne. Volgens die analitici kommunikeer die leser slegs by vyf van die sinne, en is die skrywer in die res aan die woord. By die vyf sinne waar die leser aan die woord is, was die analitici by elkeen verdeeld met betrekking tot die leser se ego-posisie. Een analitikus het gemeen dat die leser vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer, terwyl die ander twee analitici se keuse op die Kind-ego-posisie geval het. Ten opsigte van die toekenning van subrolle het die twee analitici wat die Kind-ego-posisie gekies het aangedui dat die leser vanuit die positiewe Aangepaste Kind-subrol kommunikeer. Voorbeelde van sinne waar die analitici van mening was dat die leser aan die woord is, sluit in: “Wat is die siekte wat Vigs genoem word?” (sin 4), en “Wat is MIV-positief?” (sin 29).

Wat skrywerskommunikasie betref het die analitici saamgestem dat die skrywer by 39 sinne van die brosjure die praatwerk doen. By 25 van daardie sinne was die analitici dit eens dat die skrywer vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer. Dit beteken dus dat die analitici by daardie sinne geen subrolle toegeken het nie, aangesien die Volwassene-ego-posisie nie in subrolle verdeel word nie. ’n Voorbeeld van so ’n sin is: “’n Mens begin siek voel wanneer die MIV-kiem die grootste gedeelte van sy of haar immuniteitstelsel afgebreek het” (sin 22).

By die res van die sinne was die analitici verdeeld met betrekking tot die ego-posisie waaruit die skrywer kommunikeer. By die meeste van die oorblywende sinne soos sin 15 (“Die immuniteitstelsel is soos jou liggaam se eie weermag”), het een analitikus gemeen dat die skrywer vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer, terwyl twee analitici gemeen het dat skrywerskommunikasie vanuit die Volwassene-ego-posisie plaasvind. Daar is slegs een sin waar twee analitici gemeen het dat die skrywer vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer, terwyl een gemeen het dat die Volwassene-ego-posisie ter sprake is, naamlik: “Niemand weet waar Vigs vandaan kom nie” (sin 2). By die sinne waar een of twee van die analitici gemeen het dat die skrywer vanuit die

Ouer-ego-posisie kommunikeer, het hulle deurgaans die positiewe Koesterende Ouer-rol as subrol toegeken.

Die volgende afdeling waarmee die analitici gewerk het, is Hoe om Vigs te voorkom. By hierdie afdeling was die analitici van mening dat slegs die skrywer in die 38 sinne kommunikeer. Dus is die leser nooit volgens die analitici in bogenoemde afdeling aan die woord nie. By sewe sinne het die analitici saamgestem dat die skrywer vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer, terwyl hulle by nege sinne saamgestem het dat die skrywer vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer. 'n Voorbeeld van waar die skrywer vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer, is: “Kyk altyd na die vervaldatum op die pakkie – ou kondome is nie veilig nie” (sin 19). 'n Voorbeeld van waar die skrywer vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer, lees soos volg: “Party paartjies gaan vir die toets voordat hulle 'n baba het om seker te maak dat die baba nie die MIV-kiem sal hê nie” (sin 35). Wat die toekenning van subrolle betref het die analitici by die meeste van die sinne waar die Ouer-ego-posisie ter sprake is, die positiewe Koesterende Ouer- en positiewe Beherende Ouer-subrol gekies. Maar by vier sinne waar die analitici die Ouer-ego-posisie gekies het, het een analitikus die negatiewe Koesterende Ouer-subrol toegeken, terwyl die ander twee analitici die positiewe Beherende Ouer-subrol by dieselfde sinne toegeken het. Een van die vier sinne lees soos volg: “Gooi [die kondoom] in die asblik of enige plek waar kinders dit nie in die hande sal kry nie” (sin 18).

Vanuit die analise van bogenoemde afdeling is dit duidelik dat die analitici van mening was dat die skrywer alleen in hierdie afdeling kommunikeer, en dat hy dit vanuit die Volwassene-ego-posisie, die positiewe Koesterende Ouer-subrol, die negatiewe Koesterende Ouer-subrol of die positiewe Beherende Ouer-subrol doen. Die negatiewe Beherende Ouer-rol is nooit in hierdie afdeling toegeken nie.

Die derde afdeling van *Vigs in ons gemeenskap* is Hoe jong mense Vigs kan bestry. Hierdie afdeling bestaan altesaam uit 28 sinne, waarvan die analitici dit eens was dat die leser in vier aan die woord is, terwyl die skrywer in die res kommunikeer. In die sinne waar die leser kommunikeer het die analitici slegs by een sin daarvoor saamgestem dat die leser vanuit die Kind-ego-posisie kommunikeer. Hierdie sin lees soos volg: “Al my vriende sê dat my meisie my sal los as ek nie met haar seks het

nie” (sin 16). By die ander drie sinne was die analitici verdeeld: Een analitikus het gemeen dat die leser vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer, en die ander twee het gemeen dat die leser eerder vanuit die Kind-ego-posisie kommunikeer. ’n Voorbeeld van waar die analitici verdeeld was, is: “My ou sê dat ek hom nie liefhet as ek nie met hom seks wil hê nie” (sin 24). Met betrekking tot die toekenning van lesersubrolle het die verdeling tussen die analitici gevarieer. Die subrolle wat toegeken is, is die Volwassene-ego-posisie, die positiewe Aangepaste Kind-rol, en die positiewe én die negatiewe Vrye Kind-rol.

Met betrekking tot die skrywerskommunikasie het die analitici saamgestem dat die skrywer by 12 sinne vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer. ’n Voorbeeld van waar al drie analitici ten opsigte van die Ouer-ego-posisie saamgestem het, is: “As hy daarop aandring dat jy met hom seks moet hê, beteken dit net dat hy nie jou gevoelens respekteer nie” (sin 27). By die res van die sinne met die skrywer aan die woord was die drie analitici verdeeld tussen die Ouer- en die Volwassene-ego-posisie. ’n Voorbeeld van waar een analitikus gemeen het dat die skrywer vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer, terwyl die ander twee aangedui het dat hy dit eerder vanuit die Ouer-ego-posisie doen, lees soos volg: “Jou vriende weet waarskynlik nie watter gevare seks inhou nie” (sin 17).



By die toekenning van subrolle vir die skrywer se kommunikasie het die analitici ál vier subrolle van die Ouer-ego-posisie, naamlik die positiewe en negatiewe Koesterende Ouer-subrol én die positiewe en negatiewe Beherende Ouer-subrol aan verskillende sinne toegeken. By sinne waar die Ouer-ego-posisie as TA-rol vir die skrywer geïdentifiseer is, is die positiewe Beherende Ouer by die meeste sinne as subrol toegeken. Die ander drie subrolle van die Ouer-ego-posisie is slegs by sommige sinne toegeken. ’n Voorbeeld hiervan is by sin 4: “Op hierdie tydstip in jou lewe wil jy nuwe, opwindende dinge probeer”. Een analitikus het gemeen dat die skrywer by sin 4 vanuit die negatiewe Koesterende Ouer-subrol kommunikeer, ’n ander analitikus het die positiewe Koesterende Ouer-rol toegeken, terwyl die derde analitikus die positiewe Beherende Ouer-subrol verkies het. ’n Voorbeeld van waar een analitikus die positiewe Koesterende Ouer gekies het, en die ander twee die positiewe Beherende Ouer, is sin 9: “Kom eers alles wat jy kan te wete oor seks voordat jy begin”. ’n Laaste voorbeeld van waar een analitikus die negatiewe

Beherende Ouer-subrol, en die ander twee die positiewe Beherende Ouer-subrol gekies het, is sin 11: “Jy soek die regte maat – Dit beteken dat jy dalk met baie maats seks wil hê”.

By bogenoemde afdeling het die analitici verskillende rolle aan beide die skrywers- en die leserskommunikasie toegeken, en blyk dit dus dat daar in hierdie geval groot meningsverskil was.

Die laaste afdeling onder bespreking in *Vigs in ons gemeenskap* is die Versorging en ondersteuning van mense met Vigs. In hierdie afdeling het die drie analitici saamgestem dat die leser by vier van die 41 sinne kommunikeer, en het hulle by een sin verskil oor wie aan die woord is. Een analitikus het gemeen dat die leser kommunikeer, terwyl die ander twee analitici aangedui het dat dit eerder die skrywer is. Hierdie sin (sin 5) lees soos volg: “Wat moet jy doen as iemand in jou gesin MIV-positief is?”.

By al die sinne waar die analitici van mening was dat die leser aan die woord is, was hulle verdeeld oor of die leser vanuit die Volwassene- of die Kind-ego-posisie kommunikeer. Betreffende die toekenning van subrolle het die analitici die positiewe én negatiewe Aangepaste Kind-subrol gekies. ’n Voorbeeld van waar twee analitici die positiewe Aangepaste Kind-subrol gekies het, en een analitikus die Volwassene-ego-posisie, is sin 25: “Kan ek werk as ek MIV-positief is?”. By ’n ander voorbeeld het elkeen van die analitici ’n ander ego-posisie of subrol gekies: “Hoe kan ek my lewensmaat of my kind help as hy of sy MIV-positief is?” (sin 21). Die analitici het by hierdie sin onderskeidelik die Volwassene-ego-posisie, die positiewe Aangepaste Kind-subrol en die negatiewe Aangepaste Kind-subrol aan die leser toegeken.

Met betrekking tot die skrywer se kommunikasie het die analitici saamgestem dat die skrywer by agtien sinne vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer. Voorbeelde van hierdie sinne sluit in: “Help die persoon om gereeld na die hospitaal of kliniek toe te gaan vir ondersoek” (sin 10), en “Jy behoort met die eerste tekens van enige siekte na die kliniek of hospitaal te gaan” (sin 32). Dit blyk dat die analitici nêrens in hulle analise van hierdie afdeling dit daarvoor eens was dat die skrywer vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer nie. Die Volwassene-ego-posisie word slegs

by sinne aangedui waar die analitici tussen dié ego-posisie en die Ouer-ego-posisie getwyfel het. 'n Voorbeeld hiervan is sin 27: “Jou werkgewer kan jou nie in die pad steek omdat jy MIV-positief is nie”. By hierdie sin het twee analitici die Ouer-ego-posisie gekies, terwyl die derde analitikus die Volwassene-ego-posisie verkies het.

Die analitici het by die meeste gevalle van skrywerskommunikasie die positiewe Koesterende Ouer-subrol en die positiewe Beherende Ouer-subrol toegeken. By twaalf uit die agtien sinne waar die analitici al drie vir die Ouer-ego-posisie gestem het, het hulle ook saamgestem dat die skrywer vanuit die positiewe Beherende Ouer-subrol kommunikeer. Voorbeelde van hierdie sinne is sin 11 en 34: “Maak seker dat die persoon goeie kos eet om sodoende so lank as moontlik sterk te bly” en “Maak seker dat jou bedmaat net met **jou** seks het en dat jy elke keer 'n kondoom gebruik”.

By bogenoemde afdeling het die analitici die Volwassene-ego-posisie, die positiewe Koesterende Ouer-subrol en die positiewe Beherende Ouer-subrol aan die skrywerskommunikasie toegeken, terwyl hulle die Volwassene-ego-posisie, die positiewe Aangepaste Kind-subrol en die negatiewe Aangepaste Kind-subrol vir die leser gekies het.

Ten slotte is dit belangrik om op die leser se kommunikasie in hierdie brosjure te let. Uit die bespreking van die analise blyk dit dat die leser heelwat minder as die skrywer in die geanaliseerde afdelings gekommunikeer het. In die sinne waar die leser wél gekommunikeer het, het die analitici meestal die Volwassene-ego-posisie en die positiewe Aangepaste Kind-subrol gekies.

4.2.5 Bespreking van die TA van *Slimkoptiener*

Die laaste brosjure onder bespreking is *Slimkoptiener*. Hierdie is 'n uitgebreide brosjure en bestaan altesaam uit sewe afdelings. Al sewe afdelings is belangrik, want ten spyte van die feit dat hulle almal op dieselfde teikengroep gemik is, het die funksionele analise in hoofstuk 3 (sien afdeling 3.6.4) getoon dat die afdelings verskillende leserspersonas bevat. By sommige afdelings blyk die afdelings saaklik en neutraal te wees, terwyl ander weer 'n sterk leserspersona weerspieël. Weens die lengte van die brosjure en die beperktheid van hierdie bespreking word alle afdelings

nie bespreek nie, maar word kontrasterende afdelings bloot uitgelig ten einde te bepaal hoe die analitici die betrokke afdelings ervaar het.

Die afdelings in die *Slimkoptiener*-brosjure wat die grootste kontras illustreer, is die afdelings getiteld Hoe ons volwasse word, Wat is Vigs en Besluite oor seks. Hierdie afdelings is vir die doeleinde van die bespreking gekies omdat hulle volgens die funksionele analise in hoofstuk 3 (sien afdeling 3.6.4) verskillende leserspersonas bevat. Die drie afdelings bevat onderskeidelik 'n sterk, gedefinieerde leserspersona, 'n saaklike en neutrale leserspersona, en 'n minder saaklike en neutrale leserspersona met enkele persona-kenmerke.

Die afdeling Hoe ons volwasse word bestaan uit 89 sinne. Die analitici was van mening dat die skrywer by 81 van hierdie sinne, en die leser by drie van die sinne aan die woord is; by vyf sinne was die analitici verdeeld oor wie die praatwerk doen. 'n Voorbeeld van waar die analitici nie oor die kommunikeerder saamgestem het nie, is sin 61: “Dis of 'n mens groter vryheid het om te doen wat jy self wil!”. By hierdie voorbeeldsin het een analitikus gemeen dat die skrywer kommunikeer, terwyl die ander twee van mening was dat dit eerder die leser is. By die res van die sinne waar die analitici verdeeld was, het twee analitici deurentyd aangedui dat die skrywer in die betrokke sinne kommunikeer, terwyl een analitikus gemeen het dat dit die leser is.

By twee van die drie sinne waar die analitici saamgestem het dat die leser kommunikeer, is die Kind-ego-posisie aan die leser toegeken. 'n Voorbeeld van bogenoemde is sin 2: “Wat vir 'n ding is 'n adolessent, en wat beteken dit om een te wees?”. By die derde sin was die analitici verdeeld ten opsigte van die betrokke ego-posisie: Een analitikus was van mening dat die leser vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer, en twee het gemeen dat kommunikasie vanuit die Kind-ego-posisie plaasvind. Hierdie derde sin lees soos volg: “Nou dat ons adolessente is, waaraan kan 'n mens sien dat ons volwasse word?”.

Met betrekking tot die toekenning van subrolle het die analitici slegs by een sin saamgestem dat die leser vanuit die positiewe Vrye Kind-subrol kommunikeer. By die ander twee sinne het hulle tussen die Volwassene-ego-posisie en drie van die Kind-subrolle getwyfel. Die enigste Kind-subrol wat nie aan die leser toegeken is nie,

is die negatiewe Vrye Kind-rol. 'n Voorbeeld van waar elkeen van die analitici 'n ander subrol toegeken het, is by sin 2 wat in die vorige paragraaf aangehaal is. Die analitici het onderskeidelik die positiewe Vrye Kind-, die positiewe Aangepaste Kind- en die negatiewe Aangepaste Kind-subrol aan die leserskommunikasie toegeken.

Soos vroeër genoem het die analitici saamgestem dat die skrywer by 81 sinne van die afdeling kommunikeer. By 19 van hierdie sinne het die analitici saamgestem dat die skrywer vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer, en by 22 sinne het hulle saamgestem dat hy vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer. Voorbeelde van hierdie sinne is sin 26 en 29: “Geslagshare begin groei (pubisarea)” – skrywer kommunikeer vanuit die Volwassene-ego-posisie, en “Puberteit kan 'n mens se kop regtig deurmekaar maak – so baie dinge gebeur in so 'n klein rukkie” – skrywer kommunikeer vanuit die Ouer-ego-posisie. By die oorblywende sinne waarin die skrywer kommunikeer, was die analitici verdeeld tussen die Ouer- en die Volwassene-ego-posisie.

Ten opsigte van die toekenning van die Ouer-subrolle aan die skrywerskommunikasie het die analitici altesaam vyf keer saamgestem dat die skrywer vanuit die positiewe Koesterende Ouer-subrol kommunikeer, en dat hy by twee sinne vanuit die positiewe Beherende Ouer-subrol kommunikeer. By die res van die sinne was daar meestal meningsverskil met betrekking tot toekenning van die positiewe Koesterende Ouer- en die positiewe Beherende Ouer-subrol. Slegs een keer, by sin 32, het een analitikus die negatiewe Koesterende Ouer-subrol toegeken, terwyl die ander twee analitici eerder die positiewe Koesterende Ouer-subrol verkies het: “Terselfdertyd verwag almal jy moet hard leer en jou eksamens deurkom!”.

Volgens die funksionele analise in hoofstuk 3 bevat die afdeling Wat is Vigs? 'n minder saaklike en neutrale leserspersona met enkele persona-kenmerke. Die analitici was van mening dat die skrywer in 42 uit die 46 sinne kommunikeer, terwyl die leser slegs in die oorblywende vier sinne kommunikeer. By die vier sinne waarin die leser kommunikeer, het die analitici alleenlik by een sin saamgestem dat hy vanuit die Kind-ego-posisie kommunikeer. By die ander drie sinne was die analitici verdeeld ten opsigte van die Volwassene- en die Kind-ego-posisie. Met betrekking tot die

toekenning van subrolle was daar geen eenstemmigheid tussen die analitici nie, en het hulle elkeen ten minste een keer een van die vier Kind-subrolle toegeken.

Wat die skrywer se kommunikasie betref het die analitici tussen die Ouer- en die Volwassene-ego-posisie getwyfel. By elkeen van die sinne waar die analitici verdeeld was, was die verdeling deurgaans dieselfde: Een analitikus het die Ouer-ego-posisie toegeken, terwyl die ander twee eerder die Volwassene-ego-posisie verkies het. Twee voorbeelde van sinne waar die analitici verdeeld was, is sin 21 en 32: “Die middelstadium van MIV-infeksie is wanneer mense simptome begin toon, soos geswelde kliere, gedurige koorsigheid, diarree (maagwerking), of velprobleme”, en “Somtyds, maar nie altyd nie, sal ’n persoon wat MIV-positief is, sekere simptome ondervind”. Volgens die analitici kommunikeer die skrywer by hierdie afdeling oorwegend vanuit die Volwassene-ego-posisie – reeds in die vorige paragraaf word daar genoem dat die analitici dit eens was dat die skrywer by 22 sinne vanuit dié ego-posisie kommunikeer.

Met betrekking tot die toekenning van subrolle aan die skrywerskommunikasie het die analitikus wat die Ouer-ego-posisie verkies het in die meeste sinne die positiewe Koesterende Ouer gekies. In slegs twee gevalle het hierdie analitikus die positiewe Beherende Ouer gekies. Die ander twee analitici het elke keer die Volwassene-ego-posisie gekies, wat nie in subrolle verdeel word nie.

Die afdeling met die minder saaklike en neutrale leserspersona met enkele persona-kenmerke, is Besluite oor seks. Hierdie afdeling is nie net interessant omdat die leserspersona halfpad tussen saaklik en neutraal, en sterk en gedefinieerd val nie, maar die data toon dat die analitici by 27 uit die 58 sinne verdeeld was ten opsigte van wie in die betrokke sinne kommunikeer. By 21 van die 27 sinne het twee analitici gemeen dat die skrywer in die sinne kommunikeer, terwyl die derde analitikus van mening was dat dit eerder die leser is. By die ses oorblywende sinne was dit weer omgekeerd: Een analitikus het gemeen dat die skrywer in die sinne kommunikeer, terwyl die ander twee analitici van mening was dat dit eerder die leser is.

Behalwe vir die sinne waar die analitici oor die kommunikeerder getwyfel het, het hulle saamgestem dat die leser by vyf van die oorblywende sinne, en die skrywer by

die laaste 26 sinne aan die woord is. By die leserskommunikasie het hulle ook saamgestem dat dit vanuit die Kind-ego-posisie plaasvind, maar met betrekking tot die toekenning van subrolle was daar geen eenstemmigheid tussen die analitici nie. Hulle het die verskeie Kind-subrolle, naamlik die positiewe en negatiewe Vrye Kind-, en die positiewe en negatiewe Aangepaste Kind-subrol toegeken.


Uit die gevalle waar die analitici die skrywer as kommunikeerder gekies het, het hulle by 17 sinne saamgestem dat die skrywer vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer, maar was hulle dit by slegs ses sinne eens dat die skrywer vanuit die positiewe Beherende Ouer-subrol kommunikeer. Voorbeelde van bogenoemde is sin 48, “Onthou, as jy besluit dat jy gereed is vir seks, dan moet jy ook die gevolge en verantwoordelikhede kan dra wat daarmee gepaard gaan”, en sin 50, “As jy ’n seksuele verhouding met iemand gaan hê, moet jy seker maak watter voorbehoedmiddels daar beskikbaar is”. By die oorblywende sinne in die afdeling was die analitici verdeeld tussen die Volwassene- en die Ouer-ego-posisie vir die skrywer, en het hulle ook getwyfel oor die toekenning van skrywersubrolle. Die subrolle wat by hierdie sinne gekies is, is die positiewe Koesterende Ouer- of die positiewe Beherende Ouer-rol. Slegs by sin 49 het een analitikus die negatiewe Beherende Ouer-subrol gekies, terwyl die ander onderskeidelik die positiewe Koesterende Ouer- en positiewe Beherende Ouer-subrol gekies het: “’n Onbeplande swangerskap is seker die slegte gevolg van ’n ondeurdagte besluit oor seks – behalwe natuurlik dat jy nog MIV ook kan opdoen en Vigs kan kry!”.

As samevatting blyk dit uit die bespreking van die drie afdelings dat die analitici die leser heelwat minder in die betrokke afdelings as kommunikeerder geïdentifiseer het. By die afdeling wat die sterk, gedefinieerde leserspersona bevat, blyk dit dat die analitici nie ten opsigte van die leser se ego-posisie kon saamstem nie, en is hulle keuses eweredig tussen die Volwassene- en die Kind-ego-posisie verdeel. Die afdeling Wat is Vigs? bevat ’n saaklike en neutrale leserspersona, en ook hier blyk dit dat die analitici tussen die Volwassene- en die Kind-ego-posisie getwyfel het. Die afdeling met die minder saaklike en neutrale leserspersona met enkele persona-kenmerke, Besluite oor seks, het die grootste meningsverskil onder die analitici ontlok. By 27 uit die 58 sinne kon die analitici nie saamstem oor of die skrywer of die leser in die betrokke sinne aan die woord is nie.

4.3 Gevolgtrekking en bespreking

Die doel van hierdie hoofstuk was om te bepaal in watter mate transaksionele analise van nut is wanneer die leserspersonas in die vyf MIV/Vigs-tekste ontleed word. In dié hoofstuk wou die navorser dus die eerste probleemvraag van hierdie studie, naamlik watter leserspersonas in Afrikaanse Vigs-voorligtingsdokumente gebruik word, ten minste gedeeltelik beantwoord. Die hoofstuk het ook gepoog om vas te stel in watter mate hierdie personas deur 'n ingeligte analis herken kan word.

In hoofstuk 3 is daar vasgestel dat daar veral twee leserspersonas in die brosjures voorkom, naamlik 'n sterk, gedefinieerde leserspersona en 'n saaklike en neutrale leserspersona. Daar is ook bepaal dat daar moontlik 'n minder saaklike en neutrale leserspersona is waarby enkele elemente van persona-skepping geïnkorporeer is, maar wat hoofsaaklik nog steeds saaklik en neutraal is (sien afdeling 3.6.4). Met behulp van transaksionele analise wou die navorser met hierdie hoofstuk sien of 'n spesifieke leserspersona van 'n sekere ego-posisie gebruik maak, en of hierdie ego-posisies herkenbaar is vir analitici wat onafhanklik van mekaar persona-identifisering moes doen.



Na aanleiding van die bespreking van die verskillende ego-posisies en hulle tersaaklike subrolle in hoofstuk 2 (sien afdeling 2.4), is die hipotese in die inleiding van hierdie hoofstuk gestel dat 'n sterk, gedefinieerde leserspersona van die Kind-ego-posisie gebruik maak, en dat 'n saaklike en neutrale leserspersona van die Volwassene-ego-posisie vir leserskommunikasie gebruik maak. Dit beteken dus dat die leser se kommunikasie selde indien ooit vanuit die Ouer-ego-posisie plaasvind, omdat hierdie ego-posisie hoofsaaklik vir die skrywer se kommunikasie gereserveer word. Omdat hierdie tesis oor die leserspersona in die vyf MIV/Vigs-brosjures handel, geniet die skrywer se kommunikasie en die tersaaklike ego-posisie minder aandag in hierdie afdeling.

Om te bepaal of die hipotese deur die data ondersteun word en of enige tendense geïdentifiseer kan word, word afdeling 4.2 se bespreking kortliks saamgevat. Met betrekking tot die leserspersona is die vyf MIV/Vigs-brosjures volgens die

verskillende leserspersonas geklassifiseer. Die twee brosjures wat volgens die funksionele analise in hoofstuk 3 'n sterk leserspersona bevat, is *Vigs in ons gemeenskap* en *Slimkoptiener*. Omdat hierdie brosjures in afdelings verdeel is, moet daar in gedagte gehou word dat nie alle afdelings in die betrokke brosjures 'n sterk leserspersona bevat nie. Sommige van die afdelings bevat meer saaklike en neutrale leserspersonas, maar vir die doel van hierdie hoofstuk word daar slegs op dié met sterk leserspersonas gefokus. Die brosjures met 'n saaklike en neutrale leserspersonas bevat, is *Om liefde te deel*, *HIV en jou mond* en MIV/Vigs-pamflet van Studentesakeafdeling, terwyl 'n voorbeeld van 'n minder saaklike en neutrale leserspersona met elemente van persona-skepping in die *Slimkoptiener*-brosjure voorkom.

Eerstens word die afdelings met 'n sterk leserspersona onder die loep geneem, en word daar bepaal hoe die transaksionele analise van die brosjures met die funksionele analise in hoofstuk 3 vergelyk. Die afdelings met die sterkste leserspersona in die brosjure *Vigs in ons gemeenskap*, is Hoe om Vigs te voorkom (bl. 12-13) en Hoe jong mense Vigs kan bestry (bl. 14-15). In hierdie hoofstuk was die analitici van mening dat slegs die skrywer in die afdeling Hoe om Vigs te voorkom kommunikeer. Hierdie analise is egter problematies: Omdat die leser volgens die analitici nie in die afdeling kommunikeer nie, kon hulle geen oordeel ten opsigte van die leserskommunikasie vel nie. Die gevolg van die analise is dat die TA-toepassing op hierdie afdeling nie die funksionele analise, naamlik dat die afdeling 'n sterk leserspersona bevat, kan ondersteun nie.

By die afdeling Hoe jong mense Vigs kan bestry het die analitici wel saamgestem dat die leser ook in die afdeling kommunikeer. In die sinne waar die leser aan die woord is, was die analitici van mening dat leserskommunikasie meestal vanuit die Kind-ego-posisie plaasvind. Slegs een analitikus was van mening dat die leser by drie gevalle eerder vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer, en ten opsigte van die skrywer het die analitici saamgestem dat hy by twaalf sinne vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer. Die analise van hierdie afdeling dui dus wel aan dat hierdie afdeling 'n sterk leserspersona bevat.

'n Ander afdeling wat ook 'n sterk leserspersona bevat, kom in die *Slimkoptiener*-brosjure voor, naamlik Hoe ons volwasse word. By hierdie afdeling het die analitici

gemeen dat die leser slegs in drie sinne kommunikeer, en by hierdie sinne het hulle tussen die Volwassene- en die Kind-ego-posisie getwyfel. Met betrekking tot die skrywer se kommunikasie blyk dit dat die analitici saamgestem het dat die skrywer by 19 sinne vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer, en by 22 sinne vanuit die Volwassene-ego-posisie. Daar is dus ook by hierdie afdeling geen duidelike aanduiding dat die leserspersona betroubaar geïdentifiseer kon word nie.

Die brosjures wat volgens hoofstuk 3 'n saaklike en neutrale leserspersona bevat, is *Om liefde te deel, HIV en jou mond* en MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling. By eersgenoemde brosjure kommunikeer die leser nie volgens die analitici nie. In hierdie afdeling kon die analitici dus ook nie 'n oordeel ten opsigte van die leserskommunikasie vel nie, en is dit dus nie moontlik om die geïdentifiseerde leserspersona in hoofstuk 3 te ondersteun of te weerspreek nie.

Die volgende brosjure wat ook 'n saaklike en neutrale leserspersona bevat, is *HIV en jou mond*. By hierdie brosjure het die analitici saamgestem dat die leser in drie sinne kommunikeer, maar was hulle verdeeld ten opsigte van die ego-posisies. Daar blyk 'n eweredige verdeling tussen die Volwassene- en die Kind-ego-posisie te wees. Aan die ander kant het die analitici by sewe sinne saamgestem dat die skrywer vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer, en by nege sinne vanuit die Volwassene-ego-posisie. By die res van die sinne het die analitici tussen die Ouer- en die Volwassene-ego-posisie getwyfel. Dit beteken dat die transaksionele analise van hierdie betrokke brosjure nie die teksgerigte analise in hoofstuk 3 bevestig nie, omdat beide ego-posisies omtrent ewe veel aan die leser toegeken is.

Die laaste brosjure met 'n saaklike en neutrale leserspersona is MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling. By hierdie brosjure het die analitici saamgestem dat die leser in ses sinne kommunikeer, maar by al die sinne was hulle verdeeld tussen die Volwassene- en die Kind-ego-posisie. Die skrywer kommunikeer volgens die analitici by 14 sinne vanuit die Volwassene-ego-posisie, en by agt sinne vanuit die Ouer-ego-posisie. By die res van die 91 sinne was die analitici verdeeld tussen die Ouer- en die Volwassene-ego-posisie. Die transaksionele analise bevestig dus nie die bevinding van die teksgerigte analise in hoofstuk 3, naamlik dat hierdie brosjure 'n saaklike en

neutrale leserspersona bevat nie, omdat die leser nie oorwegend vanuit die Volwassene-ego-posisie kommunikeer nie.

Die laaste tipe leserspersona is die minder saaklike en neutrale leserspersona met elemente van persona-skepping. 'n Voorbeeld hiervan kom uit die *Slimkoptiener*-brosjure se afdeling Besluite oor seks. Volgens hoofstuk 3 bevat hierdie afdeling elemente van persona-skepping, want daar word sekere aannames oor die leser gemaak – vir meer besonderhede, sien afdeling 3.6.4. Volgens die analitici se transaksionele analise is hierdie afdeling skynbaar ook die mees problematiese van al die brosjures en afdelings, omdat die analitici by 27 uit die 58 sinne verskil het ten opsigte van die rolspeler wat kommunikeer. By die sinne waar die analitici al drie die leser as kommunikeerder geïdentifiseer het, was hulle dit ook eens dat die leser vanuit die Kind-ego-posisie kommunikeer. Ook by die sinne waar die analitici die skrywer as kommunikeerder geïdentifiseer het, was hulle by 17 sinne van mening dat die skrywer vanuit die Ouer-ego-posisie kommunikeer. Die transaksionele analise van hierdie afdeling skep die indruk dat daar eerder 'n sterk, gedefinieerde leserspersona ter sprake is, omdat die analitici dit nooit eens was dat kommunikasie vanuit die Volwassene-ego-posisie geskied nie.

Ten slotte is dit belangrik om op die analitici se ervaring van die analise te let. Die analitici het met drie vlakke van analise gewerk: Eerstens moes hulle bepaal watter rolspeler in die betrokke sin kommunikeer, hetsy die skrywer of die leser. Tweedens moes hulle bepaal vanuit watter ego-posisie die betrokke rolspeler kommunikeer, en derdens moes hulle 'n spesifieke subrol aan dié “persoon” toeken indien hulle die Ouer- of die Kind-ego-posisie gekies het. Omdat die Volwassene-ego-posisie nie in subrolle verdeel word nie, het die derde vlak van analise vir hierdie rol dieselfde as die tweede vlak gebly.

Met betrekking tot die verskillende vlakke van analise was die verwagting dat die analitici die kommunikeerder in 'n sin maklik sou kon identifiseer. Hierdie verwagting was egter duidelik nie altyd realisties nie, omdat daar wel sinne was waar die analitici nie oor die kommunikeerder kon saamstem nie. By die afdeling Besluite oor seks in die *Slimkoptiener*-brosjure was daar 27 sinne waar die analitici nie eenstemmigheid oor die kommunikeerder kon bereik nie. Betreffende die tweede vlak van analise was

daar nóg minder eenstemmigheid onder die analitici, en hierdie meningsverskil het selfs groter geword by die toekenning van subrolle. Ten spyte van die uiteensetting van die TA-rolle en hulle subrolle, was die toepassing van transaksionele analise op die vyf MIV/Vigs-brosjures heel duidelik nie 'n maklike taak nie.

Na die bespreking in hierdie afdeling blyk dit dat transaksionele analise slegs gedeeltelik van nut is vir hierdie studie, omdat dit nie volkome as instrument vir die eenduidige identifisering van die skrywers- en leserspersonas in die betrokke brosjures geslaag het nie. TA kon nie daarin slaag om die probleemvraag in die inleidende paragrawe van hierdie hoofstuk te beantwoord nie. In alle billikheid moet 'n mens natuurlik aandui dat TA nie voorgee om 'n teksanalitiese instrument te wees nie. Dit is veel eerder 'n sosiaal-sielkundige, teoretiese instrument. Omdat dit egter onlosmaaklik deel is van kommunikasie was dit nietemin die moeite werd om die potensiaal daarvan as analitiese instrument te toets. Hierdie hoofstuk toon duidelik dat, hoewel TA op interessante wyses gebruik kan word om personas te klassifiseer, soos ook in Ter Hoeven (2002) se studie, dit as 'n analitiese instrument net te veel onsekere resultate oplewer.

Hierdie hoofstuk weerspieël 'n ekspertgerigte ondersoek, terwyl die personafenomeen in die vorige hoofstuk deur middel van 'n teksgerigte ondersoek bestudeer is. In hoofstuk 5 val die fokus op 'n empiriese ondersoek om lesers se herkenning en waardering van die leserspersona te toets. Die vraag wat na aanleiding van hoofstuk 4 en 5 ontstaan, is of lesers die leserspersona, soos deur die dokumentontwerpkundiges uitgewys, herken. Met die volgende hoofstuk beoog die navorser dus om die problematiek wat in bogenoemde paragraaf genoem word, deur middel van 'n empiriese studie te ondersoek.

Hoofstuk 5

'n Empiriese ondersoek na die verhouding tussen persoonlike waardes, leserspersona en algemene tekswaardering

In hierdie hoofstuk word die leser se ervaring en waardering van die leserspersona ondersoek. Die doel is om deur middel van 'n empiriese ondersoek te bepaal of lesers wel enige leserspersona in die gekose tekste herken, wat hulle ervaring van die leserspersona is, en hoe hulle persoonlike waardes met hierdie waardering verband hou, indien enigsins. Na aanleiding van die waardering van die leserspersona word daar ondersoek hoe lesers uiteindelik die teks in die algemeen ervaar. In haar ondersoek konsentreer Ter Hoeven (2002) op beide die skrywers- en leserspersonas in drie bankbrosjures, ten einde te bepaal watter effek die personawaardering op algemene tekswaardering het.³ Hierdie studie is wél gedeeltelik op Ter Hoeven se werk gebaseer, maar daar is ook 'n wesenlik verskil tussen die twee ondersoeke: In die geval van die Ter Hoeven-ondersoek is daar van 'n binne-groep-ontwerp gebruik gemaak. Ter Hoeven het naamlik in die empiriese gedeelte van haar studie 'n gemotiveerde keuse-eksperiment gedoen waarin proefpersone se oordele op die basis van 'n vergelyking tussen verskillende tekste opgeteken is. Hierdie studie gebruik 'n tussen-groep-ontwerp, d.w.s. proefpersone beoordeel slegs een teks; drie tekste word aan drie verskillende proefpersoongroepe voorgelê. Die impak van hierdie keuseverskil word later in meer besonderhede bespreek wanneer die resultate beoordeel word.

³Weens die wesenlike verskille tussen die twee studies, word daar geen vergelyking tussen hierdie studie en dié van Ter Hoeven (2002) getref nie. Hierdie studie is in wese 'n tussengroepontwerp, terwyl Ter Hoeven (2002) 'n binnegroepontwerp gebruik het waar respondente 'n keuse tussen meer as een weergawe van die bankbrosjures kon maak. Buiten ten opsigte van die tipe ontwerp, verskil hierdie studie en dié van Ter Hoeven ook in dié sin dat sy op beide die skrywers- en leserspersona gekonsentreer het, terwyl hierdie studie slegs op die leserspersona toegespits is. Tweedens het sy bankbrosjures ondersoek, terwyl hierdie studie op MIV/VIGS-brosjures toegepas is. Laastens het sy in haar ondersoek getoets of respondente se persoonlike waardes met dié van die Vrye Kind-subrol (sien transaksionele analise in hoofstuk 2) ooreenstem, terwyl hierdie studie respondente se waardes m.b.t. MIV/VIGS en seks ondersoek.

Naas persoonherkenning en -waardering is die belangrikste vraag dus watter effek persoonherkenning en -waardering op die uiteindelijke tekswaardering het. Die voorspelling is naamlik dat, indien die leser die rol wat in die teks geskep word as positief ervaar, hy die teks in sy geheel ook as positief sal ervaar. Die teenoorgestelde voorspelling geld ook, naamlik dat indien die leser die rol wat in die teks geskep word as negatief ervaar, daar met taamlieke sekerheid verwag kan word dat die algemene tekswaardering negatief sal wees. Die aanname is dus dat daar wél 'n verband tussen leserspersoonawaardering en algemene tekswaardering bestaan.

Om hierdie verband te bepaal is daar na aanleiding van die analise in hoofstuk 3 op drie MIV/Vigs-tekste besluit waar die leserspersona verskillend uitgebeeld word. Die verskille tussen die drie tekste word met tersaaklike voorbeelde by afdeling 5.1.2 bespreek. 'n Vraelysondersoek is op grond van hierdie tekste uitgevoer om die geldigheid van bogenoemde hipotese te ondersoek. Weens 'n gebrek aan voldoende statistiese kennis is die Sentrum vir Statistiese Analise genader vir bystand met die samestelling en verwerking van hierdie empiriese studie. Die hoofstatistikus by bogenoemde sentrum het die statistiese berekeninge en analise van die resultate gedoen, en het ook hierdie hoofstuk gekontroleer.

Voordat die resultate van die empiriese studie bespreek word, word daar kortliks na die eksperimentele omstandighede gekyk, met spesifieke verwysing na die materiaal, die respondente, die empiriese metode en die prosedure. Besondere aandag word aan betroubaarheidseise en die invloed daarvan op die geldigheid van die resultate gewy.

5.1 Opset van die ondersoek

Die empiriese ondersoek is gedurende November 2004 onder studente van die Universiteit Stellenbosch uitgevoer. Met die hulp van assistente is studente op 'n een-tot-een-basis genader en gevra of hulle aan die ondersoek wou deelneem. Die vraelyste en betrokke tekste wat die respondente moes lees, is reeds vooraf voorberei en gekopieer om die proses te vergemaklik.

5.1.1 Gehalte-eise

5.1.1.1 Betroubaarheid


Om die ondersoekbetroubaarheid te bepaal is dit belangrik om na veral drie aspekte van die ondersoek te kyk, naamlik die betroubaarheid van die aantal ondersoekeenhede of respondente, die betroubaarheid van uitsprake na aanleiding van die meetinstrument, en die betroubaarheid van die ondersoekplek en -tyd. Die aantal respondente word in die volgende afdeling in meer detail bespreek.

Die volgende aspek van betroubaarheid, naamlik die betroubaarheid van uitsprake na aanleiding van die meetinstrument, is belangrik omdat spesifieke vrae in die ondersoek daarop gemik was om 'n bepaalde herkenning en waardering van die leserspersona te ontlok. Omdat begrippe soos waardes, houdings en leserspersona kompleks is, word dit met behulp van 'n verskeidenheid vrae en stellings uiteengesit en gedemonstreer. Dit beteken dat die onderskeie stellings en vrae wat dieselfde begrip, soos byvoorbeeld waardes, wil toets, onderling verband moet hou. In hierdie ondersoek is daar van Cronbach se alfa (α) gebruik gemaak omdat dit die interne konsekwentheid van 'n skaal meet. Al die items binne 'n instrument meet dus dieselfde konsep. Met Cronbach se α word daar nagegaan in watter mate 'n antwoord op 'n vraag met die antwoorde van ander vrae wat dieselfde begrip meet, saamhang. Hoe nader die α -waarde aan 1.00 is, hoe groter is die interne konsekwentheid van die items onder bespreking. In die geval van 'n groot aantal items is daar verder van 'n halveerbetroubaarheidstoets gebruik gemaak, want hoe meer items in 'n skaal, hoe hoër die α -waarde. Sodanige halveerbetroubaarheidstoets verseker ook dat die α -waarde hoog is weens die interne konsekwentheid van die items, en nie weens die groot aantal items nie. Die items word derhalwe in twee dele verdeel om sodoende 'n α -waarde vir elkeen van die twee helftes te bereken. Verder word die twee helftes ontleed asook met mekaar vergelyk. In afdeling 5.1.4 word die α -waardes vir die respondente se persoonlike waardes en houdings, die leserspersona van die teks, en die algemene tekswaardering in subafdelings bereken, en word die resultate daarvan bespreek.

Ook die spesifieke ondersoektyd en -plek sou 'n uitwerking op die betroubaarheid van die resultate kon hê. Soos reeds genoem is die vraelyste in November 2004 by die Studentesentrum van die Universiteit Stellenbosch voltooi. Twee opmerkings moet hieroor gemaak word. Eerstens is November die maand waarin studente eindeksamen skryf, en fokus hulle dus gedurende hierdie tyd hoofsaaklik op hulle studies en die eksamen. Tweedens moet daar daarop gelet word dat studente die Studentesentrum besoek om te eet, sosiaal te verkeer en te ontspan, selfs al is dit slegs vir 'n paar minute gedurende eksamentyd.

Hierdie veranderlikes kan 'n direkte invloed op die invul van die vraelyste hê, want studente kon heel moontlik minder geneë wees om weens die tyd van die jaar en 'n gebrek aan tyd aan 'n empiriese studie deel te neem. Met die dataverwerking het dit geblyk dat sommige respondente die meeste van die vrae en stellings met 'n neutrale punt beantwoord het. Dit sou op 'n “gemaklike” reaksie kon dui, en kan dus beteken dat die data nie heeltemal betroubaar is nie. Om die resultate te bevestig is dit daarom belangrik om die ondersoek gedurende 'n rustiger tyd van die akademiese jaar te herhaal, en dan ook by 'n minder sosiale plek.

5.1.2 Die ondersoekmateriaal



Vir die doeleinde van die empiriese studie is daar na aanleiding van die analise in hoofstuk 3 op drie MIV/Vigs-pamflette vanuit die algehele korpus besluit. Die drie tekste is gekies omdat die teenwoordige leserspersonas die hele spektrum van 'n neutrale en saaklike leserspersona, tot 'n sterk, gedefinieerde leserspersona dek.

Die eerste pamflet, *HIV en jou mond*, is deur die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Gesondheidswetenskappe uitgereik. Hierdie pamflet is nie noodwendig net vir studente geskryf nie, aangesien dit 'n projek van die Departement Gemeenskapstandheelkunde was. Daar kan dus aangeneem word dat dit vir die algemene leserspubliek bedoel is. Volgens die analise in die vorige hoofstuk beskik hierdie pamflet oor 'n neutrale en saaklike leserspersona omdat dit slegs inligting oor mondsiektes en -infeksies wat die MIV-positiewe persoon kan opdoen aan die leser oordra. Inligting soos “Mense wat geïnfecteer is met HIV is meer geneig tot sere,

ulsers en bloeiende tandvleis in hulle monde” word aangebied sonder dat die leser se gedrag gestuur word.

Die volgende pamflet is ook deur die Universiteit Stellenbosch uitgereik, maar hierdie keer deur die Studentesake-afdeling. Hierdie pamflet is dus spesifiek op studente gemik. Die leserspersona blyk in die middel van die spektrum te wees: Die teenwoordige leserspersona is naamlik nie so saaklik en neutraal soos in die *HIV en jou mond*-pamflet nie, maar ook nie so sterk soos die een in die Besluite oor seks-teks nie. Die Studentesake-brosjyre maak merendeels van ’n saaklike en neutrale leserspersona gebruik omdat die skrywer(s) beoog om die leser beter oor MIV/Vigs in te lig. Inligting soos “’n MIV toets stel vas of daar MIV teenliggame in die bloed is” en “Vigs is ’n afkorting vir Verworwe Immuniteitsgebrek Sindroom”, word aan die leser oorgedra. Daar is egter ook twee afdelings binne die brosjyre waar die skrywer(s) wél ’n beeld van die leser skep, byvoorbeeld: “As dit reg gebruik word, kan kondome help om jou en jou maat te beskerm teen ’n ongewenste swangerskap en baie SOS (Seksueel Oordraagbare Siektes), insluitend MIV”. Met hierdie sin word die leser as seksueel aktief en heteroseksueel uitgebeeld.

Die laaste teks wat in die empiriese studie gebruik is, is ’n gedeelte uit ’n langer brosjyre wat vir tieners en adolessente bedoel is. Die afdeling Besluite oor seks uit die *Slimkoptiener*-brosjyre is herskryf om dit vir studente geskik te maak, en bevat die sterkste leserspersona. (Beide die oorspronklike en herskrewe gedeeltes kan in bylae C gevind word.) Hierdie teks wil nie net die leser inlig nie, maar wil ook sy gedrag stuur/verander. In hierdie teks word daar verskillende persona-kenmerke aan die leser toegeken:

- “By die dans het julle effens meer as gewoonlik gedrink...” (bl.1)
- “Daar is wel baie goeie soorte voorbehoedmiddels, maar wanneer jy besluit om nie seks te hê nie, het jy die sekerheid dat jy teen ’n ongewenste swangerskap beveilig is” (bl.1)
- “Omdat jy gereed is vir seks, weet jy dus ook dat jy die gevolge en verantwoordelikhede wat daarmee gepaardgaan, moet dra” (bl.2)

Met bogenoemde voorbeelde skep die skrywer 'n spesifieke beeld van sy leser: Die leser gebruik alkohol en is heteroseksueel. Verder is die leser gereed om seksueel te verkeer, en weet dus watter verantwoordelikhede met seks gepaardgaan.

Bogenoemde voorbeelde uit elk van die drie tekste toon aan dat die tekste se leserspersonas van saaklik en neutraal, tot sterk en gedefinieerd wissel. Die volgende afdeling fokus op die respondente wat aan hierdie studie deelgeneem het.

5.1.3 Respondente

Studeer is gekies om as respondente die vraelyste in te vul omdat die meeste van die tekste op hulle van toepassing was, of kon wees. 'n Totaal van 211 vraelyste is ingevul: 67 vir die *HIV en jou mond*-pamflet, 71 vir die MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling-dokument, en 73 vir die afdeling Besluite oor seks.

5.1.3.1 Respondente vir die HIV en jou mond-vraelys

Soos genoem het 67 studente die *HIV en jou mond*-vraelys ingevul. Van hierdie studente was 30 (45%) eerste- of tweedejaars, terwyl 30 (45%) respondente derde- of vierdejaars was. Die oorblywende respondente (10%) was honneursgraad-, meestersgraad- en Hoëronderrwyssdiplomastudente (HOD). Volgens geslag was daar 36 (54%) manlike respondente teenoor die 31 (46%) vroulikes. Veertig (60%) van die respondente was blank, terwyl 27 (40%) bruin was. Van die 67 respondente was 60 (90%) heteroseksueel, 3 (4%) homoseksueel, het 3 (4%) die alternatiewe blokkie gemerk, en 1 (2%) nagelaat om die vraag te beantwoord.

5.1.3.2 Respondente vir die Studentesake-vraelys

Uit die 71 studente wat die MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling-vraelys ingevul het, was 52 (73%) eerste- of tweedejaars, en 13 (18%) derde- of vierdejaars. Ses (8%) studente het in die jaargang van sesdejaar, honneursgraad en meestersgraad geval. Daar was altesaam 35 (49%) vroulike respondente teenoor 36 (51%) manlikes. Volgens die etniese groepering was 41 (58%) studente blank, terwyl 29 (41%) studente bruin was. Slegs een student wou nie sy etniese groepering spesifiseer nie.

Met betrekking tot seksuele oriëntasie was 64 (90%) respondente heteroseksueel en slegs 2 (3%) homoseksueel. Een (1%) respondent het die alternatiewe blokkie by seksuele oriëntasie gemerk en het genoem dat hy biseksueel is. Vier (6%) respondente het die vraag onbeantwoord gelaat.

5.1.3.3 Respondente vir die Besluite oor seks-vraelys

Hierdie vraelys is deur 73 studente ingevul van wie 52 (71%) eerste- of tweedejaars was, en 17 (23%) derde- of vierdejaars. Vier (5%) studente het aangedui dat hulle honneursgraad- of meestersgraadstudente is. Met betrekking tot geslag was daar 32 (44%) vroulike respondente teenoor 41 (56%) manlike respondente. Uit die 73 respondente was daar 69 (95%) heteroseksuele studente teenoor 1 (1%) homoseksuele student. Een (1%) respondent het die alternatiewe blokkie gemerk sonder om meer inligting te verskaf, terwyl twee (3%) studente die vraag onbeantwoord gelaat het.

5.1.4 Samestelling van die vraelys

Vir die doeleinde van die empiriese studie is daar op 'n vraelys besluit. Al drie vraelyste het uit twee afdelings bestaan – die eerste afdeling was teksspesifiek in dié sin dat dit van aanhalings uit die betrokke teks gebruik gemaak het; die tweede afdeling was meer algemeen van aard. Respondente het presies dieselfde vrae vir elke vraelys beantwoord, maar dit moes op die gegewe teks toegepas word.

In die eerste 15 vrae van elke vraelys is aanhalings vanuit elke pamflet geneem waaroor daar gevolglik aannames gemaak is. Die respondent het dus nie op die aanhaling self gereageer nie, maar eerder op die aanname. Die Likert-skaal is gebruik om respondente se reaksies en terugvoering te meet. Omdat dit in hierdie afdeling oor die waardering van die leserspersona gaan, is daar op 'n sewepunt-graderingskaal besluit.

Die waardes wat aan die eerste 15 vrae op die skaal toegeken is, is soos volg:

Spreek my baie aan 1	2	3	4	5	6	Irriteer my baie 7
--------------------------------	----------	----------	----------	----------	----------	------------------------------

Soos genoem was die tweede gedeelte van elke vraelys presies dieselfde vir al drie vraelyste. By hierdie gedeelte was die skaal ietwat anders, en moes respondente kies of hulle heeltemal met die gegewe stellings saamstem of verskil. Vir hierdie gedeelte is daar ook op die sewepunt-skaal soos die een hieronder besluit:

Stem heeltemal saam – Stem saam – Stem enigins saam – Neutraal – Verskil enigins – Verskil sterk – Verskil heeltemal

Die tweede gedeelte van die vraelys het op veral drie verwante sake gekonsentreer, naamlik die respondente se persoonlike waardes en houdings, die algemene leserspersonaherkenning en -waardering, en uiteindelik die algemene tekswaardering.

5.1.4.1 Persoonlike waardes en houdings van die respondente

Dit is belangrik om die respondent se persoonlike waardes en houdings te ondersoek om vas te stel in watter mate daar 'n verband is tussen die waardes en houdings van die respondent, die respondent se waardering van die leserspersona, asook die algemene tekswaardering. Die skaal waarmee die persoonlike waardes en houdings getoets is bestaan uit 15 items, en het vir al drie vraelyste 'n onvoldoende alfa opgelewer. Weens die swak alfas is daar besluit om al die stellings sin vir sin te analiseer, nuwe konstrakte te vorm deur stellings wat saam hoort, saam te groepeer, en daarvoor nuwe alfas uit te werk. Die 15 items wat gesamentlik die waardes en houdings van respondente moes toets, is in drie groepe verdeel, naamlik waardes, houdings en algemene kennis ten opsigte van MIV/Vigs. Hieronder volg dié 15 items, en direk daarna die nuwe konstrakte van waardes, houdings en algemene kennis ten opsigte van MIV/Vigs:

Waardes en houdings

- | |
|--|
| <p>16. Voorhuwelikse seks pla my nie.*</p> <p>17. Dit is nie altyd nodig om veilige seks te beoefen nie.*</p> <p>18. Dit is nie goed om baie seksmaats te hê nie.</p> <p>19. Voorhuwelikse seks is teen my morele waardes.</p> <p>20. Ek is bang om met MIV besmet te word.</p> <p>21. Studente van my generasie is goed oor MIV/Vigs ingelig.</p> |
|--|

22. Beskerming teen MIV/Vigs is 'n persoonlike saak. *
23. Daar is nie veel meer wat ons as studente kan doen om die gevaar van MIV/Vigs te bekamp nie.*
24. Die kwessie van MIV/Vigs geniet voldoende aandag op ons kampus.
25. MIV/Vigs is nog nie 'n probleem op ons kampus nie.*
26. Daar behoort aparte Vigs-pamflette en -tekste vir homo- en heteroseksuele mense te wees.
27. Dit is belangrik dat MIV/Vigs meer aandag op ons kampus geniet.*
28. Ek kan nooit te veel van MIV/Vigs leer nie.
29. Ek voel die Universiteit moet 'n aansienlike rol in die bekamping van MIV/Vigs op kampus speel.
30. Dit het niks met die skrywer van die teks te doen dat ek meer as een seksuele maat het nie.*

* Meting d.m.v. teenstelling

Waardes

1. Voorhuwelikse seks pla my nie.*
3. Dit is nie goed om baie seksmaats te hê nie.
4. Voorhuwelikse seks is teen my morele waardes.

*Meting d.m.v. teenstelling

Bogenoemde drie stellings is saamgegroeper om 'n nuwe konstruk te vorm omdat hulle gesamentlik beoog om die respondent se waardes ten opsigte van seks en gepaardgaande aspekte te toets. Hierdie konstruk het verskillende alfas vir die drie vraelyste opgelewer: Die *HIV en jou mond*-vraelys het 'n betroubare alfa opgelewer ($\alpha = 0,81$), terwyl die MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling- en Besluite oor seks-vraelys matige alfas opgelewer het (MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling: $\alpha = 0,66$, en Besluite oor seks: $\alpha = 0,51$). Eersgenoemde vraelys se hoë α -waarde beteken dat daar 'n hoë interne konsekwentheid vir bogenoemde drie items is, terwyl die ander twee vraelyste se α -waardes op 'n laer interne konsekwentheid dui.

Houdings


2. Dit is nie altyd nodig om veilige seks te beoefen nie.*

5. Ek is bang om met MIV besmet te word.
7. Beskerming teen MIV/Vigs is 'n persoonlike saak. *
8. Daar is nie veel meer wat ons as studente kan doen om die gevaar van MIV/Vigs te bekamp nie.*
10. MIV/Vigs is nog nie 'n probleem op ons kampus nie.*
13. Ek kan nooit te veel van MIV/Vigs leer nie.
14. Ek voel die Universiteit moet 'n aansienlike rol in die bekamping van MIV/Vigs op kampus speel.

*Meting d.m.v. teenstelling

Met bogenoemde stellings is 'n nuwe konstruk saamgestel wat die respondent se houding ten opsigte van seks en MIV/Vigs bepaal. Hierdie konstruk het die volgende onvoldoende alfas vir die drie vraelyste opgelewer: Die *HIV en jou mond*-vraelys: $\alpha = 0,41$, MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling-vraelys: $\alpha = 0,38$ en Besluite oor seks-vraelys: $\alpha = 0,37$). Hierdie α -waardes is onvoldoende omdat die interne konsekwentheid van die items swak is. Die swak interne konsekwentheid kan daarop dui dat al die items waarmee die respondent se houding ten opsigte van seks en MIV/Vigs getoets moes word, nie onderling verband gehou het nie.

Kennis t.o.v. MIV/Vigs



6. Studente van my generasie is goed oor MIV/Vigs ingestig.
9. Die kwessie van MIV/Vigs geniet voldoende aandag op ons kampus.
12. Dit is belangrik dat MIV/Vigs meer aandag op ons kampus geniet.*

*Meting d.m.v. teenstelling

Die gegroepeerde items wat gesamentlik die respondente se kennis ten opsigte van MIV/Vigs gemeet het, het ook verskillende alfas opgelewer. Die alfa vir die MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling-vraelys was uiters laag: $\alpha = 0,28$, terwyl dit matig was vir die ander twee vraelyste (*HIV en jou mond*: $\alpha = 0,54$ en Besluite oor seks: $\alpha = 0,66$). Die onvoldoende α -waarde van die MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling-vraelys dui op 'n swak interne konsekwentheid tussen bogenoemde items, terwyl laasgenoemde vraelyste voldoende α -waardes opgelewer het.

5.1.4.2 Die leserspersona

Die leserspersona is in twee verskillende afdelings in elkeen van die vraelyste getoets. Die eerste gedeelte van elke vraelys het uit 15 aanhalings uit die onderskeie pamflette bestaan. By elke aanhaling is daar 'n aannames/veronderstelling gemaak wat die leserspersona of die gebrek daaraan moes toelig. Dit beteken dat die aannames/veronderstelling die pamflette se verhoudingsboodskap (“relasionele” boodskap), naamlik dit wat die skrywer van sy leser dink, duideliker gemaak het.

Die 15 aanhalings was teksspesifiek en dus op die individuele pamflette gemik. Daar is van die respondent verwag om die stelling oor die aanhaling te evalueer, en nie die aanhaling self nie. Die sewepunt-Likert-skaal, soos in 5.1.4 geïllustreer, is aangewend. 'n Voorbeeld van 'n aanhaling saam met 'n aanname/veronderstelling is:

1. *“Miskien besluit jy om weens morele redes nie seks te hê nie.”*

Met hierdie sin word daar geïmpliseer dat jy nie in voorhuwelikse seks glo nie.

Wat dink jy daarvan?

Spreek my baie aan	Spreek my aan	Dit is in orde	Ek vind dit nie belangrik nie	Is nie geslaagd nie	Irriteer my	Irriteer my baie
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

Motivering:

.....

.....

Voorbeeld: Bogenoemde is uit die Besluite oor seks-vraelys geneem.

Vir twee van die pamflette het die eerste 15 vrae oor hoe die stellings ervaar word, 'n betroubare skaal gevorm (*HIV en jou mond*: $\alpha = 0,78$, *Studentesake*: $\alpha = 0,81$), terwyl die skaal vir die Besluite oor seks-pamflet onvoldoende was ($\alpha = 0,49$). Die α -

waardes van eersgenoemde vraelyste dui op 'n hoë interne konsekwentheid, wat uiteindelik op 'n betroubare skaal dui, terwyl die swak α -waarde van die Besluite oor seks-vraelys op 'n lae interne konsekwentheid tussen die skaalitems dui.

Buiten die eerste 15 vrae is daar ook 'n algemene leserspersona-toets deur middel van 14 vrae gedoen. Hierdie vrae was identies vir al drie vraelyste, en kan in die tweede gedeelte van elkeen gevind word. Die doel daarvan was om te toets of die respondente kon agterkom of hulle enigins op 'n spesifieke manier in die pamflette uitgebeeld word. By hierdie gedeelte is daar spesifieke stellings gemaak, en moes respondente op 'n sewepunt-Likert-skaal aandui of hulle heeltemal saamstem of verskil. 'n Voorbeeld van so 'n stelling is:

	Stem heel-temal saam	Stem saam	Stem enigins saam	Neutraal	Verskil enigins	Verskil sterk	Verskil heel-temal
39. Ek word as 'n heteroseksuele persoon voorgestel.	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

Die algemene leserspersona in die drie pamflette is met behulp van die volgende stellings getoets:

Leserspersona

1. Daar word 'n sekere beeld van my as leser in die teks geskep.
2. Ek word as 'n student voorgestel wat oor MIV/Vigs ingelig wil word.
3. **Ek word as 'n student voorgestel wat nog nie MIV-positief is nie.***
4. Ek word as 'n heteroseksuele persoon voorgestel.
5. Hierdie teks is vir studente geskryf.
6. Volgens die teks het ek 'n spesiale vriend/in.*
7. Volgens die teks is ek seksueel aktief.
8. Die leser van die teks is in 'n eksklusiewe (een-tot-een) verhouding.*

9. In die teks word ek as iemand voorgestel wat veilige seks beoefen.*
10. Die teks stel my voor as iemand wat nog nie die gevaar van MIV/Vigs besef nie.
11. Die leser van die teks het meer as een seksuele maat.
12. Volgens hierdie teks beoefen ek nie veilige seks nie.
13. Die skrywer van die teks dink dat ek nie genoeg oor MIV/Vigs weet nie.
14. Volgens die teks moet ek die onderwerp van MIV/Vigs ernstiger opneem.

* Meting d.m.v. teenstelling

Omdat die skaal van bogenoemde stellings 'n onvoldoende alfa opgelewer het, is daar besluit om stellings wat dieselfde komponent meet, saam te groepeer, en daarvoor alfas uit te werk. Die stellings is uiteindelik in twee groepe verdeel, naamlik of daar 'n spesifieke beeld van die respondent geskep word, en watter tipe beeld van die respondent geskep word. Die twee nuwe konstruksies word hieronder gelys:

Word daar 'n beeld geskep?

1. Daar word 'n sekere beeld van my as leser in die teks geskep.
5. Hierdie teks is vir studente geskryf.

By al drie vraelyste blyk dit dat daar weinig of geen korrelasie tussen item 1 en 5 is: *HIV en jou mond-vraelys* ($r = 0,01$), *MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling-vraelys* ($r = 0,19$) en *Besluite oor seks-vraelys* ($r = -0,04$). Omdat daar nie 'n wesenlike verskil tussen die drie vraelyste se korrelasies is nie, word daar aanvaar dat item 1 nie by enige van die drie vraelyste met item 5 korreleer nie. Hoe nader die r -waarde aan 1 is, hoe groter is die korrelasie tussen die gekose items. By die drie vraelyste blyk die korrelasie byna nul te wees.

Watter tipe beeld word geskep?

3. Ek word as 'n student voorgestel wat nog nie MIV-positief is nie.*
6. Volgens die teks het ek 'n spesiale vriend/in.*
7. Volgens die teks is ek seksueel aktief.
8. Die leser van die teks is in 'n eksklusiewe (een-tot-een) verhouding.*
9. In die teks word ek as iemand voorgestel wat veilige seks beoefen.*

10. Die teks stel my voor as iemand wat die gevaar van MIV/Vigs nog nie beseef nie.
11. Die leser van die teks het meer as een seksuele maat.
12. Volgens hierdie teks beoefen ek nie veilige seks nie.
13. Die skrywer van die teks dink dat ek nie genoeg oor MIV/Vigs weet nie.
14. Volgens die teks moet ek die onderwerp van MIV/Vigs ernstiger opneem.

* Meting d.m.v. teenstelling

Die items wat moes toets watter tipe beelde die respondente in die tekste kon identifiseer, het een matige alfa (MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling-vraelys: $\alpha = 0,52$) en twee onvoldoende alfas (*HIV en jou mond*-vraelys: $\alpha = 0,40$, en Besluite oor seks-vraelys: $\alpha = 0,33$) opgelewer. Die α -waarde van eersgenoemde vraelys dui op 'n matige interne konsekwentheid vir bogenoemde items, terwyl die vraelyste oor die *HIV en jou mond*-brochure en Besluite oor seks-teks se interne konsekwentheid laag was.

Die volgende stellings is vir die doeleinde van die ondersoek weggelaat omdat hulle nie met die res van die stellings wat leserspersona toets verband gehou het nie:

2. Ek word as 'n student voorgestel wat oor MIV/Vigs ingelig wil word.
4. Ek word as 'n heteroseksuele persoon voorgestel.

5.1.4.3 Algemene tekswaardering

Daar is na verskillende konsepte by die toetsing van algemene tekswaardering gekyk. In hierdie gedeelte word daar van stellings gebruik gemaak waarop die respondente moet reageer. In hulle boek *Instructiewe tekste. Analyse, Ontwerp en Evaluatie*, noem Maes, Ummelen en Hoeken (1996:209) 'n skaal waarmee die aantreklikheid van 'n teks, of die algemene tekswaardering in die geval van hierdie studie, getoets kan word. In hierdie skaal is verskillende items getoets soos interessantheid of oninteressantheid, persoonlikheid of onpersoonlikheid, en of dit uitnodigend of vervelig, of afwisselend of eentonig is.. Die items wat gebruik is om die algemene tekswaardering te meet, word hieronder gelys. Van die items is met teenstellende

stellings gemeet om te bepaal of respondente se reaksies deur die loop van die vraelys dieselfde gebly het. 'n Voorbeeld hiervan is:

6. Die teks interesseer my.

30. Ek vind die teks vervelig.

By die toetsing van algemene tekswaardering is dieselfde skaal as by die toetsing van leserspersona gebruik:

	Stem heel-temal saam	Stem saam	Stem enigszins saam	Neutraal	Verskil enigszins	Verskil sterk	Verskil heel-temal
51. Ek vind die teks lekker om te lees.	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

Die algemene tekswaardering van die drie pamflette is met behulp van die volgende stellings getoets:



Algemene tekswaardering

41. Ek hou daarvan dat 'n teks my kennis van MIV/Vigs in ag neem.
42. Ek lees graag 'n teks oor MIV/Vigs wat kennis neem van my MIV-status.
43. Ek hou daarvan dat ek in 'n teks aangespreek word.
44. Ek wil hê dat 'n teks oor MIV/Vigs met my seksuele status moet rekening hou.
45. Ek lees graag 'n teks oor MIV/Vigs wat die eksklusiwiteit van my verhouding in ag neem.
46. Die teks interesseer my.
47. Ek vind dit nodig dat 'n teks my veilige seksbeoefening in ag neem.
48. Ek wil hê dat 'n teks oor MIV/Vigs my kennis oor die gevaar van die siekte in aanmerking moet neem.
49. Ek word in die teks aangespreek.
50. Ek vind die teks lekker om te lees.

51. Ek hou daarvan dat 'n teks kennis neem van my verhouding met 'n spesiale vriend/in.
52. Ek word genoeg in die teks aangespreek.
53. Ek vind dit nodig dat 'n teks oor MIV/Vigs my seksuele oriëntasie in ag neem.
54. Ek lees graag 'n teks wat spesifiek vir studente geskryf is.
55. Die teks is persoonlik.
56. Ek waardeer dit as 'n teks persoonlik is.
57. Ek hou van die manier hoe ek in die teks aangespreek word.
58. Ek vind die teks formeel.
59. Ek verkies om 'n formele teks te lees.
60. Die teks slaag in sy doel om my oor MIV/Vigs in te lig.
61. Ek vind dit relevant dat 'n teks oor MIV/Vigs my seksuele praktyke in ag neem.
62. Ek is nie gemaklik met die manier hoe ek aangespreek word nie.*
63. Hierdie teks irriteer my.*
64. Die teks stem nie ooreen met my waardes nie.*
65. Ek verkies dat 'n teks met my waardes ooreenstem.
66. Die teks is informeel.
67. 'n Informele teks spreek my aan.
68. Die skrywer van die teks weet waarvan hy praat.
69. Uit die teks kan ek aflei dat MIV wel op ons kampus bestaan.
70. Ek vind die teks vervelig.*
71. Die inligting in die teks is reeds aan my bekend.
72. Ek voel die probleem van MIV/Vigs word nie genoeg in die teks aangespreek nie.*
73. Die teks beeld nie die werklike stand van sake rakende MIV/Vigs op kampus uit nie.*
74. Ek waardeer dit nie dat die skrywer aannames rakende my kennis oor MIV/Vigs maak nie.*
75. Ek vind dit onnodig dat 'n teks oor MIV/Vigs my aanraai om die betrokke onderwerp ernstiger op te neem.*
76. Die teks het ten doel om studente oor MIV/Vigs in te lig omdat hulle nie oor voldoende inligting beskik nie.
77. Die inligting oor MIV/Vigs word op 'n interessante manier oorgedra.

78. Die teks is vir my heel toeganklik.

79. Ek vind aanklank by die teks.

80. Ek dink dat die teks nie die werklike stand van sake rakende MIV/Vigs op kampus uitbeeld nie.*

* Meting d.m.v. teenstelling

Die skaal het van altesaam 40 items gebruik gemaak om die algemene tekswaardering te meet. Weens die groot aantal items is daar 'n halveerbetroubaarheidstoets by al drie vraelyste gedoen. By die Besluite oor seks-vraelys was die eerste 20 items se alfa 0,79, en die laaste 20 items s'n 0,69. Die korrelasie tussen die twee helftes was 0,41, terwyl die volle skaal se alfa 0,81 was. Die volle skaal se α -waarde is moontlik hoog weens die groot aantal items, omdat die korrelasie tussen die twee helftes relatief laag is. Die korrelasie-alfa bied 'n meer realistiese prentjie van die interne konsekwentheid. Die afsonderlike helftes se α -waardes is moontlik hoog omdat 20 items steeds 'n groot hoeveelheid is om te bereken.

Die volle skaal van die volgende vraelys, die MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling-vraelys, was 0,78, terwyl die eerste twintig items se alfa 0,77, en die laaste twintig items s'n 0,73 was. Die korrelasie tussen die twee helftes van die skaal was 0,17 – selfs laer as dié van eersgenoemde vraelys. Dit beteken dat die interne konsekwentheid van die veertig items onvoldoende is omdat die items moontlik nie op dieselfde konsep betrekking het nie.

By die laaste vraelys, dié oor die *HIV en jou mond*-brosjure, was die volle skaal se alfa 0,81, terwyl die eerste helfte se alfa 0,76, en dié van die laaste twintig items 0,64 was. Die korrelasie van 0,57 tussen die twee helftes dui op 'n matige betroubaarheid. Die korrelasie tussen die twee helftes is laer as die volle skaal se α -waarde, wat beteken dat die volle skaal se hoë alfa moontlik 'n gevolg van die groot aantal items is. Ten spyte van die feit dat die korrelasie laer is as die volle skaal se alfa, is hierdie korrelasie die hoogste van die drie vraelyste, maar dui dit nog steeds slegs op 'n matige betroubaarheid.


5.1.5 Die prosedure

Soos vroeër genoem is die vraelyste by die Neelsie-studentesentrum van die Universiteit Stellenbosch voltooi. Drie assistente is genader om respondente vir die vraelyste te kry. Die assistente het vir ongeveer drie weke daaglik in die sentrum rondgestap en studente genader om aan die ondersoek deel te neem.

Studente wat wél besluit het om aan die ondersoek deel te neem, is die volgende meegedeel:

- dat die vraelyste streng vertroulik hanteer sal word;
- dat hulle die meegaande pamflet eers sorgvuldig moes lees voordat hulle die vraelys invul; en
- dat hulle daarna beide die vraelys en pamflet aan die assistent moes oorhandig.

Studente het gemiddeld 30-40 minute geneem om die vraelyste in te vul. Hierdie prosedure het veral studente getrek wat nie daarvoor bekommerd was dat hulle geïdentifiseer of herken sou word nie; die ondersoek het dus byna geen homoseksuele studente getrek nie.



5.1.6 Hipoteses

Die volgende hipoteses is vir die doel van hierdie deelstudie gestel:

1. Studente is neutraal teenoor die leserspersona wat in die volgende tekste geskep word:
 - Besluite oor seks
 - MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling
 - *HIV en jou mond.*
2. Daar is 'n positiewe korrelasie tussen persoonlike waardes en houdings, en leserspersonawaardering.


3. Daar is 'n positiewe korrelasie tussen leserspersonawaardering en algemene tekswaardering.

5.2 Resultate

5.2.1 Respondente se houding ten opsigte van die leserspersona

Die eerste hipotese lui soos volg: “Studente is neutraal teenoor die leserspersona wat in die tekste Besluite oor seks, MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling en *HIV en jou mond* geskep word.”

Die nulhipotese hierbo impliseer dat die steekproefgemiddelde gelyk is aan die gebruikte skaal se gemiddelde (4), en dat die gemiddelde dus gelyk is aan neutraal. Figuur 4.1 toon die verspreiding van leserspersonawaardering per pamflet aan.



Figuur 5.1: Verspreiding van die leserspersonawaardering

Tabel 5.1

Leserspersonawaardering in die tekste *HIV en jou mond*, Besluite oor seks en MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling (1= spreek my baie aan, en 7= irriteer my baie)

	Gemiddelde	Std.-fout	T-waarde	p-waarde
Leserspersona <i>HIV en jou mond</i>	3,54	0,20	-2,30	0,02
Leserspersona <u>Besluite oor seks</u>	2,47	0,14	-10,66	<0,01
Leserspersona <i>MIV/Vigs van S.sake</i>	3,50	0,22	-2,30	0,02

Vir die eerste en derde teks is die p-waarde beduidend op 'n 5%-betekenispeil ($p < 0,05$), maar nie op 'n 1%-peil ($p > 0,01$) nie. Dit dui op 'n duidelike afwyking. Wanneer figuur 4.1 egter bestudeer word, blyk dit dat die respondente se reaksie oorwegend rondom die gemiddelde van die skaal (4) sentreer. By Besluite oor seks is daar 'n definitief beduidende afwyking, en wel op 'n 1%-peil ($p < 0,01$).

Al die vrae wat vir die doeleinde van die ondersoek in die vraelyste gebruik is, is deur middel van 'n sewepuntskaal met vier as neutrale of middelpunt gemeet. Die gemiddeldes wat in die eerste kolom aangedui word, is dus die gemiddeldes op die sewepuntskaal. Hieruit kan daar afgelei word dat die leserspersona van *HIV en jou mond* en MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling die laagste gewaardeer word, naamlik 3,54 en 3,50 onderskeidelik. Die leserspersona van Besluite oor seks word die hoogste gewaardeer met 'n waarde van 2,47. Daar is egter geen beduidende verskil in leserspersonawaardering tussen die drie pamflette nie.

Neutraliteit word met 'n tweesydigte, "enkelsteekproef"-T-toets geëvalueer, met 4 as die gemiddelde of neutrale toetswaarde, om te bepaal of die waardering van 'n spesifieke leserspersona beduidend afwyk. Aan die hand van bogenoemde gegewens is daar besluit om die nulhipotese, naamlik dat studente neutraal teenoor die leserspersona van die pamflette staan, te verwerp.

5.2.2 Samehang tussen persoonlike waardes en leserspersonawaardering

Die tweede hipotese gaan van die standpunt uit dat daar 'n positiewe korrelasie tussen respondente se persoonlike waardes en leserspersonawaardering bestaan. Met die veranderlike “persoonlike waardes” word die teikengroep se waardes ten opsigte van seksualiteit en verwante temas, soos voorhuwelikse seks, verskillende seksmaats en seksueel-oordraagbare siektes soos MIV/Vigs, bepaal. Die verband tussen die respondente se waardes en die leserspersona van die drie tekste word met behulp van Pearson se korrelasiekoëffisiënt bestudeer. Die drie leserspersonas is met stelling 30 uit die vraelyste gemeet omdat dit die enigste stelling is waar die leser die herkenning van die leserspersona moes evalueer. Die res van die leserspersona-stellings het eerder met die tipe leserspersona in die pamflette, indien enige, te doen.

Die volgende tabel dui die verband tussen persoonlike waardes en die leserspersona van die drie tekste aan.

Leserspersona	N	Pearson-korrelasiekoëffisiënt	Beduidendheid
<i>HIV en jou mond</i>	67	-0,11	p = 0,39
<u>Besluite oor seks</u>	73	0,20	p = 0,09
MIV/Vigs van S.sake	71	-0,25	p = 0,03

In die eerste kolom van tabel 5.2 word die aantal proefpersone aangedui. Hierdie aanduiding is belangrik aangesien die aantal proefpersone 'n aanduiding is van 'n korrelasie se beduidendheid al dan nie. Wanneer daar baie proefpersone is, is dit maklik om 'n korrelasie van 'n 0,05-beduidendheid of minder te kry. Daarom is dit belangrik om by groot steekproewe nie net na die beduidendheid te kyk nie, maar ook na die grootte van die korrelasie. Guilford (1965, soos aangehaal in Den Boer, Bouwman, Frissen en Houben, 1994:245) se norme vir die grootte van korrelasies word dikwels in hierdie verband gebruik:

Tabel 5.3

Waardering van korrelasies volgens Guilford (1965, soos aangehaal in Den Boer, Bouwman, Frissen en Houben, 1994;245)

$r < 0,20$	Baie lae korrelasie	Onbeduidende verband
$0,20 < r < 0,40$	Lae korrelasie	Aanwesige, maar swak verband
$0,40 < r < 0,70$	Matige korrelasie	Duidelike verband
$0,70 < r < 0,90$	Hoë korrelasie	Sterk verband
$r > 0,90$	Baie hoë korrelasie	Baie sterk verband

Die korrelasies van die drie tekste word in kolom twee van tabel 5.2 aangedui. Die korrelasie tussen die leserspersona van *HIV en jou mond* en persoonlike waardes is -0,11, en val in tabel 5.3 onder $r < 0,20$. Hierdie korrelasie word in kolom drie van tabel 5.3 as onbeduidend geklassifiseer. Die korrelasie tussen die leserspersona van Besluite oor seks en persoonlike waardes is 0,20. Hierdie korrelasie dui volgens bostaande tabel op 'n aanwesige, maar swak verband ($0,20 < r < 0,40$), terwyl die korrelasie tussen die leserspersona van MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling en persoonlike waardes -0,25 is. Hierdie korrelasie is volgens tabel 5.3 ook 'n onbeduidende verband ($r < 0,20$), soos met die *HIV en jou mond*-korrelasie, maar het wel 'n beduidende p-waarde op 'n 5%-betekenispeil ($p < 0,05$) opgelewer.

Aan die hand van bogenoemde inligting word die nulhipotese, naamlik dat daar 'n positiewe korrelasie tussen respondente se persoonlike waardes en die leserspersona van die drie tekste bestaan, verwerp. Bogenoemde korrelasies is deur die swak Cronbach-alfas (afdeling 5.1.4) beïnvloed, en moontlik as gevolg daarvan kon geen positiewe korrelasie tussen respondente se persoonlike waardes en die leserspersona gevind word nie.

5.2.3 Samehang tussen leserspersonawaardering en tekswaardering

Soos die vorige hipotese, veronderstel hierdie een dat daar 'n positiewe korrelasie tussen leserspersonawaardering en algemene tekswaardering bestaan. Hierdie samehang word ook met die Pearson-korrelasiekoëffisiënt getoets. Die volgende tabel

toon die samehang tussen leserspersonawaardering en tekswaardering van *HIV en jou mond*, Besluite oor seks en MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling aan.

Tabel 5.4			
Samehang tussen die veranderlikes “leserspersonawaardering” en “tekswaardering”, bepaal met die Pearson-korrelasiekoëffisiënt			
Leserspersona	N	Pearson-korrelasiekoëffisiënt	Beduidendheid
<i>HIV en jou mond</i>	67	0,02	p = 0,86
<u>Besluite oor seks</u>	73	0,15	p = 0,19
<i>MIV/Vigs van Stud</i>	71	-0,08	p = 0,48

By hierdie afdeling word daar ook van Guilford (1965, soos aangehaal in Den Boer, Bouwman, Frissen en Houben, 1994;245) (sien tabel 5.3) se norme om korrelasiegrootte te toets, gebruik gemaak. Daarvolgens dui die onderskeie korrelasies tussen die leserspersona van die drie tekste en die algemene tekswaardering op 'n onbeduidende verband. Die korrelasie van die leserspersona en tekswaardering van *HIV en jou mond* was 0,02, terwyl dié van MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling -0,08 was. Die korrelasie van Besluite oor seks was effens hoër op 0,15, maar was nog steeds onbeduidend.

Bogenoemde inligting laat die navorser geen ander keuse as om die hipotese dat daar 'n positiewe korrelasie tussen leserspersonawaardering en algemene tekswaardering bestaan, te verwerp nie omdat die resultate van die drie tekste telkens as onbeduidend of swak geregistreer het. Soos by afdeling 5.2.2 is bogenoemde korrelasies ook deur die swak alfas, soos in afdeling 5.1.4 bespreek, beïnvloed, en kon geen positiewe korrelasie gevolglik tussen die leserspersona- en tekswaardering van die onderskeie tekstepamflette gevind word nie.

5.3 Gevolgtrekking en bespreking

In die inleidende paragraaf van hierdie hoofstuk word die doel van hierdie deelstudie soos volg uiteengesit:

- Hoe waardeer/ervaar studente die gekose tekste se leserspersonas?
- Watter effek het leserspersonawaardering op die algemene tekswaardering van die gekose tekste?
- Is daar enige verband tussen studente se persoonlike waardes, leserspersonawaardering en algemene tekswaardering?

Die vraelysresultate toon dat die leserspersonawaardering van Besluite oor seks die hoogste is op 2,47, terwyl daar feitlik geen verskil was tussen die leserspersonawaardering van *HIV en jou mond* en MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling nie, op 3,54 en 3,50 onderskeidelik.

Die feit dat leserspersonawaardering nie wesenlik tussen die drie tekste verskil nie is 'n aanduiding dat studente nie die analitikus se siening van die verskillende leserspersonas gedeel het nie. Soos aan die begin van hierdie hoofstuk genoem, is die pamflette juis gekies om die hele leserspersonaspektrum, van 'n saaklike en neutrale leserspersona tot 'n baie sterk, gedefinieerde leserspersona, te dek. Studente het wél die teks met die sterk, gedefinieerde leserspersona, naamlik Besluite oor seks, akkuraat geïdentifiseer, maar kon geen verskil tussen die saaklike leserspersona in *HIV en jou mond*, en die minder saaklike leserspersona in MIV/Vigs-pamflet van Studentesake-afdeling opmerk nie.

Daar blyk geen korrelasie tussen die drie leserspersonas en die algemene waardering van die drie tekste te wees nie. Hierdie resultaat is moontlik daaraan te wyte dat die meeste van die items wat leserspersona in die tekste moes toets, nie met mekaar gekorreleer het nie. Die korrelasie met die algemene tekswaardering was moontlik ook onbeduidend as gevolg van die swak Cronbach-alfas.

Met betrekking tot die moontlike positiewe samehang tussen studente se persoonlike waardes en leserspersonawaardering moes die nulhipotese verwerp word, omdat die gegewe resultate nie die hipotese ondersteun nie. Hierdie resultaat was moontlik ook te wyte aan die swak alfas by die persoonlike waardes. Dit is moeilik om respondente se persoonlike waardes ten opsigte van MIV/Vigs en verwante temas te toets, nie net

omdat dit nog steeds 'n sensitiewe tema is nie, maar ook omdat waardes van persoon tot persoon verskil.

Ten slotte is die heel moeilikste faktor die suksesvolle toetsing van respondente se leserspersonawaardering. Hoewel analitici 'n idee het van wat leserspersona is en hoe dit moontlik in tekste voorkom, beteken dit nie dat lesers dit ook so ervaar nie. Vir lesers gaan dit daaroor dat die teks hulle aanspreek of nie, en nie noodwendig oor of die teks 'n spesifieke beeld van hulle as lesers vorm nie.

Wat veral interessant is, is hoe die Ter Hoeven-studie (2002) met hierdie resultate vergelyk. In eersgenoemde geval is daar wél beduidende resultate by ten minste sommige van die metings wat ook in hierdie hoofstuk gerapporteer is, gevind. Die belangrike verskil, soos reeds genoem, is egter dat Ter Hoeven (2002) 'n binnegroepontwerp met 'n gemotiveerde keuse-eksperiment as vertrekpunt gekies het. In haar geval was daar byvoorbeeld besonder sterk korrelasies tussen personabeoordeling en algehele teksbeoordeling: Die waardering van die gekose rolle het 'n aansienlike impak op die waardering van die teks as geheel gehad; 'n beduidend sterk voorkeur vir 'n sterker persona is onder andere uitgespreek. Lesers kon die tekste vergelyk en dus makliker kontraste beoordeel. Die algemene indruk van analitici en teksgehaltekundiges (vgl. byvoorbeeld die werk van Jan Renkema) is egter dat lesers nie so maklik oordele oor veral die meer komplekse ontwerpaspekte van tekste (aspekte soos inhoudelike organisasie, samehang, styl en toon) kan vel nie. Dit is dus logies dat 'n mens in 'n tussengroepontwerp moeiliker beduidende beoordelingsresultate sal verkry, juis omdat die proefpersone (lesers) nie iets het om 'n teks mee te vergelyk nie.

Verdere studie ten opsigte van leserspersona in MIV/Vigs-tekste is dus nodig om te bepaal of leserspersona enigsins die leser se algemene tekswaardering beïnvloed.

Hoofstuk 6

Slot

Hierdie hoofstuk stel dit ten doel om die belangrikste gevolgtrekkings na aanleiding van die verskillende deelstudies oor die leserspersona saam te vat. Die gevolgtrekkings word met inagneming van die ondersoekvrae en hipotese in hoofstuk 1 gemaak. Daarna volg enkele voorstelle wat moontlik tot die verfyning van 'n meer omvangryke ondersoek oor die lesers- asook die skrywerspersona kan bydra. Die hoofstuk sluit af na 'n bondige bespreking van moontlike navorsingsonderwerpe, nie net ten opsigte van die leserspersona nie, maar ook persona in die algemeen.

6.1 Gevolgtrekkings

In Hoofstuk 1 word die probleemstelling soos volg geformuleer:

Dra die gebruik van 'n aantreklike leserspersona noodwendig tot die geloofwaardigheid en oorredingskrag van Afrikaanse MIV/Vigs-dokumente by?

Die hipotese wat uit bogenoemde probleemstelling afgelei word, is:

Daar is 'n positiewe korrelasie tussen die gebruik van 'n aantreklike leserspersona, en die geloofwaardigheid en oorredingskrag van MIV/Vigs-dokumente.

Die hipotese en probleemstelling word met behulp van verskeie ondersoekvrae bestudeer en beantwoord.

In die literatuurstudie oor persona in hoofstuk 2 noem Coney en Steehouder (2000:328) dat persona 'n rol is wat 'n leser aantreklik genoeg vind om te aanvaar en te speel. Coney en Steehouder (2000:328) se siening hou direk met bogenoemde probleemstelling en hipotese verband, want indien 'n leser die leserspersona in 'n teks aantreklik genoeg vind om te aanvaar en te speel, is dit belangrik om te weet of dit die betrokke teks meer geloofwaardig en oorredend maak. Om die probleemstelling te

beantwoord is dit belangrik om eers die ondersoekvrae wat uit die probleemstelling en hipotese spruit, te bestudeer.

Die eerste ondersoekvraag oor leserspersona in Afrikaanse MIV/Vigs-tekste is deur middel van 'n teksanalitiese ondersoek in hoofstuk 3 beantwoord. Uit dié hoofstuk kan daar oorwegend twee tipes leserspersona afgelei word, naamlik 'n saaklike of neutrale leserspersona, en 'n sterk leserspersona waardeur 'n spesifieke beeld van die leser geskep word. Daar is egter ook 'n geval waar dié twee leserspersonas inmekaarvloei, naamlik waar 'n saaklike en neutrale leserspersona enkele persona-kenmerke bevat. Só 'n geval sou wees waar die skrywer nie net inligting aan die leser verskaf nie, maar ook in sommige opsigte instruksies aan die leser wil gee (sien afdeling 3.6.1). Uit die teksanalitiese studie het dit geblyk dat tekste veral in twee kategorieë verdeel kan word, naamlik informatiewe en gedragsturende tekste. Informatiewe tekste se enigste doel is om die leser oor 'n spesifieke onderwerp in te lig, en dus word daar van 'n saaklike en neutrale leserspersona gebruik gemaak. Die skrywer sien sy leser as iemand wat slegs inligting verlang; dit is dus al wat die skrywer voorsien. Gedragsturende tekste wil verskillende doelwitte bereik, naamlik om instruksies aan die leser te gee, en die leser te oorreed en/of te motiveer. Om hierdie doelwitte te bereik skep die skrywer 'n spesifieke beeld van sy leser wat hom, die skrywer, sal help om die leser se gedrag uiteindelik te stuur of te verander (sien afdeling 3.6).

In antwoord op die eerste ondersoekvraag, naamlik watter leserspersonas in Afrikaanse voorligtingsdokumente gebruik word, blyk daar twee tipes leserspersona te wees. By informatiewe tekste waar die skrywer slegs inligting aan sy leser wil oordra, word 'n saaklike en neutrale leserspersona aangetref. Die skrywer maak aan die ander kant in gedragsturende tekste van 'n sterk, gedefinieerde leserspersona gebruik om sy leser se gedrag, byvoorbeeld met behulp van instruksies, te stuur.

Die tweede ondersoekvraag was oor die lesers se waardering van die leserspersona in MIV/Vigs-tekste. Vir die doeleinde van hierdie studie is drie tekste uit die korpus gekies, en is 'n kwantitatiewe ondersoek daarop uitgevoer. In hoofstuk 5 is leserspersonaherkenning en –waardering asook algemene tekswaardering bestudeer. Ten opsigte van leserspersonawaardering in die drie tekste is die leserspersona van

Besluite oor seks die hoogste gewaardeer, terwyl daar 'n klein verskil tussen dié van die ander twee tekste was (sien afdeling 5.2.1). Uit die feit dat respondente se leserspersonawaardering geen wesenlike verskil tussen die drie tekste opgelewer het nie, kan 'n mens die gevolgtrekking maak dat lesers nie die leserspersona so duidelik soos die analitikus kon identifiseer en evalueer nie. Omdat daar geen beduidende tekens van leserspersonawaardering deur lesers van die drie MIV/Vigs-tekste gevind kon word nie, kan geen definitiewe uitsprake gemaak word nie. Wat ons wél weet is dat die respondente in die kwantitatiewe studie nie neutraal teenoor die leserspersonas in bogenoemde tekste staan nie, en dat figuur 5.1 aandui dat baie min respondente die negatiewe spektrum van die Likert-skaal gekies het (sien afdeling 5.2.1). Volgens figuur 5.1 het die meeste respondente óf die middelpunt óf die positiewe metings op die skaal gekies. Dus het die meeste respondente neutraal of positief ten opsigte van die leserspersona in 'n betrokke teks gereageer, en het slegs 'n klein hoeveelheid respondente die leserspersona negatief geëvalueer.

Om terug te kom tot die probleemstelling en die hipotese, naamlik dat die gebruik van 'n aantreklike leserspersona tot die geloofwaardigheid en oorrედingskrag van Afrikaanse MIV/Vigs-dokumente bydra, en dat daar 'n positiewe korrelasie tussen die gebruik van 'n aantreklike leserspersona en die geloofwaardigheid en oorrედingskrag van MIV/Vigs-dokumente bestaan, is daar volgens die navorser (anders as in die Ter Hoeven-studie, 2002) nie 'n bevredigende antwoord nie. Alhoewel die analitikus twee tipes leserspersona geïdentifiseer het, blyk dit dat lesers dit nie noodwendig so kon identifiseer nie. Verder was die korrelasie tussen leserspersonawaardering en tekswaardering, wat in hoofstuk 5 gemeet is, onbeduidend. Dus kan daar nie op grond van hierdie ondersoek aanvaar word dat 'n aantreklike leserspersona 'n teks meer geloofwaardig en oorrედend maak nie. Dit was ook nie moontlik om met enige mate van sukses te bepaal wat lesers as 'n aantreklike leserspersona beskou nie.

6.2 Evaluering van die ondersoekmetodes

6.2.1 Die teksanalitiese metode

Die doel van die teksanalitiese metode is om 'n teks funksioneel te analiseer. Die tekste is dus aan die hand van verskillende elemente soos die tema, teikengroep, kommunikatiewe doelwitte en uiteindelijke- of beleidsdoelwit geanaliseer. Omdat daar slegs met tekste gewerk word, toets hierdie metode nie lesersreaksie nie. Ten spyte daarvan was hierdie analise van groot hulp by die identifisering van die verskillende tipes leserspersona, omdat dit die raamwerk neergelê het waarbinne die leserspersona in MIV/Vigs-dokumente funksioneer.

Ten spyte van die algemene perspektief wat funksionele analise op die leserspersona gebied het, is dit tóg belangrik om 'n paar opmerkings rakende kommunikatiewe doelwitte te maak. In afdeling 3.6 word daar tussen tekste met 'n informatiewe doelwit, en dié met 'n gedragsturende doelwit onderskei. Volgens bogenoemde afdeling verwys 'n gedragsturende doelwit na 'n teks wat oorreed, motiveer en/of instruksies gee. Die onderskeid tussen die informatiewe en gedragsturende doelwit in afdeling 2.1 kan egter as onduidelik bestempel word. Daar sou byvoorbeeld geargumenteer kon word dat, om iemand se gedrag te verander of te stuur, dit noodsaaklik is om die persoon van voldoende inligting te voorsien. Dus sou 'n mens kon redeneer dat 'n skrywer 'n gedragsturende doelwit wil bereik deur inligting aan sy leser te verskaf. Die skrywer se werklike bedoeling kan egter bloot akkuraat bepaal word deur hom self te nader.

6.2.2 Die ekspertgerigte metode

Vir hierdie metode het drie teksanalitiese deskundiges, die navorser ingesluit, die vyf MIV/Vigs-tekste met behulp van transaksionele analise geanaliseer. Die ekspertgerigte metode het dit ten doel om te bepaal watter ego-posisies aan beide die skrywer en die leser toegeken word. Hiermee is daar gepoog om vas te stel watter ego-posisies aan watter tipe leserspersona toegeken word. Die dieperliggende analise van subroltoekenning volgens hierdie metode was egter problematies, en het daartoe

gelei dat die resultate van hierdie analise nie heeltemal bruikbaar was nie. Dit is moontlik daaraan te wyte dat die toekenning van subrolle subjektief is, en sommige subrolle se kenmerke moeilik onderskei word.

Dit blyk dat hierdie metode nie sonder meer binne die dokumentontwerpkonteks gebruik kan word nie: Selfs onafhanklike, maar ingeligte analitici vind dit moeilik om persona konsekwent binne die TA-raamwerk te identifiseer. Die riglyne en kenmerke van die TA-teorie is ook nie in yster gegiet nie, want elke deskundige sou met behulp van die TA-teorie moontlik 'n ander subrol aan 'n betrokke rolspeler kon toeken.

6.2.3 Die vraelysmetode

Die doel van die vraelys was om lesers se waardering te meet. Dus was die vraelys op die toetsing van respondente se persoonlike waardes, leserspersona- en algemene tekswaardering toegespits. In hierdie studie was die vraelys nie 'n goeie instrument om persoonlike waardes en leserspersonawaardering te toets nie, omdat dit onvoldoende resultate opgelewer het. 'n Ander nadeel van die vraelys was dat die respondent nie die geleentheid gehad het om oor aannames oor 'n betrokke teks van die navorser te verskil nie. Verder kon die leser se interpretasie van die teks nie gemeet word nie omdat die vraelys slegs met stellings en aannames werk.

6.3 Voorstelle ter verfyning van die studie

In hoofstuk 1 word leserspersona as die studie se fokuspunt geïdentifiseer. Leserspersona gaan egter noodwendig met skrywerspersona gepaard, want tekste is geskrewe kommunikasie tussen die skrywer en sy leser. Wanneer die skrywer 'n beeld van sy leser skep, projekteer hy outomaties 'n sekere beeld van homself. Die studie wat in hierdie skripsie onderneem is, vorm slegs 'n klein afdeling van die konsep “persona” en wat alles daarmee gepaardgaan.

Omvattende navorsing oor persona moet verskeie elemente bevat. Eerstens, soos hierbo genoem, sal beide die skrywers- en leserspersona in MIV/Vigs-tekste bestudeer moet word. Tweedens sal die aantal tekste wat by die ondersoek betrek

word, heroorweeg moet word. Vyf Afrikaanse MIV/Vigs-tekste is nie naastenby genoeg om 'n omvattende ondersoek van persona te doen nie; tekste in verskillende tale sal bestudeer moet word om te bepaal watter kulturele verskille daar ten opsigte van persona bestaan. Die respondente in die kwantitatiewe ondersoek is nie verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse bevolking nie, en 'n omvattende studie sal dus na 'n meer verteenwoordigende groep moet kyk.

In die bestudering van persona moet transaksionele analise van nader beskou word om te bepaal in watter mate die persoonlikheidsteorie in persona-ontwerp gebruik kan word. Omdat transaksionele analise met interpersoonlike kommunikasie te doen het, sou skrywers dit moontlik as riglyn vir persona-ontwerp en -skepping kon gebruik, maar die beperkinge van die TA-model sal voortdurend in die oog gehou moet word.

6.4 Moontlike navorsingsonderwerpe


Hierdie studie dien as 'n voorlopige ondersoek wat tot ander moontlike studies oor persona in geskrewe kommunikasie kan lei.

- Uit die tekste wat in hierdie studie bestudeer is, blyk dit dat skrywers verskillende maniere gebruik om persona te skep. Dit is belangrik om 'n wyer korpus te bestudeer om te bepaal hoe verskillende skrywers gestalte aan persona gee. Met dié inligting sou daar skrywersriglyne saamgestel kon word vir die skep van suksesvolle tekste. Die vrae wat in so 'n ondersoek beantwoord moet word, is: Hoe word persona in tekste geskep? Watter kenmerke of karaktereienskappe word gebruik? Hoe belangrik is dit dat die leserspersona met die werklike teikengroep of lesers van die betrokke dokumente ooreenstem?
- Gedurende die samestelling en uitvoer van die kwantitatiewe ondersoek in hoofstuk 5, is daar op verskeie probleme afgekom wat die toetsing van die leserspersona bemoeilik het. In die vraelyste het die navorser op grond van verskillende aanhalings sekere aannames oor die betrokke leserspersona gemaak, en moes respondente dié aannames evalueer. Die Likert-skaal was onvoldoende omdat respondente nie ruimte gehad het om van die

navorser se aannames te verskil nie. Met die gebruik van die Likert-skaal kon die ondersoeker ook nie leserspersonaherkenning toets nie, maar slegs leserspersonawaardering. Hierdie tekortkoming van die Likert-skaal dui dus op 'n leemte vir 'n ondersoekmetode wat hierdie probleem kan aanspreek.

- 'n Vraag wat nie in hierdie skripsie ter sprake kom nie, maar wat wel vir die bestudering van persona relevant is, is of voorligtingsdokumente doeltreffend is wanneer lesers as portuurgroepe aangespreek word. Sou lesers verkies om deur portuurgroepe in tekste aangespreek te word, en hoe doeltreffend sou dit wees?

Dat persona-ontwikkeling en -waardering 'n belangrike onderwerp binne die konteks van dokumentontwerp is, is nie te betwyfel nie. 'n Vergelyking van hierdie studie met 'n studie soos dié van Ter Hoeven (2002) toon egter duidelik hoeveel probleme daar ook nog in hierdie verband oorbrug moet word.



Bronnelys

- Booth, W.C. 1961. *The rhetoric of fiction*. Chicago, IL: University of Chicago Press.
- Berne, E. 1964. *Games People Play: The Psychology of Human Relationships*. New York: Penguin Group.
- Boyce, G. [S.a.]. *The Transactional Analysis Model* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.boyceco.com/TA.htm> [2004, 13 April].
- Chapman, A. 2001. *Transactional Analysis* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.businessballs.com/transactionalanalysis.htm> [2004, 31 Maart].
- Coney, M.B. 1987. Contemporary views of audience: A rhetorical perspective. *The technical writing teacher*. 14(3):319-336.
- Coney, M.B. 1992. Technical readers and their rhetorical roles. *IEEE Transactions on professional communication*. 35(2):58-63.
- Coney, M. & Steehouder, M. 2000. Role playing on the web: Guidelines and evaluating personas online. *Technical communication*. 47(3):327-340.
- Cooper, A. 1999. *The inmates are running the asylum*. Indianapolis, In: McMillan Computer Publishing.
- Den Boer, D.J., Bouwman, H., Frissen, V. & Houben, M. 1994. *Methodologie en statistiek voor communicatie-onderzoek*. Houten/Diegem: Bohn Stafleu Van Loghum.
- Dorrington, R., Bradshaw, D., Budlender, D. & Bourne, D. 2002. The current state and future projections of the HIV/AIDS epidemic in South Africa. *South African Dental Association*. 57(11):449-450.

Drop, W. 1983. *Instrumentele tekstanalyse*. Groningen: Wolters-Noordhoff.

Gibson, W. 1950. Authors, speakers, readers and mock readers. *College English*. 11:265-269.

Gommers, W. 2004. *The influence of photographs on the effects of a fear appeal brochure promoting safer sex in South Africa*. Katholieke Universiteit Nijmegen, Nijmegen [Intyds]. Besikbaar: <http://www.epidasa.org/publications.html> [2004, 23 Junie].

Hyperdictionary. 2000. [Elektroniese woordeboek]. S.v. "rhetoric". Besikbaar: <http://www.hyperdictionary.com/dictionary/rhetoric> [2003, 14 November].

Lentz, L. & Pander Maat, H. 1993. *Wat mankeert er aan die tekst? De evaluatie van voorlichtingsteksten over subsidieregelingen*. Amsterdam: Thesis.

Maes, F., Ummelen, N. & Hoeken, H. 1996. *Instructieve teksten: Analyse, ontwerp en evaluatie*. Bussum: Dick Coutinho.

Ong, W. 1975. The writer's audience is always a fiction. *Publications of the modern language association for America*, 90:9-21.

Pander Maat, H. 1994. Van tekstfuncties naar teksteisen. *Tijdschrift voor Taalbeheersing*, 16(3):212-226.

Pander Maat, H. 2002. *Tekstanalyse: Wat teksten tot teksten maakt*. Bussum: Coutinho.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). 2002. *Household Survey 2002*. Human Sciences Research Council Publishers [Intyds]. Besikbaar: <http://www.hsrepublishers.co.za.hiv.html> [2005, 30 Maart].

Smith, Tanya. 2003. *What Connection does Rhetorical Theory have to Technical & Professional Communication?* [Intyds]. Besikbaar: <http://www.ucalgary.ca/~smit/theory.htm> [2003, 9 Oktober].

Steehouder, M. 1997. Author and reader in instructions for use: The effectiveness of instructions, in A. Morris (red.). *Crossroads in communication: Proceedings IPCC*. Piscataway, NJ: IEEE. 97:77-90.

Steiner, C. [S.a.]a. *Core Concepts of a Stroke Centered Transactional Analysis*. [Intyds]. Besikbaar: <http://www.emotional-literacy.com/core.htm> [2004, 21 Februarie].

Steiner, C. [S.a.]b. *TA made simple*. [Intyds]. Besikbaar: <http://www.emotional-literacy.com/tasimp.htm> [2004, 21 Februarie].

Steiner, C. 2000. *A Compilation of Core Concepts of Transactional Analysis*. [Intyds]. Besikbaar: <http://www.emotional-literacy.com/core.htm> [2004, 21 Februarie].

Ter Hoeven, C. 2002. Auteurs- en lezersrollen in wervende teksten: Drie deelstudies naar personae in Zuid-Afrikaanse bankbrochures. MA-tesis. Enschede, Nederland: Universiteit van Twente.

Transactional Analysis [Intyds]. 2002. Besikbaar: <http://www.changingminds.org/explanations/behaviors/ta.htm> [2004, 10 Maart].

Underwood, M. 2003. *Transactional Analysis* [Intyds]. Besikbaar: http://www.cultsock.ndirect.co.uk/MUHome/cshtml/ta/ta_adult.html [2004, 10 Maart].

Van Gorp, H., Ghesquiere, R., Delabatita, D. & Flamend, J. 1986. *Lexicon van literaire termen*. 3e uitgawe. Groningen: Wolters-Noordhoff.

Van Zyl, D.P. 1996. Afrikaanse gebruikskunde 178: Studiegids oor mediakunde. Klasnotas (Afrikaanse gebruikskunde 178). Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

